

**DIE TAAK VAN DIE HOOF
IN DIE PRIMÊRE SKOOL OM
OUERBETROKKENHEID TE OPTIMALISEER**

**HENDRIK HERMANN VAN DER LINDE
THOD.,B.A.,B.Ed.**

Skripsie voorgelê as gedeeltelike nakoming van die vereistes vir die graad

Magister Educationis

in

Onderwysbestuur

in die

Departement Vergelykende Opvoedkunde en Onderwysbestuur

van die

Fakulteit Opvoedkunde

aan die

Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys

Studeieleier: Prof. P.C. van der Westhuizen

Hulpleier: Prof. W. Postma

Potchefstroom

1993

BEDANKINGS

SOLI DEO GLORI

Graag wil ek my innige dank en waardering teenoor die volgende persone en instansies betuig:

- Prof. P.C. van der Westhuizen (studieleier) vir sy bekwame leiding en prof. W. Postma (hulpleier) vir sy konstruktiewe bydraes.
- Mev. Mentz van die Fakulteit Opvoedkunde (PU vir CHO) vir die verwerking en kontrole van die empiriese data.
- Peet van Rensburg Uitgewers vir die taalkundige en tipografiese versorging van die skripsie.
- Die Uitvoerende Direkteur van die Transvaalse Onderwysdepartement vir toestemming om die vraelys aan die verskillende primêre skole te stuur.
- Die Raad van Geesteswetenskaplike Navorsing vir die finansiële ondersteuning.
- Die volgende biblioteke: Ferdinand Postma-Biblioteek (PU vir CHO), TOD-biblioteek en die H.F Verwoerd-Biblioteek (RAU) waar ek vrylik navorsing kon doen.
- My vrou en kinders vir hulle ondersteuning en bystand tydens my studies.

INHOUDSOPGAWE

Bedankings	i
Lys van Figure en Tabele	viii
Opsomming	ix
Summary	x

HOOFSUK 1 : ORIËTERING	1
1.1 INLEIDING	1
1.2 PROBLEEMSTELLING	1
1.3 DOELWITTE VAN DIE NAVORSING	3
1.4 METODEDES VAN NAVORSING	3
1.4.1 Literatuurstudie	3
1.4.2 Empiriese ondersoek	3
1.5 AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK	4
1.6 TERREINAFBAKENING	5
1.7 HOOFSUKINDELING	5
1.8 SAMEVATTING	6

HOOFTUK 2 : FUNDERING VAN OUERBETROKKENHEID BY

OPVOEDENDE ONDERWYS	7
2.1 INLEIDING	7
2.2 DIE VERSKILLENDE SAMELEWINGSVERBANDE WAT MET DIE OPVOEDING VAN KINDERS GEMOEID IS	8
2.2.1 Oriëntering	8
2.2.2 Die huisgesin	8
2.2.3 Die kerk	8
2.2.4 Die skool	8
2.3 DIE RELIGIEUSE FUNDERING VAN OUERBETROKKENHEID	9
2.3.1 Oriëntering	9
2.3.2 Bybelse perspektiewe op ouerbetrokkenheid	9
2.3.3 Kerklike perspektiewe op ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys	10
2.3.4 Sintese	11
2.4 HISTORIESE GRONDE VIR OUERBETROKKENHEID IN SUID-AFRIKA	11
2.4.1 Oriëntering	11
2.4.2 Ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika	12
2.4.2.1 Ouerbetrokkenheid vanaf 1652-1795	12
2.4.2.2 Ouerbetrokkenheid vanaf 1795-1803	12
2.4.2.3 Ouerbetrokkenheid vanaf 1803-1806	12
2.4.2.4 Ouerbetrokkenheid vanaf 1806 tot 1910	12
2.4.2.5 Ouerbetrokkenheid vanaf 1910-1989	14
2.4.3 Sintese	15
2.5 JURIDIESE FUNDERING VAN OUERBETROKKENHEID	15

2.5.1	Oriëntering	15
2.5.2	Ouerbetrokkenheid op grond van ouerlike gesag	15
2.5.3	Ouerbetrokkenheid volgens die Gemeneereg	16
2.5.4	Sintese	20
2.6	OPVOEDKUNDIGE OORWEGINGS VIR OUERBETROKKENHEID	20
2.6.1	Oriëntering	20
2.6.2	Ouerbetrokkenheid by die opvoeding van hulle kinders	21
2.6.3	Sintese	23
2.7	OUERBETROKKENHEID AS 'N WÊRELDWYDE TENDENS	24
2.7.1	Oriëntering	24
2.7.2	Ouerbetrokkenheid in die Verenigde State van Amerika	24
2.7.3	Ouerbetrokkenheid in die Gemenebes van Onafhanklike State	26
2.7.4	Ouerbetrokkenheid in die Wes-Duitse Bondsrepubliek	26
2.7.5	Sintese	27
2.8	STRUKTURE VIR OUERBETROKKENHEID IN SUID-AFRIKA	27
2.8.1	Oriëntering	27
2.8.2	Nie-statutêre knoopstrukture tussen die skool en die gesin	28
2.8.3	Statutêre knoopstrukture tussen die skool en die gesin	29
2.8.4	Sintese	30
2.9	SAMEVATTING	32
HOOFSTUK 3 : 'N BESTUURSPERSPEKTIEF OP DIE TAAK VAN DIE HOOF OM OUERBETROKKENHEID TE OPTIMALISEER		33
3.1	INLEIDING	33

3.2	BESTUURSTAKE VAN DIE SKOOLHOOF	33
3.2.1	Die bestuur van oerbetrokkenheid	35
3.3	OUERBETROKKENHEID BY BEPLANNING	36
3.3.1	Oriëntering	36
3.3.2	Beplanning ten opsigte van oerbetrokkenheid	37
3.3.3	Doelstellings ten opsigte van oerbetrokkenheid	37
3.3.4	Die beleid ten opsigte van oerbetrokkenheid	38
3.3.5	Die oplossing van probleme ten opsigte van oerbetrokkenheid	39
3.3.6	Besluitneming	41
3.3.7	Sintese	42
3.4	OUERBETROKKENHEID BY ORGANISERING VAN SKOOLAKTIWITEITE	43
3.4.1	Oriëntering	43
3.4.2	Die organisasiestrukture vir oerbetrokkenheid	44
3.4.3	Delegering ten opsigte van oerbetrokkenheid	46
3.4.4	Koördinerings van oerbetrokkenheid	49
3.4.5	Sintese	50
3.5	OUERBETROKKENHEID BY LEIDINGGEWING	51
3.5.1	Oriëntering	51
3.5.2	Verhoudingstigting en oerbetrokkenheid	51
3.5.3	Motivering en oerbetrokkenheid	53
3.5.4	Kommunikasie	54
3.5.5	Sintese	58
3.6	OUERBETROKKENHEID BY BEHEERUITOEFENING	59
3.6.1	Oriëntering	59

3.6.2	Die doel van beheeruitoefening59
3.6.3	Die noodsaaklikheid van beheeruitoefening60
3.6.4	Metodes van beheeruitoefening60
3.6.5	Sintese61
3.7	SAMEVATTING62
 HOOFSTUK 4 : EMPIRIESE ONDERSOEK63
4.1	INLEIDING63
4.2	NAVORSINGSONTWERP63
4.2.1	Die vraelys63
4.2.1.1	Redes waarom 'n vraelys as meetinstrument verkies is63
4.2.1.2	Die struktuur van die vraelys64
4.2.1.3	Loodsondersoek65
4.2.1.4	Administratiewe prosedures65
4.2.2	Studiepopulasie en steekproef65
4.2.3	Statistiese tegniek66
4.3	INTERPRETASIE VAN DIE DATA67
4.3.1	Biografiese inligting67
4.3.2	Demografiese inligting68
4.3.3	Knoopstrukture tussen die skool en die gesin69
4.3.4	Ouerbetrokkenheid by die bestuur van die skool71
4.3.5	Wyses waarop hoofde ouerbetrokkenheid bevorder82
4.4	SAMEVATTING91

HOOFSTUK 5 : SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS	92
5.1 SAMEVATTING	92
5.2 BEVINDINGE	93
5.2.1 Bevindinge ten opsigte van Doelwit 1	93
5.2.2 Bevindinge ten opsigte van Doelwit 2	93
5.2.3 Bevindinge ten opsigte van Doelwit 3	93
5.2.4 Bevindinge ten opsigte van Doelwit 4	95
5.3 AANBEVELINGS	95
5.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING	96
5.5 SAMEVATTING	97
BRONNELYS	98
BYLAE 1	
Toestemmingsbrief van die Transvaalse Onderwysdepartement	107
BYLAE 2	
Begeleidende brief aan skoolhoofde, Afrikaans	110
BYLAE 3	
Begeleidende brief aan skoolhoofde, Engels	112
BYLAE 4	
Vraelys	114
BYLAE 5	
Questionnaire	126

LYS VAN FIGURE EN TABELLE

LYS VAN FIGURE

FIGUUR 2.1	
Die skakeling tussen die onderwys en ouers31

LYS VAN TABELLE

TABEL 4.1	
Vraelyste uitgestuur en terugontvang65
TABEL 4.2	
Biografiese inligting66
TABEL 4.3	
Demografiese inligting68
TABEL 4.4	
Knoopstrukture tussen die skool en die gesin70
TABEL 4.5	
Ouerbetrokkenheid by die bestuur van die skool72
TABEL 4.6	
Wyses waarop hoofde ouerbetrokkenheid bevorder83

OPSOMMING

DIE TAAK VAN DIE HOOF IN DIE PRIMÊRE SKOOL OM OERBETROKKENHEID TE OPTIMALISEER

Die doel van hierdie studie is om te bepaal watter fundering daar bestaan vir oerbetrokkenheid by skole, wat die bestuurstaak van die skoolhoofde ten opsigte van oerbetrokkenheid is, en in watter mate en op watter wyses ouers by skoolaktiwiteite betrokke is.

Skakeling en samewerking tussen die primêre opvoeders (die ouers) en die sekondêre opvoeders (die onderwysers) is noodsaaklik om onvolwasse kinders tot gebalanseerde volwassenes op te voed. Daarom is dit noodsaaklik dat skoolhoofde die bevoegheidsterreine van die ouers en onderwysers identifiseer en skakeling op die verskillende raakvlakke in die vennootskap tot voordeel van die opvoeding van die kinders uitbou en optimaliseer.

Oerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite is gefundeer op religieuse, historiese, juridiese, en opvoedkundige gronde en op die feit dat oerbetrokkenheid by skole 'n wêreldwye verskynsel is. In Suid-Afrika bestaan nie-statutêre en statutêre knoopstrukture waardeur ouers geleentheid gebied word om betrokke te raak by die bestuur van die skool.

Tydens die bestuur van die skole moet skoolhoofde vir ouers geleentheid skep om betrokke te raak by die beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening van skoolaktiwiteite, om sodoende oerbetrokkenheid te optimaliseer. Skoolhoofde moet alle skoolfunksies en individuele onderhoude met ouers so beplan, organiseer en kontroleer en ouers so lei dat oerbetrokkenheid daardeur bevorder word. Daarom is gesonde tweerigtingkommunikasie en positiewe interpersoonlike verhoudinge voorvereistes vir doelmatige oerbetrokkenheid.

Tydens die empiriese ondersoek is gevind dat skoolhoofde op verskillende wyses oerbetrokkenheid bevorder en dat die mate van oerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite verskil van skool tot skool.

SUMMARY

THE TASK OF THE PRINCIPAL IN THE PRIMARY SCHOOL TO OPTIMIZE PARENT INVOLVEMENT

The aims of this study are to determine what foundations exist for parent involvement at the schools, what the management tasks of principals with regard to parent involvement are and in what degree and to what extent do parents get involved at school activities.

Liaison and collaboration between the primary educators (the parents) and the secondary educators (the teachers) are essential to raise balanced adults. Therefore it is essential for school principals to identify the fields of competence of the parents and the teachers and to elaborate liaisons on the different point of tangency of the partnership to the progress of the children.

Parent involvement at school activities is founded on religious, historical, juridical and educational principles and on the fact that parent involvement at schools are a worldwide appearance. In South Africa non-statutory and statutory tie-statures exist where parents get the opportunity to get involved in the management of the school.

Whilst managing schools, principals have to create opportunities for parents to get involved in the planning, organising, guidance and controlling of school activities to promote parent involvement. School principals have to plan, organise, control and guide parents to promote parent involvement. Hence healthy two way communication and positive interpersonal relationships are conditions for effective parent involvement.

During the empirical investigation it was concluded that school principals have different ways in which they promote parent involvement and the degree of parent involvement differ from school to school.

HOOFSTUK 1

ORIËTERING

1.1 INLEIDING

Skoolhoofde moet so toegerus wees vir hulle bestuurstaak dat hulle ouerbetrokkenheid en die inspraak van ouers in die opvoeding van hulle kinders in die skool met gesag en selfvertroue kan bevorder.

1.2 PROBLEEMSTELLING

Die skool is nie 'n instelling wat geïsoleerd bestaan nie, maar dit is 'n ondersteunende instelling wat 'n belangrike skakel in die plaaslike gemeenskap uitmaak (Gorton, 1983: 443). Alhoewel die opvoeding die primêre en die Godgegewe verantwoordelikheid van die ouers is, het die kennisontploffing en die veranderende leefwêreld van die twintigste eeu daartoe gelei dat die hulp van gespesialiseerde onderwysers benodig is om die onvolwasse kind op te voed. Wat in die skool gebeur, raak die hele gemeenskap, want dit is die plek waar die kinders voorberei moet word om hulle plek in die gemeenskap as volwaardige burgers te betree (Liebenberg, 1985:137).

Daar moet op gelet word dat die jeug nie in twee afsonderlike opvoedende wêreldes, naamlik dié van die skool en dié van die ouerhuis, grootword nie, maar dat die twee interafhanklik is (Liebenberg, 1985:138). Daarom is dit belangrik dat die skool en die ouergemeenskap in die belang van die onvolwasse kind met wedersydse ondersteuning, vertroue en respek teenoor mekaar sal optree.

Die ouergemeenskap, wat slegs die ouers van die betrokke leerlinge van die skool insluit, is deur Wet 76 van 1984 (art. 2(1)(d)(vii)) die reg tot inspraak in die aktiwiteite van die skool verleen. Hierdie inspraak in onderwysaangeleenthede wat aan ouers verleen is, lei daartoe dat die skoolhoof se bestuurstaak ook die stigting van verhoudings met die ouers sal insluit (Barnard, S.S., 1986:365).

Die gebrek aan ouerbetrokkenheid by 'n skool kan aan verskeie redes toegeskryf word:

- Sommige skole moedig nie ouerbetrokkenheid aan nie, omdat ouerbetrokkenheid goeie beplanning, kontrole en opoffering van die onderwysers verg, en omdat ouerbetrokkenheid dikwels met probleme geassosieer word (Comer, 1986:444). ✓
- Sommige ouers is bang dat hulle kinders se swak prestasies 'n swak beeld van hulle sal skep (Ibid).
- Sommige ouers se daaglikse program maak nie vir die kinders se aktiwiteite voorsiening nie (Epstein, 1986:71). ✓
- Sommige ouers se betrokkenheid veroorsaak dissiplineprobleme, aangesien hulle as gevolg van hulle optrede en uitlatings die onderwyser se gesag ondermyn (Comer, 1986:444). ✓
- Daar kan nie op sommige ouers se hulp staatgemaak word nie, omdat hulle nie gereed by die aktiwiteite van die skool betrokke is nie.
- Die ouers is onbetrokke, omdat hulle die skool as 'n gespesialiseerde onderwys-inrigting beskou (Epstein, 1984:71).
- Sommige ouers toon nie altyd begrip vir die doelwitte van die onderwyser nie.
- Onbetrokke ouers lewer ongegronde kritiek (Maloy en Scribner, 1985:167).
- Die ouers wil as gevolg van finansiële redes nie betrokke raak nie (Anon, 1984:123).
- Ouers is om die verkeerde redes gewillig om te help, en onttrek dan indien hulle nie bevrediging vir hulle behoeftes vind nie.
- Dikwels stel ouers wat wel gewillig is om te help slegs in hulle eie kinders se vordering belang.

Die hoof moet daarom verskillende wyses vind waarop hy nie net die ouers by die skool betrokke kan kry nie, maar dit ook so kan implementeer dat hy die ouerbetrokkenheid tot voordeel van die skool en die leerlinge kan optimaliseer (Beale, 1985:213).

Die ouers moet as individuele ouers en as 'n groep by die aktiwiteite van die skool betrek word. Dit is noodsaaklik dat daar nie net eenrigtingkommunikasie tussen die skool en die gemeenskap bestaan nie. Daar moet 'n tweerigtingkommunikasiekanaal geskep word deur middel waarvan kennis en behoeftes dikwels uitgeruil kan word (Gorton, 1983:465-477).

Die hoof moet dus die reëlbare aktiwiteite van die skool, soos sportbyeenkomste, oueraande, modeluitstallings en uitvoerings so beplan, organiseer en lei dat dit opvoedende onderwys bevorder en ouerbetrokkenheid optimaliseer. Sodoende kan wedersydse respek en vertroue gekweek word (Clase, 1985:7; Walling, 1982:19-20).

Uit die voorafgaande blyk dit dat die navorsing rondom die volgende probleemvraag wentel:

Op watter wyse kan die hoof die ouers motiveer om meer by die skoolaktiwiteite in die belang van die opvoeding van die kinders betrokke te raak?

1.3 DOELWITTE VAN DIE NAVORSING

- Doelwit 1 : Die teoretiese fundering van ouerbetrokkenheid by die skool.
- Doelwit 2 : Die oorsigtelike beskrywing van die skoolhoof se bestuurstaak deur middel waarvan ouerbetrokkenheid geoptimaliseer kan word.
- Doelwit 3 : Die empiriese bepaling van die wyse en mate waarin ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite geoptimaliseer kan word.
- Doelwit 4 : Die daarstelling van riglyne vir die optimalisering van ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite.

1.4 METODEDES VAN NAVORSING

1.4.1 Literatuurstudie

Daar is van sowel primêre as sekondêre bronne gebruik gemaak word vir die versameling van relevante inligting op grond waarvan gevolgtrekkings gemaak kon word. 'n DIALOG-soektog met die volgende sleutelwoorde is onderneem: parent school relationships; parent participation; communication and family school relations; administrator's role in educational improvement.

1.4.2 Empiriese ondersoek

Die doel van die empiriese ondersoek was:

- om vas te stel op watter wyse en in watter mate ouerbetrokkenheid by die skole in die verskillende sosio-ekonomiese lae van die gemeenskappe bestaan, en
- om te bepaal watter metodes deur die verskillende skoolhoofde van die verskillende skole aangewend word om ouerbetrokkenheid by die skole te optimaliseer.

□ Die ontwikkeling van die vraelys

Die vraelys is saamgestel na aanleiding van vrae wat uit die versamelde literatuurinligting na vore gekom het.

□ Die teikenpopulasie

Nadat die skole in Johannesburg verdeel is volgens hulle samestelling en die sosio-ekonomiese vlakke van die gemeenskappe wat hulle bedien, is vyf-en-sestig skole as teiken vir die ewekansige steekproef gekies.

Nadat die Transvaalse Onderwysdepartement die nodige toestemming daartoe verleen het, is die vraelyste aan vyf-en-sestig primêre skole in Johannesburg gestuur (N=65).

Die inligting wat hierdeur verkry is, is rekenaarmatig verwerk.

1.5 AKTUALITEIT VAN DIE ONDERSOEK

Ouerbetrokkenheid is so aktueel dat daar voortdurend in die RSA en lande soos die VSA navorsing gedoen word oor die wyses waarop ouerbetrokkenheid bevorder kan word, of die invloed wat dit op die skool en die leerlinge het (Epstein, 1991:347-349; Solomon, 1991:359-362).

Alhoewel die navorsingsondersoek reeds voor die amptelike ontstaan van staatsondersteunde model C-skole op 1 Augustus 1992 afgehandel is, is die bevindinge van die navorsing steeds aktueel, aangesien die probleme van ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteit nog dieselfde is.

Baie van die knoopstrukture wat tydens die navorsing bestaan het, bestaan nog steeds by skole. Die nie-statutêre knoopstrukture, soos die OOV, funksie-, media-, sport-, kultuur-, snoepwinkel-, standerd- en klaskomitees, bestaan nog steeds en die probleme wat in verband met ouerbetrokkenheid ondervind is, kom nog steeds voor. Die statutêre knoopstrukture, naamlik die bestuursrade, is in bestuursliggame verander wat verdere magte en verantwoordelikhede verkry het. Die funksies wat voorheen deur die bestuursraad behartig is, is nou opgedra aan nuwe komitees, soos die bemarkings- en regscomitee of borgliggaam wat elkeen sy eie regte en magte het (RSA, 1988:70).

Die nuwe regte en magte van die komitees dra verder by tot die belangrikheid van die bestuurstaaak van die skoolhoofde om oerbetrokkenheid te optimaliseer (vergelyk 3.4.3 en 3.4.4).

Skoolhoofde is, ondanks die magte van die bestuursliggame, die gesagsfigure en verteenwoordigers van die uitvoerende direkteur van onderwys in die skool. Daarom moet hulle nog steeds in die uitvoering van hulle taak goeie verhoudinge met die gemeenskap skep. Daadwerklike oerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite word grootliks deur gesonde skool-gemeenskapsverhoudinge bevorder. 'n Skoolhoof behoort met die reël en aanbied van skool-gemeenskapsfunksies op so 'n wyse te beplan, organiseer, lei, kontroleer en kommunikeer dat hy oerbetrokkenheid sal bevorder (vergelyk Hoofstuk 3). Die wyse waarop die hoof sy bestuurstake verrig en met die ouergemeenskap kommunikeer, speel nog steeds net so 'n belangrike rol as voorheen en daarom is hierdie navorsing aktueel (vergelyk 3.4.5).

Die bevindinge van die empiriese navorsing sowel as die gevolgtrekkings en aanbevelings wat gemaak is, is aktueel, aangesien die probleme wat aangespreek word nog steeds relevant is (vergelyk Hoofstukke 4 en 5).

1.6 TERREINAFBAKENING

Daar is tydens die studie op die terrein van onderwysbestuur beweeg.

Oerbetrokkenheid kan as die betrokkenheid van ouers by die aktiwiteite van die skool gesien word.

Optimalisering kan as die bereiking van die hoogste of beste standaard omskryf word.

1.7 HOOFSTUKINDELING

- Hoofstuk 1 : Oriëntering.
- Hoofstuk 2 : Fundering van oerbetrokkenheid by die onderwys.
- Hoofstuk 3 : 'n Bestuursperspektief op die taak van die hoof om oerbetrokkenheid te optimaliseer.
- Hoofstuk 4 : Die empiriese ondersoek: Ontwerp, resultaat en gevolgtrekking.
- Hoofstuk 5 : Samevatting, bevindings en aanbevelings.

1.8 SAMEVATTING

In hierdie hoofstuk is

- die doelstellings en metodes van die navorsing oorsigtelik bespreek,
- 'n indeling van die hoofstukke verskaf, en
- die aktualiteit van die navorsing belig.

HOOFSTUK 2

FUNDERING VAN OUERBETROKKEHEID BY OPVOEDENDE ONDERWYS

2.1 INLEIDING

As gevolg van ouers en onderwysers se betrokkenheid by die opvoedende onderwys en onderrig van kinders, is dit noodsaaklik dat hulle as vennote tot voordeel van die kinders moet saamwerk (Stone, 1984:4-6).

In hierdie hoofstuk word die rol wat drie van die samelewingsverbande, naamlik die huisgesin, die kerk en die skool, in die opvoeding van kinders speel, bespreek.

Die volgende grondbeginsels, waarop ouers hulle betrokkenheid in die opvoedende onderwys van hulle kinders vestig, word bespreek:

- Ouers raak universeel om religieuse redes by die opvoeding van hulle kinders betrokke.
- Aangesien ouerbetrokkenheid 'n historiese verskynsel is, kan ouers op inspraak in die onderwys aandring.
- Kragtens wetgewing het ouers sekere regte en verpligtinge teenoor hulle kinders. Daardeur verkry ouers ook inspraak in die opvoedende onderwys wat hulle kinders ontvang.
- Ouers is die primêre opvoeders van hulle kinders, en daarom mag hulle besluit hoe hulle kinders deur sekondêre opvoeders opgevoed mag word.
- Ouerbetrokkenheid is 'n universele verskynsel. Deur ouerbetrokkenheid in onder andere die VSA, die USSR (nou die Gemenebes van Onafhanklik State) en die Wes-Duitse Bondsrepubliek te bespreek, word aangetoon dat ouers wel in ander lande ook op betrokkenheid by opvoedende onderwys aanspraak maak.

Die statutêre en nie-statutêre knoopstrukture wat tussen die skool en die gesin bestaan, word bespreek om aan te toon op watter wyse ouers in die RSA verteenwoordiging by opvoedende onderwys het.

2.2 DIE VERSKILLENDE SAMELEWINGSVERBANDE WAT MET DIE OPVOEDING VAN KINDERS GEMOEID IS

2.2.1 Oriëntering

Die samelewing bestaan uit verskillende verbande, soos die skool, die kerk en die huisgesin, wat soewerein optree, maar wat tog as gevolg van hulle noue skakeling verskeie knooppstrukture, soos bestuursrade, kerkrade en ouer-onderwysersverenigings, skep om samewerking tussen hulle te bevorder. Die samelewingsverbande is enkapties vervleg en dus onherleibaar tot mekaar of ook nie aan mekaar ondergeskik nie (Van der Walt et al., 1985:253).

Aangesien die huisgesin, die kerk en die skool die drie samelewingsverbande is wat die belangrikste rol in die opvoeding van kinders speel, word die opvoedingstaak van elkeen in oënskou geneem.

2.2.2 Die huisgesin

Daar is eers sprake van 'n gesin wanneer daar kinders uit die huwelik gebore word (Van der Walt et al., 1985:254). Die gesin is 'n unieke samelewingsverband, aangesien die gesin gefundeer is in die biotiese modaliteitsfunksie en gekwalifiseer word deur sy etiese roeping. Die ouerhuis is die eerste en ook die primêre ruimte waar kinders gebore, grootgemaak, versorg en opgevoed word (Postma, 1987:89; Van Schalkwyk, 1987:183). Christelike ouers is verplig om hulle kinders so op te voed dat hulle later as volwaardige, gebalanseerde volwassenes tot eer van God sal lewe (Postma, 1987:98-99; Liebenberg, 1985:137).

2.2.3 Die kerk

Daar word tussen die sigbare en die onsigbare kerk onderskei. Die onsigbare kerk is die kerk in sy bo-tydelike religieuse volheid, wat alle uitverkore gelowiges insluit. Die lede van die Christelike gesin, staat en skool is almal ook lede van die sigbare kerk op aarde (Van der Walt et al., 1985:268). Die opvoedingstaak van die sigbare kerk is om die boodskap van God op aarde te verkondig en uit te leef (Van Schalkwyk, 1987:191).

2.2.4 Die skool

Die skool is 'n eiesoortige histories-gefundeerde samelewingsverband wat vir die opvoedende onderwys, dus die ontsluiting van die logies-analitiese funksie van leerlinge,

gestig is (Postma, 1987:107; Liebenberg, 1985:82-89). Die onderwysers is die sekondêre opvoeders van kinders, en daarom is onderwys onlosmaaklik verbonde aan die opvoedingsdoelstellings van die Christelike ouerhuis (Postma, 1987:107).

Aangesien daar nie uiteenlopende opvoedende wêreld vir kinders mag bestaan nie, is dit noodsaaklik dat daar skakeling tussen die gesin en die skool moet bestaan (Van Schalkwyk, 1987:187). In die lig van die feit dat ouers en onderwysers elk hulle eie bevoegdheidsterreine het, is dit noodsaaklik dat hoofde hierdie terreine identifiseer en die skakeling op die verskillende raakvlakke in die vennootskap tot voordeel van die opvoeding van die kinders uitbou en optimaliseer (Van Schalkwyk, 1990:35).

2.3 DIE RELIGIEUSE FUNDERING VAN OUERBETROKKEHEID

2.3.1 Oriëntering

Die opvoeding van kinders is 'n geloofsdaad, aangesien die hele gevoels-, wils- en kenlewe, die sosiale en etiese sin, die standpunte oor en sin van beginsels, norme en waardes van die opvoeder en sy sedelike lewe deur sy geloofsoortuiging bepaal word. Christenouers het onvervreembare, Godgegewe verantwoordelikheid om hulle kinders so op te voed en te laat opvoed dat dit tot eer en verheerliking van God sal strek (Postma, 1987:98).

2.3.2 Bybelse perspektiewe op ouerbetrokkenheid

Aangesien die mens volgens Gen 1:26 na die beeld van God en as Sy verteenwoordiger op aarde geskape is, staan die Christen se hele lewe, insluitende sy gesag oor sy kinders en sy plig om hulle op te voed, onder die gesag van God. Ouergesag en die opvoedingsplig moet deur die Christen in die lig van die Bybel vertolk en uitgeleef word (Eloff, 1982:62; Van Schalkwyk, 1983:8). Christene baseer die opvoeding en onderrig van hulle kinders op die Bybel, want volgens 2 Tim. 3:16, 17 is die hele Skrif deur God geïnspireer en het dit groot waarde om:

- in die waarheid te onderrig,
- dwaling te bestry,
- verkeerdhede reg te stel, en
- om die regte lewenswyse te kweek.

Die Bybel vorm vir Christenouers die hoeksteen waarvolgens hulle hulle kinders wil voorberei en toerus om alle werk tot eer en verheerliking van God te verrig. Christenouers maak as gevolg van hulle geloofsoortuiginge aanspraak op die reg om toe te sien dat hulle kinders onder alle omstandighede in die lig van die Bybel opgevoed word (Postma, 1987:92).

In Deut. 6:6 en 7 word ouers daarop gewys dat hulle daarvoor verantwoordelik is om toe te sien dat hulle kinders in die lig van die Tien Gebooie onderrig en opgevoed word. Christenouers is dus verplig om toe te sien dat hulle kinders ook in die skool 'n Christelike opvoeding in ooreenstemming met die wet van God ontvang.

Volgens Matt. 18:6 en Mark. 9:42 moet alle opvoeders sorg dat hulle nie hulle kinders laat struikel nie, aangesien hulle almal verantwoording sal moet doen vir die opvoeding van die kinders wat aan hulle toevertrou is. Onderwysers en ouers moet volgens Ef. 6:1-4 en Fil. 3:9 saamwerk om die kinders wat aan hulle sorg toevertrou is, op te voed volgens die voorbeeld wat Christus aan hulle gestel het.

Deur Jesus Christus kry Christene ook 'n voorbeeld van 'n Christelike lewe en word hulle daartoe geroep om hulle kinders in hulle totaliteit op te voed, sodat hulle God met al hulle talente kan verheerlik (Van Schalkwyk, 1983:38). Ouerskap plaas die ouers, onderwysers en kinders in 'n onlosmaaklike verhouding teenoor mekaar en teenoor God (Duvenhage, 1984:34).

Die Christelike opvoedingsroeping, wat deur die Christelike kerk in die doopformulier toegelig en ondersteun word, verskaf aan die ouers die reg tot inspraak in die opvoedende onderwys (Doopformulier, 1976:112).

2.3.3 Kerklike perspektiewe op ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys

Luidens die huidige standpunte van die vier Reformatories-Afrikaanse kerke in die R.S.A. is ouers verplig om hulle kinders tot eer van God op te voed en te laat opvoed (Algemene Sinodale Kommissie, 1988:178, 203 en 215).

Die kerke verleen ook erkenning aan die ouers as primêre opvoeders van hulle kinders in die doopbelofte (Postma, 1987:90). Die ouers word deur die doopbelofte daartoe verbind om hulle kinders op 'n Christelike wyse op te voed en te laat opvoed (Algemene Sinodale Kommissie, 1988:178, 203 en 215). Ouers is dus geroepe om toesig te hou oor die gees en die rigting van die skool waar hulle kinders onderrig ontvang. Hulle

moet dus ook inspraak verkry oor die beginsels, norme en waardes wat daar gehandhaaf word sodat hulle kan sorg dat die skoolopvoeding van hulle kinders ooreenstem met hulle Christelike lewens- en wêreldbeskouing (Duvenhage, 1984:34).

Aangesien die verskillende kerke ook die inspraak van verskillende samelewingsverbande in die opvoeding van kinders erken, mag lidmate van kerke op outonome bestuursrade van skole dien en hulle invloed daar laat geld (Van Schalkwyk, 1983:40).

2.3.4 Sintese

Aangesien daar 'n deurlopende opvoedingspatroon tussen die kerk, die skool en die ouerhuis gevolg behoort te word, kan ouers en onderwysers van mekaar verwag dat hulle die kinders volgens die doopbelofte sal opvoed. Indien een van hierdie samelewingsverbande hulle plig versaak, lei dit tot verwarring van die kind en 'n swak afgeronde opvoeding (Schutte, 1984:569). Die Christelike opvoeders kan egter nie anders as om hulle "hartstoerusting", wat hulle hele lewens- en wêreldbeskouing omsluit, aan die kinders oor te dra nie. Ouers moet deur middel van hulle verteenwoordigers inspraak by die aanstelling van onderwysers hê om sorg te dra dat onderwysers aangestel word wat dieselfde Christelike beginsels ondersteun as hulle (Van der Walt et al., 1985:20; Liebenberg, 1986:136).

2.4 IIISTORIESE GRONDE VIR OUERBETROKKENHEID IN SUID-AFRIKA

2.4.1 Oriëntering

Postma (1987:127) wys daarop dat twee onversoerbare benaderings, naamlik die Calvinistiese en die liberaalgesinde benaderings ten opsigte van ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys, deurlopend van die volkstigting af tot vandag in Suid-Afrika gevind word. Omdat Christenouers die Christelike opvoeding van hulle kinders wou waarborg, is hulle gedwing om by die onderrig van hulle kinders betrokke te raak, en het hulle die liberaalgesinde benaderings tot die opvoeding die stryd aangesê. Aangesien die geskiedenis van Suid-Afrika as 'n eenheid benader word, word ouerbetrokkenheid in die Kaap, Natal, Vrystaat en Transvaal gelyktydig behandel.

Uit die volgende paragrawe, wat die verskillende tydperke en regeringsbewinde afsonderlik benader, sal die invloed van hierdie benaderings op ouerbetrokkenheid by die onderwys bespreek word.

2.4.2 Ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika

2.4.2.1 Ouerbetrokkenheid vanaf 1652-1795

Tydens die Nederlandse bewind was die skole onder die beheer van die plaaslike kerkrade. Alhoewel die kerk op sy beurt weer onder staatsbeheer was, kon ouers deur middel van kerkrade toesien dat hulle kinders Christelike opvoedende onderrig ontvang (Postma, 1987:126).

2.4.2.2 Ouerbetrokkenheid vanaf 1795-1803

Alle ouerbetrokkenheid het tydens die Eerste Britse Besetting verdwyn, aangesien onderwys onder die beheer van Die Raad van Skolarge was wat verantwoording aan die Goewerneur en Politieke Raad moes doen (Pistorius, 1970:275; Barnard, 1979:8).

2.4.2.3 Ouerbetrokkenheid vanaf 1803-1806

Tydens die bewind van De Mist was die staat alleen vir onderwys verantwoordelik. Sy bewind beweeg weg van die kerklike beheer na 'n sekulêre beheer waar ouers geen inspraak in die onderrig van hulle kinders het nie (Pistorius, 1970:279; Du Toit et al, 1982:34).

2.4.2.4 Ouerbetrokkenheid vanaf 1806 tot 1910

Tydens die Tweede Britse Besetting is die staat se aandeel in die onderwys verabsoluteer. Die ouers se aandeel in onderwys is in so 'n mate ontken dat die verengelsing en denasionaliseringsprogram tot die stigting van private skole gelei het (Postma, 1987:129).

Tydens die Groot Trek was die onderrig van kinders aan hulle ouers en aan die boerskoolmeester oorgeë. Ouers het verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders aanvaar, en het besluit waar, waarin en wanneer hulle kinders onderrig mag ontvang (Pistorius, 1970:290). Hulle het, waar moontlik, vir kort rukke van private onderwysers gebruik gemaak. Die staat of kerk het dus veral in Transvaal as gevolg van politieke en finansiële redes geen aandeel in die onderwys gehad nie (Postma, 1987:131).

In die Oranje-Vrystaat het ouers tydens die pioniersjare self die verantwoordelikheid vir die opvoedende onderwys van hulle kinders geneem (Coetzee, 1975:140).

In Natal was daar in 1845 nog nie sprake van formele skole nie, en kinders is tot op hierdie stadium deur ouers en rondtrekkende onderwysers onderrig. Ouers was dus ten volle verantwoordelik vir die opvoeding en onderwys van hulle kinders (Postma, 1987: 141). Van 1846 af tot 1855 is Natal as 'n deel van die Kaap regeer. 'n Beleid van gesentraliseerde onderwys is gevolg en ouerbetrokkenheid by opvoedende onderwys is dus misken (Ibid).

President Burgers het in 1874 gepoog om die onderwys in die Z.A.R. te nasionaliseer. Aangesien die Burgers-onderwyswet ook gepoog het om gedesentraliseerde kerklike beheer oor die onderwys met gesentraliseerde staatsbeheer te vervang, is gepoog om godsdiensoonderrig uit die skole te weer. Alhoewel die Burgers-wet aan die verkose plaaslike skoolkommissies meer regte oor die oprigting en instandhouding van skole en die reg om onderwysers aan te stel, verskaf het, het hulle geen reg gehad om hulle met die werksaamhede van die skole in te laat nie. Aangesien ouers se reg tot inspraak by die onderrig van hulle kinders ontken is, het ouers hulle kinders na private skole gestuur (Pistorius, 1970:302).

Tydens die aanvangsjare van die Vrystaatse Republiek het ouers verteenwoordiging geniet in skoolkommissies wat inspraak in die aanstelling van onderwysers gehad het. Hierdie magte van ouers is later ingekort toe kommissies deur die president aangestel is. Die ouers het hierdie reëling aanvaar, aangesien die regering dieselfde Christelik-nasionale lewensopvatting as hulle gehuldig het (Coetzee, 1975:140). Die ouers het egter geprotesteer toe die onderwysbeleid van Bresler na 1874 en dié van president Brand te liberaal geraak en ouerseggenskap in skole ontken het (Coetzee, 1975:140-152).

Tydens die Mansvelt-tydperk in die ZAR (1891 tot 1899) het ouers deur middel van kerkrade inspraak by die stigting van skole verkry. Verkose skoolkommissies het geen toesig oor die professionele optrede van die onderwyser gehad nie (Postma, 1987:135). Die ouers was egter tevrede met die toedrag van sake, aangesien hulle gevoel het dat die staat dieselfde Christelik-nasionale lewensopvatting as hulle nastreef (Ibid).

In die vier jaar van Britse bewind in die ZAR na die Eerste Vryheidsoorlog het predikante as inspekteurs van die skole waargeneem. Daardeur het die ouers indirek weer seggenskap oor die onderrig van hulle kinders verkry. Ouers kon toe ook self oor die medium van onderrig besluit (Pistorius, 1970:303).

Na die Eerste Vryheidsoorlog het ds. S.J. du Toit van die standpunt uitgegaan dat onderwys in die ZAR die saak van die kerk en die ouers was, en dat die staat, afgesien

van die finansiële verpligtinge, die Christelik-nasionale onderwys moes beskerm (Pistorius, 1970:304). Ouerbetrokkenheid het volgens Hattings (1978:40) in hierdie tydperk nie tot sy reg gekom nie, aangesien die ouers onkundig was en die staat die leiding moes neem.

Aangesien Lord Milner tydens die Anglo-Boere-oorlog 'n geleentheid vir die grootskaalse verengelsing van die boerejeug gesien het, is daar van die vroue in die konsentrasiekampe en van ingevoerde Engelse onderwyseresse gebruik gemaak om kinders in kampskole te onderrig. Die ouers het geen seggenskap oor die leerplan of leerinhoud gehad nie (Pistorius, 1970:314).

Die ouers het in reaksie op die verengelde onderwysstelsel van Milner en Sargent die CNO-skole gestig (Postma, 1987:136). In die CNO-skole het ouers seggenskap oor die aanstelling van onderwysers gehad en kon aandrang op gelyke regte van Engels en Hollands as voertaal (Pistorius, 1970:317).

As gevolg van die weerstand van die Afrikanerouers het Selborne en Smuts 'n meer gematigde onderwysbeleid gevolg (Postma, 1987:137). Lord Selborne het na 1905 reëlings getref om meer vryheid aan die Boere te skenk. Engels was hiervolgens verpligtend van Standaard 3 af. Ouers sou as gevolg van die Selborne-memorandum die reg hê om skoolkommissies te kies. Hulle het saam met skoolrade onderwysers gekeur en aangestel. Twee-derdes van die Adviserende Skoolrade, wat as skakel tussen die skoolkommissie en die Onderwysdepartement gedien het, is deur skoolkommissies verkies. Deur die Selborne-memorandum is daar nader aan die CNO-gedagte van ouerverteenwoordiging beweeg (Pistorius, 1970:318). Alhoewel daar aan die godsdienstvryheid en moedertaal van die kinders erkenning verleen is, het die Smuts-onderwyswet (RSA, 1907:25) die beginsel ontken dat ouers verantwoordelik is vir die opvoeding van hulle kinders, en dat hulle dus by die opvoedende onderwys van hulle kinders in die skole betrokke moet wees. Dit het tot die ouers se ontevredenheid oor die onderwysbeleid gelei.

2.4.2.5 Ouerbetrokkenheid vanaf 1910-1989

Met die Uniewording in 1910 is ouers hulle primêre seggenskap oor die skoolopvoeding van hulle kinders ontnem (Postma, 1987:148). Ouerbetrokkenheid is egter daarna herstel namate die verbondsouers aangedring het om betrokke te wees by die opvoedende onderwys van hulle kinders (Postma, 1987:150).

Die stryd van ouers en onderwysers om ouerbetrokkenheid weer te herstel, het tot verskillende onderwyswette gelei. In artikel 2 van die Nasionale Onderwyswet van 1967

(RSA. 1967:39) word erkenning aan die godsdiensvryheid van leerlinge verleen. Ouer-verteenwoordiging in die onderwys is deur middel van ouer-onderwyserverenigings, skoolkomitees en beheerrade bevestig.

Sedert 1982 onderskryf die huidige regering 'n demokratiese benadering tot onderwys waarin elkeen individueel en in groepsverband seggenskap het in besluite rakende onderwysbelange (Dekker, 1989a:27).

2.4.3 Sintese

Dit blyk duidelik uit die geskiedenis van ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika dat ouers by die opvoedende onderwys van hulle kinders betrokke was en wou wees.

2.5 JURIDIESE FUNDERING VAN OERBETROKKENHEID

2.5.1 Oriëntering

Elke samelewingsverband, daarom ook die gesin en die skool, het hulle gesag van God ontvang om 'n eie regstelsel, wat slegs vir hulle betrokke samelewingsverband geld, te skep (Van der Westhuizen, 1990:29).

Die Christenouer behoort sy kinders so op te voed dat hulle geborge vryheid binne die dissiplinêre maatreëls en onder die gesag van ander sal aanvaar (Liebenberg, 1985:137; Van Schalkwyk, 1990:21).

Aangesien God die absolute Gesagsdraer en Gewer van alle gesag is, behoort gehoorsaamheid en onderwerping aan gesagsdraers, wat daarna streef om tot Sy eer te regeer, 'n natuurlike handeling by alle Christene te wees (Schutte, 1984:564; Postma:1987:80).

2.5.2 Ouerbetrokkenheid op grond van ouerlike gesag

In die reg word bepaal dat ouers sekere regte en pligte met betrekking tot hulle kinders het. Die gesin word wetlik beskou as 'n soewereine nie-staatlike samelewingsverband, wat bevoeg is om op sy eie terrein reg te skep en toe te pas (Van Schalkwyk, 1983:40; Van Wyk, 1982:112).

Van Schalkwyk (1983:41) en Oosthuizen en Bondesio (1988:54 en 56) wys egter ook daarop dat die reg van ouers, nie volgens die Romeins-Hollandse reg voortspruit uit wette wat dit gebied nie, maar uit die reg wat ouers van nature oor hulle kinders het.

Aangesien elke gesin 'n liefdesgemeenskap is, word die handhawing van ouerlike gesag gekenmerk deur ouerlike liefde en die ouers se strewe om die kinders op te voed (Van Wyk, 1982:112; Postma, 1987:98).

Die grense van ouerlike gesag is beperk tot die gesinstruktuur, wat slegs die ouers en kinders insluit, terwyl die invloed van ouerlike gesag egter verder strek, aangesien hulle kinders die beeld wat tuis by hulle vasgelê is, verder uitdra (Van Wyk, 1982:112; Van der Vyver & Joubert, 1980:609).

Elke gesin het sy eiesoortige regsverhoudinge waardeur die lewe in die gesin gereël word, en daar bestaan vooraf-opgestelde reëls wat deur die gesinslede nagekom moet word (Oosthuizen & Bondesio, 1988:58). Die kinders word dus reeds in die gesin opgevoed om reëls na te kom en om gesag te aanvaar. Alhoewel hierdie reëls buigbaar en aanpasbaar is, word kinders tog gestraf indien hulle dit oortree. Hierdie straf dien egter nie as vergelding nie, maar is eerder 'n opvoedingsmiddel om die etiese reëls van die gesin by die kinders tuis te bring (Van der Walt et al., 1985:258).

Ouers het egter die reg en plig om hulle kinders te tug, in te gryp onder bepaalde omstandighede, en om gehoorsaamheid van hulle kinders te verwag (Prinsloo & Beckmann, 1987:52; Van der Vyver & Joubert, 1980:353).

Ouers is verder verplig om hulle kinders namate hulle groter word in die algemene reëls en wette wat by die skool geld te onderrig, sodat die kinders ook geborgenheid daar kan aanvaar (Botha et al., 1990:19). Daarom het ouers ook die reg om die skoolreëls, evalueringstegnieke en tugmaatreëls te bestudeer, te bevraagteken, en teenwoordig te wees indien beleidsbesluite daarvoor geneem word, mits hulle die soewereiniteit van die onderwysers in die skool respekteer en aanvaar (Henniger, 1987:227; RSA, 1990:36).

2.5.3 Ouerbetrokkenheid volgens die Gemeenereg

Die sentrale owerheid bepaal deur middel van wetgewing op watter wyse daar samewerking tussen die skool en die gesin moet bestaan, en die mate waarin ouers by die opvoedende onderwys betrokke mag raak (Van Wyk, 1982:114). Die aard, omvang en die juridiese

grondslag van ouergesag en inspraak in die onderwys word deur verskeie wette in die RSA bevestig (Prinsloo en Beckmann, 1987:37; Van Wyk, 1982:112-116; Van Schalkwyk, 1983:42).

In Engeland is daar byvoorbeeld in 1974 'n siviele wet van 1964 gewysig om skoolkinders in 'n groter mate teen diskriminasie op grond van geslag, ras of geloof te beskerm (Henniger, 1987:228). Net so is daar in die RSA voortdurend juridiese ondersoeke en wysigings van wette om die reg van kinders, ouers en onderwysers te bepaal.

Artikel 2(1)b van die Onderwyswet (RSA, 1967:39) bepaal dat die onderwys 'n Christelike karakter moet hê, maar dat die geloofsoortuiging van leerlinge gerespekteer moet word.

Artikel 2(1)h van die Onderwyswet (RSA, 1967:37) bevestig ook dat ouers deur middel van ouer-onderwyserverenigings, skoolkomitees, beheerrade, skoolrade of op ander wyses verteenwoordiging in die skool moet verkry.

Verskeie ander wetswysigings, soos byvoorbeeld die Witskrif van 1983, Wet 76 van 1984, die RGN-verslag oor "Onderwysvoorsiening in die RSA", Wet 70 van 1988 en die Bylae tot Wet 70 van 1988 bevestig die aktualiteit van ouerbetrokkenheid.

In die inleiding van die Witskrif oor Onderwysvoorsiening (RSA, 1983) word ouers saam met die georganiseerde samelewing en die staat medeverantwoordelik gehou vir die instandhouding van formele onderwysvoorsiening. Hierdie beginsel het in Artikel 2(1) van Wet 76 van 1984, die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys sake gestalte gevind (RSA, 1984:76). Aangesien ouers verantwoordelik gehou word vir die instandhouding van die formele onderwys, impliseer dit dat hulle ook inspraak in die onderwys moet verkry.

Ouers se inspraak in die onderwys word ook gereeld deur nuwe wetgewing bevestig. In paragraaf 6.2b(i) en (ii) van die Witskrif oor Onderwysvoorsiening (RSA, 1983) word die wenslikheid van ouerverteenwoordigende liggame op plaaslike vlak reeds aanvaar.

Hierdie inspraak van ouers in die onderwys is verder uitgebou toe daar in Artikel 5(1) van die Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid (1986) voorsiening gemaak is vir die verteenwoordiging van plaaslike ouerliggame op die tweede vlak (provinsiale vlak) van onderwysbestuur.

Volgens Artikel 42 van die Onderwyswet (RSA, 1988:70) mag kinders op versoek van ouers vir buitengewone onderwys gekeur word. Artikel 56 van dieselfde wet erken ook die ouers se reg om te appelleer teen beslissings oor die taal waarin hulle kinders onderrig mag ontvang.

Ouers word ook deur middel van wetgewing verplig om betrokke te raak by die opvoeding van hulle kinders. Artikel 104 van die Onderwyswet (RSA, 1988:70) bepaal dat ouers verantwoordelik gehou word vir die skoolbywoning van hulle skoolpligtige kinders. Indien ouers nie hulle opvoedingsplig teenoor hulle kinders nakom nie, kan hulle kinders volgens die Kindersorgwet (RSA, 1983:74) as sorgbehoewend verklaar word en selfs van die ouers weggeneem word.

Ouers se bevoegdheidsterreine en gesag is beperk. Volgens Van der Vyver en Joubert (1980:609) het ouerlike gesag hoofsaaklik betrekking op:

- die persoon van die kind,
- die boedel van die kind,
- die regshandel van die kind, en
- die benoeming van voogde vir die kind.

Ouers het die gesag oor die persoon van hulle kinders, wat aan hulle die reg gee om te besluit oor (Oosthuizen & Bondesio, 1988:56-58 en Van Wyk, 1982:113):

- watter skool hulle kind moet besoek,
- die soort opleiding wat hulle kinders moet ontvang,
- die metodes wat aangewend moet word om hulle op te voed,
- watter kerke hulle kinders mag besoek,
- watter soort Bybelonderrig hulle mag ontvang,
- die persone met wie hulle kinders bevriend mag wees, en
- die bedrywighede waaraan hulle kinders mag deelneem.

Alhoewel ouers volgens wet self mag kies na watter skool hulle hulle kinders wil stuur, beskik skoolrade volgens Artikel 52 van die Onderwyswet (RSA, 1988:70) oor die reg om kinders toelating tot hulle skole te weier.

Om onkunde of verwarring oor wetgewing rakende skoolaangeleenthede en ouerbetrokkenheid te voorkom, verskaf die verskillende onderwysdepartemente aan onderwysers deur middel van ordonnansies en handleidings leiding oor die toepassing van die beleid

van die sentrale regering. In 'n omsendbrief (TOD, 1991:7) word die praktiese implementering van die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) deur die Transvaalse Onderwysdepartement in Ieketaal verduidelik.

In die RGN-ondersoek "Onderwysvoorsiening in die RSA" (RGN, 1981:53) is aandag geskenk aan verskeie vraagstukke en leemtes in die onderwys. Daar is in Beginsels 1, 2, 3, 4, 5, 6 en 8 aanbevelings oor die medeseggenkap van ouers in die onderwys gemaak. Om die rol van ouerbetrokkenheid te bekragtig, is hierdie aanbevelings in verskeie wette vervat.

- Beginsel 1 wat in die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (RSA, 1967:39) opgeneem is, beveel aan dat almal op gelyke onderwys geregtig is. Ouers mag dus ongeag hulle ras, kleur, geloof of geslag op gelyke behandeling van hulle kinders in die onderwys aanspraak maak.
- Beginsel 2 wat erkenning aan die gemeenskaplikheid en diversiteit van die religie, kultuur en tale van die inwoners van die RSA verleen, is in die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) vervat.
- Die Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwys (RSA, 1984:74) maak voorsiening vir Beginsel 3 waarin daar positiewe erkenning aan die keusevryheid van die individu verleen word. Hierdeur verkry die ouers die keuse oor watter skole hulle kinders gaan besoek.
- Beginsel 4 wys daarop dat die onderwys, in die lig van die moontlike mannekragbehoefte van die RSA, op 'n opvoedkundig-verantwoordelike wyse gerig moet wees op die behoeftes van die individu, die samelewing, en die ekonomiese ontwikkeling van die land. Hierdie beginsel is in die Wet op die Nasionale Beleid op Algemene Onderwys (RSA, 1984:74), die Wet op Nasionale Onderwysbeleid (RSA, 1967:39) en die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) opgeneem.
- Beginsel 5 wat bepaal dat 'n positiewe verband tussen die skool en die ouers nagestreef moet word, word in die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) geordeneer deur die regulasies betreffende streek- en skoolrade.
- Beginsel 6 wat bepaal dat die ouers medeverantwoordelik is vir onderwysvoorsiening, en dat hulle dus ook inspraak in die verband moet geniet, word in die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) erken.
- In die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) word erkenning aan Beginsel 8 verleen. Hierdie beginsel verleen aan die ouers die reg om private skole te stig of hulle kinders daarheen te stuur.

Ouers het as gevolg van hierdie RGN-ondersoek en die daaropvolgende wetgewing meer seggenskap verkry in (Van Wyk, 1982:119):

- die finansiële sake van die skole,
- die aanstelling van onderwysers,
- die toelating van leerlinge, en
- die gees en rigting van die onderwys.

Die erkenning wat in die De Lange-verslag (RGN-Ondersoek van 1981) en die daaropvolgende wetgewing aan die rol van die ouers en gemeenskap in die skool verleen word, dui daarop dat ouerbetrokkenheid in die onderwys as 'n demokratiese en pedagogiese noodsaaklikheid beskou word (Dekker, 1989a:27).

2.5.4 Sintese

Alhoewel ouerbetrokkenheid juridies regverdigbaar is, kan ouer-onderwyservennotskappe slegs slaag indien albei partye kennis van die regsbeginsels het en hulle bereid is om mekaar te vertrou, te respekteer en saam te werk tot die beste voordeel van die opvoeding van die leerlinge in die skool.

Die volgende probleme, wat by skole mag bestaan, word deur middel van 'n vraelys ondersoek (vergelyk Hoofstuk 4):

- Die ouers is nie bewus van hulle regte as ouers nie (vergelyk Vraag 15).
- Die ouers ken nie die skoolreëls nie en word nie in die samestelling daarvan geken nie (vergelyk Vraag 14).

2.6 OPVOEDKUNDIGE OORWEGINGS VIR OUERBETROKKENHEID

2.6.1 Oriëntering

In 'n sosiaal-veranderende wêreld is dit noodsaaklik dat ouers en onderwysers as vennote saamwerk om die nodige geborgenheid ter bevordering van die opvoeding van die kinders te skep (Postma, 1987:207)

Die gesin is primêr 'n liefdesgemeenskap waarin kinders die nodige geborgenheid gebied word om tot 'n gebalanseerde volwassene te ontwikkel (Van der Walt et al., 1985:255;

Postma, 1987:99). Aangesien hierdie opvoedingsstaak nie deur die ouers alleen behartig kan word nie, word die ouers deur hulle liefde daartoe gedwing om te sorg dat die opvoeding van hulle kinders in die skool voortgesit word (Niemann, 1985:57; Heyns, 1986:8).

2.6.2 Ouerbetrokkenheid by die opvoeding van hulle kinders

Kinders word in die Christelike huisgesin opgevoed om mekaar te vertrou, te respekteer, lief te hê, en om sekere morele standaarde te handhaaf (Van der Walt et al., 1985:257). Indien hierdie opvoedkundige waardes in die huisgesin of by die skool geaffekteer word, sal die totale ontsluiting van die kinders daardeur benadeel word (Van Schalkwyk, 1983:29).

Die opvoedingspatroon wat by die huis gevolg word, sal die optrede van die groter gemeenskap beïnvloed (Ibid). In die geborgenheid van die liefdesgemeenskap in die gesin word die grondslag vir gesonde interpersoonlike verhoudinge gelê (Liebenberg, 1985:137), want in die milieu van die gesin word die kinders gelei om in liefde teenoor hulle naaste te lewe (Schutte, 1984:571). Indien hierdie Christelike norme nie in die skool gehandhaaf en gerespekteer word nie, sal die harmonie tussen die verskillende opvoedingswêreldes geskend word, wat daartoe sal lei dat die totale opvoeding van die kinders sal skade ly of misluk.

Dit is verder noodsaaklik dat ouers en onderwysers moet saamwerk, aangesien kinders tydens hulle verskillende ontwikkelingsfasies verskillende behoeftes ondervind en kinders slegs geborge kan voel indien ouers en onderwysers saamwerk om die behoefte gesamentlik aan te spreek (Kruger, 1984:6).

Volgens Liebenberg (1985:137) is die geborgenheid in die Christelike huisgesin en die skool noodsaaklik, aangesien kinders andersins nie hulle talente en beperkinge sal kan ontdek en aanvaar nie, en dus nie 'n gesonde en gebalanseerde selfbeeld sal kan ontwikkel nie. Indien die kinders met swak ontwikkelde selfbeelde die skole sou besoek, sou onderwysers probleme ondervind met onstabiele, onoplettende, onsosiale leerlinge (Van Schalkwyk, 1990:63-64).

Ouers en onderwysers mag verwag dat daar vir die kinders 'n gelukkige toekomsbeeld met behulp van bepaalde lewensdoelstellings geskep sal word (Van Schalkwyk, 1983:29). Samewerking tussen ouers en onderwysers is noodsaaklik indien hulle hulle kinders op 'n positiewe wyse wil leer om opdragte as hulle eie verantwoordelikheid te aanvaar en dit met die nodige erns, werkywer en integriteit te volvoer (Schutte, 1984:570).

Samewerking tussen ouers en onderwysers is noodsaaklik om die kinders in hulle totaliteit op te voed. Dit is noodsaaklik dat die onderwysers oor die nodige agtergrondskennis van elke kind beskik, om sodoende gedifferensieerde aandag aan die kinders te kan skenk (Van Schalkwyk, 1990:27). Aangesien onderwysers soveel kinders met soveel verskillende kwaliteite moet onderrig, gebeur dit dikwels dat al hierdie kwaliteite en belangstellings nie betyds geïdentifiseer en ontwikkel kan word nie (Van Schalkwyk, 1983:33). Nouer kontak tussen ouers en onderwysers lei daartoe dat onderwysers die optrede van kinders beter begryp (Postma, 1987:200). Aangesien onderwysers die eerste opgeleide opvoedkundiges en objektiewe waarnemers van ouer-kindverhoudinge en die kwaliteite van die kind is, behoort hulle probleemareas te kan identifiseer om aan die ouers die nodige leiding en advies hieromtrent te kan verskaf. Aan die ander kant kan ouers weer waardevolle inligting aan onderwysers verskaf, wat hulle as buitestaanders nie op 'n ander wyse te wete sal kan kom nie (Van Schalkwyk, 1983:34).

Dit is noodsaaklik dat daar 'n vertrouensverhouding tussen ouers en onderwysers bestaan sodat samewerking ten opsigte van die waarneming, identifisering, ontleding en regstelling van probleme wat mag ontstaan, gewaarborg kan word (Van Schalkwyk, 1983:25-30). Ouers en onderwysers moet dus ook die verskillende kulture erken en die kinders opvoed om dit te respekteer. Aangesien taal en kultuur 'n ineengeweepte kompleksiteit vorm, moet ouers poog om hulle kinders sover as moontlik in hulle moedertaal te laat onderrig. In die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) is hierdie reg van ouers om uitspraak oor moedertaalonderrig te lewer, bevestig.

Aangesien samewerking tussen die ouers en onderwysers noodsaaklik is om die kinders in hulle totaliteit op te voed, mag ouers as primêre opvoeders van die kinders, die volgende verwagtinge van onderwysers koester:

- Aangesien daar 'n deurlopende opvoedingspatroon tussen die huis en die skool gevolg behoort te word, mag ouers van onderwysers verwag om by die algemene gees, karakter en Christelike doelstellings van die gesin aan te sluit.
- Die skool moet dus slegs voortbou op die Christelike grondslag wat deur die ouers daargestel is (Van Schalkwyk, 1983:30; Schutte, 1984:569). Indien Christenouers hulle ouerlike plig versaak, behoort die Christenonderwyser voort te gaan om sy Christelike lewens- en wêreldbeskouing aan die kinders voor te hou as die ware norme vir gebalanseerde volwasseheid (Van der Walt et al., 1985:20).
- Ouers kan verwag dat die onderwysmetodes wat in die skool toegepas word nie met die lewensfilosofie van die gesin bots nie. Die Christengesin sal nie met

memoriseerwerk, dressering, drilwerk en indoktrinasie alleen tevrede wees nie (Van Schalkwyk, 1983:74).

- Ouers kan verwag dat die leerinhoude van die skool nie met hulle lewens- en wêreldbeskouing sal bots nie. Daarom sal Christelike ouers verwag dat geen liberalistiese, sosialistiese, kommunistiese of enige ander lewens- en wêreldbeskouing wat in stryd met hulle Christelike oortuigings is, aan hulle kinders geleer mag word nie (Postma, 1987:113; Van Schalkwyk, 1983:30).
- Die ouers sal ook verwag dat die skoolkurrikulum gefundeer sal wees op opvoedkundige beginsels wat by hulle Christelike lewens- en wêreldbeskouing aansluit (Van der Walt et al., 1985:265; Van Schalkwyk, 1983:68).
- Christenouers mag eis dat Christenonderwysers aangestel moet word wat gediferensieerde onderrig aan die kinders sal gee, en dat die standaard van die werk van so 'n gehalte sal wees dat die potensiaal van al die kinders ontsluit sal word, sodat die kinders later sinvolle loopbane sal kan volg (Van Schalkwyk, 1983:30).
- Die ouers mag reg en geregtigheid in die onderwys vir hulle kinders eis (Ibid).
- Alhoewel ouers regmatige beslissings oor die opvoeding van hulle kinders mag vel, en sekere verwagtinge van onderwysers mag koester, mag onderwysers van ouers verwag om nie die soewereiniteit van die onderwys te skend nie (Van der Walt et al., 1985:263).
- Aangesien samewerking tussen die ouers en onderwysers essensieel is vir die opvoeding van kinders, moet die werksaamhede van dié vennote gekoördineer word ten einde die beste resultate te bereik (Van Schalkwyk, 1990:39).

2.6.3 Sintese

Uit die voorafgaande kan daar dus tot die gevolgtrekking gekom word dat ouers daarop aanspraak kan maak dat 'n deurlopende opvoedingspatroon tussen die huis en die skool gevolg word. Dit noodsaaklik dat ouers by die skool betrokke raak, sodat hulle daarop kan aandring dat aan hulle regte uitvoering gegee word, sonder dat hulle die regte van onderwysers skend of hulle verhinder om hulle pligte te volvoer. Die samewerking tussen die primêre en sekondêre opvoeders van die kinders is noodsaaklik, sodat hulle as vennote die kinders tot gebalanseerde volwassenes kan opvoed.

Uit die voorafgaande literatuurverkenning blyk dit dat die volgende probleme, wat deur middel van die vraelys ondersoek word, by skole mag bestaan (vergelyk Hoofstuk 4):

- Daar word nie 'n oop-deur-beleid by die skool gevolg nie (vergelyk Vrae 13, 15, 21, 24 en 26).

- Daar word nie by die skool geleentheid geskep waartydens die ouers met opgeleide deskundiges kan kommunikeer nie (vergelyk Vraag 20).
- Ouers word nie geraadpleeg voordat daar oor die opvoedende onderwys van hulle kinders besluit word nie (vergelyk Vraag 31).

2.7 OUERBETROKKENHEID AS 'N WÊRELDWYSE TENDENS

2.7.1 Oriëntering

Waar ouerbetrokkenheid op 'n demokratiese wyse in die verskillende dele van die wêreld voorkom, kan die positiewe resultate daarvan as voorbeeld vir ouerbetrokkenheid in Suid-Afrika dien. In dié gedeelte word daar na ouerbetrokkenheid in die Verenigde State van Amerika, die Unie van Sosialistiese Sowjetrepublieke en Wes-Duitsland gekyk, aangesien daar in hierdie lande goeie voorbeelde bestaan van die mate waarin ouers deur die staat toegelaat word om hulle belange en verantwoordelikhede in die onderwys na te kom.

2.7.2 Ouerbetrokkenheid in die Verenigde State van Amerika

Aangesien die VSA as demokratiese leier in die Weste die regte van individue erken, word 'n beleid van gelyke onderwysgeleentheid vir almal in die VSA geïmplementeer (Postma, 1987:176).

Ouerbetrokkenheid word in die VSA as die reg van alle ouers beskou, en daarom bestaan daar, afgesien van die menige ouerverenigings wat ongeregistreerd by skole funksioneer, ook verskeie geregistreerde ouerverenigings wat die doelstellings van ouerbetrokkenheid bevorder (Theron & Van Staden, 1989:431).

In die VSA is ouers landwyd in die National Congress of Parents and Teachers georganiseer, wat op plaaslike vlak as die Parent-Teacher Association (PTA) werksaam is (Van Schalkwyk & Van Staden, 1989:15). Ouers, onderwysers, administratiewe skoolbeamptes en hoërskoolleerlinge mag lede van die Parent-Teachers Association (PTA) word (Postma, 1987:178). Ouers kan op hierdie wyse op plaaslike vlak inspraak oor die opvoeding van hulle kinders verkry (Theron & Van Staden, 1989:431).

PTA-distriksrade word saamgestel uit verteenwoordigers van die verskillende PTA-takke, wat feitlik by elke skool in die verskillende distrikte in die VSA bestaan. Op hierdie vlak kan ouers probleme wat in die hele distrik voorkom, hanteer (Postma, 1987:178).

Uit die PTA-distriksrade word die Nasionale PTA-raad saamgestel, wat met die Board of Education en State Department of Education skakel, sodat ouers as medebepalers van die onderwysbeleid optree (Ibid).

Die National Committee for Citizens in Education is 'n ouervereniging wat hulle vir die verbetering van onderwyskwaliteit beywer. Die ouers word op 'n deurlopende basis bedien met inligting in die vorm van brosjures, rolprente, handboeke, en 'n koerant onder die titel, *Network* (Theron & Van Staden, 1989:431).

'n Derde oerliggaam, die Committee for Full Funding of Education, beywer hulle vir die bedinging van die beste finansiële voordeel vir die onderwys (Theron & Van Staden, 1989:432).

Uit die ontleding van 'n aantal skrywers se artikels is dit duidelik dat ouers op verskeie terreine by die opvoeding van kinders betrokke is:

- Chrispeels (1991:370-371) en Burke (1985:836-843) wys daarop dat samewerking tussen ouers en onderwysers vir die leerlinge sekere voordele, soos beter begrip vir die kinders se probleme, inhou.
- Cattermole & Robinson (1985:48 - 49) en Solomon (1991:361) wys in hulle navorsing daarop dat ouers en leerlinge op verskillende wyses, byvoorbeeld deur middel van goeie kommunikasietodes soos nuusbriewe, by skole betrek kan word.
- Davies (1991:378-380) bring verskillende riglyne, soos persoonlike kontak wat tot suksesvolle oerbetrokkenheid bydra, onder die aandag van die PTA.
- D'Angelo & Adler (1991:350-354) en Warner (1991:372-375) wys op die belangrike rol wat goeie kommunikasie in die bevordering van oerbetrokkenheid speel.
- Epstein (1991:345-349) en Maloy & Scribner (1985:163-167) wys op die belangrike rol wat ouers in die besluitneming in die onderwys speel.
- Strom (1984:315-517) doen 'n beroep op ouers om meer by die akademiese vordering van hulle kinders betrokke te raak.

Dit is ook duidelik uit die skrywers se artikels oor oerbetrokkenheid dat:

- nie alle ouers betrokke is nie,
- daar verskillende standpunte oor die betrokkenheid van ouers is,
- ouers wel hulp by die opvoeding van hulle kinders verleen,
- ouers meer verantwoordelikheid vir die opvoeding van hulle kinders aanvaar as voorheen, en
- ouers meer seggenskap in onderwyssake wil hê.

Postma (1987:182) wys daarop dat ouers in die VSA dikwels in hulle poging om by die opvoedende onderwys van hulle kinders betrokke te wees, op die professionele terrein van die onderwyser oortree, en dat hierdie oorskryding van bevoegdheidsterreine tot wrywing tussen ouers en onderwyspersoneel bydra.

2.7.3 Ouerbetrokkenheid in die Gemenebes van Onafhanklike State (voormalige USSR)

In teenstelling met die VSA waar individualiteit beklemtoon word, was sosialisme in die voormalige USSR verabsoluteer (Barnard, 1984:151). Alhoewel daar meer aandag aan ouer-ouderwyserkontak gegee is, was die doelstellings van die onderwys in die voormalige USSR om die individu tot diens van die gemeenskap te ontwikkel. Daar het binne hierdie universalistiese opset geen ruimte vir individuele ontwikkeling bestaan nie (Truter, 1989:188 en 199).

Die taak en bevoegdheidsterreine van die ouerverenigings en onderwysers was duidelik omskryf. Elke skool het beskik oor 'n skoolkomitee, wat saamgestel was uit onderwysers, skoordokters en verteenwoordigers van die Kommunistiese Party en werkersverenigings.

Die skoolkomitees was verantwoordelik vir die interne organisasie van die skole (Barnard, 1984:154). Ouerverenigings was verantwoordelik vir fondsinsameling, verversings en skoolbywoning van leerlinge. Ouerkomitees was ook vir verskillende klasse benoem. Ouers moes volgens hulle inkomste bydra tot die instandhouding van plaaslike inrigtings (Barnard, 1984:156; Truter, 1989:201).

Ouerbetrokkenheid was in die voormalige USSR verpligtend, maar ouers het geen inspraak in die opvoedende onderwys wat hulle kinders gehad nie (Truter, 1989:192; Barnard, 1984:154-158). Die huidige politieke veranderinge in Rusland het die hoop vir 'n nuwe benadering tot die opvoedende onderwys laat ontstaan.

2.7.4 Ouerbetrokkenheid in die Wes-Duitse Bondsrepubliek

Onderwysbeheer in die Wes-Duitse Bondsrepubliek is gedentraliseer, en sterk klem word op ouerbetrokkenheid en -verantwoordelikheid gelê (Barnard, 1984:139; Dekker, 1989b:41).

Ouers en selfs leerlinge kan tot op die hoogste regeringsvlak oor die opvoedende onderwys onderhandel (Postma, 1987:183; Barnard, 1984:138-139). Ouers in al 11 state (länder) van die Bondsrepubliek het sedert 1981 op alle vlakke van opvoedende onderwys inspraak oor die opvoeding van hulle kinders (Postma, 1987:183).

In Duitsland word ouerbetrokkenheid op die volgende vlakke aangetref (Dekker, 1989b:69; Barnard, 1984:139 en Postma, 1987:185):

- Die klas-ouerkomitees.
- Die skool-ouerkomitees.
- Die distrik-ouerkomitees.
- Land-ouerkomitees.
- Die Bund-ouerkomitees.

Dit is duidelik dat daar in die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland van plaaslike vlak af tot op sentrale owerheidsvlak goed georganiseerde ouerverteenwoordigende liggame bestaan (Postma, 1987:185; Dekker, 1989b:69).

2.7.5 Sintese

Alhoewel die regte van ouers, as die primêre opvoeders van hulle kinders, in die USSR in 'n groot mate misken word, word dit in die VSA en die Bondsrepubliek van Wes-Duitsland erken. Ouers moet gemotiveer word om in 'n groter mate by die opvoedende onderrig van hulle kinders betrokke te raak. Ouers moet egter daarteen waak dat hulle betrokkenheid nie net tot finansiële bydrae beperk bly nie, want dan sal hulle invloed nie beter wees as die ouers in die USSR nie.

Om in 'n sosiaal-veranderende wêreld die nodige geborgenheid ter bevordering van die opvoeding van die kinders te skep, is dit noodsaaklik dat die werksaamhede van ouers en onderwysers gekoördineer word, sodat die beste resultate bereik kan word.

2.8 STRUKTURE VIR OUERBETROKKENHEID IN SUID-AFRIKA

2.8.1 Oriëntering

Ouersamewerking word vandag as 'n demokratiese en pedagogiese noodsaaklikheid beskou (Dekker, 1989a:27; Barnard, 1990:422-425). Ouers word as die primêre opvoeders van hulle kinders erken, en daarom word veral op die derde onderwysbestuursvlak erkenning aan ouerbetrokkenheid-in-organisasie verleen (Barnard, 1982:2151; Van Schalkwyk, 1983:50).

Om ouerbetrokkenheid te optimaliseer, word die ouergemeenskap deur verskillende ouerliggame verteenwoordig. Hierdie ouerliggame verteenwoordig op 'n georganiseerde wyse

die ouergemeenskap vanaf die plaaslike tot op die sentrale onderwysbestuurvlakke (Barnard, 1990:441; Van Schalkwyk, 1990:89).

2.8.2 Nie-statutêre knoopstrukture tussen die skool en die gesin

Alhoewel die nie-statutêre ouerliggame op plaaslike vlak ondergeskik is aan die statutêre ouerliggame, speel hulle 'n baie belangrike rol in die uitvoering van die amptelike bestuursliggame se pligte, en daarom is samewerking tussen die statutêre en die nie-statutêre ouerliggame noodsaaklik om oerbetrokkenheid te laat slaag.

Plaaslike erkende nie-statutêre Afrikaanse ouerverenigings, soos die TAO en TEMPA, moet in elke skool saamgestel word om die volgende funksies te verrig (TAO, 1989:1-3):

- Hulle is mede-bepalers van die gees en rigting van die skool en moet kontrole daarvoor hou.
- Hulle moet hulle beywer vir samewerking tussen ouers en onderwysers.
- Hulle moet behulpsaam wees met die inisiëring en uitvoering van take soos fonds-insamelingprojekte, terreinverfraaiing, verskaffing en instandhouding van fisiese fasiliteite, kulturele aktiwiteite, ouersaamtrekke, voorligtings- en geestesweerbareidheidsgeleenthede en die vervoer van leerlinge.

Afgesien van hulle betrokkenheid op ander terreine by die skool, mag ouers direk met die onderwysers skakel om sake rakende hulle kinders te bespreek (Van Schalkwyk, 1990:92).

Die nie-statutêre ouerverenigings van die verskillende skole is geaffilieer by hulle provinsiale ouerverenigings, soos die Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging en die Kaapse Ouervereniging. Die verskillende ouerverenigings skakel op provinsiale vlak met die uitvoerende direkteure van die onderwys (TAO, 1989:2).

Die provinsiale ouerverenigings is by die Federasie van Ouerverenigings in Suid-Afrika geaffilieer. Die Federasie van Ouerverenigings in Suid-Afrika skakel met die Minister van Nasionale Opvoeding om sake van nasionale belang te bespreek (Van Schalkwyk, 1990:89).

Daar bestaan dus nie-statutêre ouerliggame deur middel waarvan ouers van die plaaslike vlak af tot op nasionale vlak met die onderwys kan skakel.

2.8.3 Statutêre knoopstrukture tussen die skool en die gesin

Alhoewel daar tans in Suid-Afrika geen statutêre oerliggame bestaan waardeur ouers op nasionale vlak verteenwoordig kan word nie, kan ouers in die volgende statutêre oerliggame verkies word om die ouergemeenskap vanaf plaaslike tot op provinsiale vlak te verteenwoordig (Ibid:89):

- Streeksouerrade word vir elke provinsie of streek verkies om alle gemeenskaplike onderwys- en opvoedingsaangeleenthede op hierdie vlak te hanteer. Die streeksraad onderhandel byvoorbeeld met die uitvoerende direkteur van onderwys en die onderwysverenigings oor die implementering van die onderwysbeleid (Suid-Afrika, 1990:2-4).
- 'n Skoolraad moet vir elke skoolraadsdistrik verkies word om alle gemeenskaplike onderwys- en opvoedingsaangeleenthede te hanteer. Die skoolrade onderhandel byvoorbeeld met die betrokke gebiedsuperintendent van onderwys en met onderwysverenigings oor die implementering van die onderwysbeleid in hulle betrokke gebied (Suid-Afrika, 1990:5-7).
- Ouers word deur bestuursrade en beheerrade op plaaslike vlak verteenwoordig (TOD, 1986:317). Die bestuursraad is die ouers se amptelike mondstuk (RSA, 1988:70) en moet alle sake wat op die welsyn van die skool betrekking het onder die aandag van die betrokke onderwysdepartement bring.

Alhoewel daar verskillende benaderings tussen die verskillende onderwysdepartemente bestaan, het die pligte en bevoegdhede van die verskillende beheerrade en bestuursrade voor 1 Augustus 1992 volgens Wet 70 van 1988 (Suid-Afrika, 1990:36-37) op die volgende sake betrekking gehad:

- Toesig oor die terrein en geboue. Instandhouding van die terreine en geboue was die verantwoordelikheid van die Departement.
- Die aanstelling van permanente onderwyspersoneel.
- Toesig oor die gedrag van onderwyspersoneel en die leerlinge.
- Die behandeling van ouers se verdoel.
- Raadgewing in verband met buitemuurse bedrywighede en fondsinsamelings.
- Advisering van die skoolraad oor vervoerskemas vir die leerlinge.
- Insaë in inspeksieverslae en aanbevelings.

Die pligte en bevoegdhede van bestuursliggame van staatsondersteunde model C-skole is vanaf 1 Augustus 1992 tot die volgende sake uitgebrei (RSA, 1988:no 70 & TOD, 1992:6-7):

- Die skool is 'n regs persoon en die bestuursliggaam vervul dieselfde funksies as 'n direksie van 'n maatskappy.

- Hulle is verantwoordelik vir die instandhouding van die geboue en die terrein.
- Hulle is verantwoordelik vir die onafhanklike bestuur van die skoolfondse, met dien verstande dat geouditeerde verslae deur onafhanklike ouditeure aan die Departement voorgelê word.
- Die bestuursliggaam het inspraak in die aanstelling van onderwysers en die bevordering of ontslag van onderwysers onderhewig aan die voorafverkreë goedkeuring van die minister.
- Die toelatingsvereistes vir leerlinge word deur die bestuursliggaam bepaal.
- Skoolgeld word deur hulle vasgestel.
- Die bestuursliggaam genereer fondse en ontvang donasies.
- Hulle bepaal die karakter en missie van die skool.
- Die bestuursliggaam mag ander komitees aanstel om hom met advies te bedien, of om funksies te verrig.
- Hulle bring sake wat op die welsyn van die skole betrekking het onder die aandag van die Departement, en doen aanbevelings in hierdie verband.¹

2.8.4 Sintese

Indien die belanghebbende partye nie deur die demokratiese beginsels van vennootskaplike medebepaling gelei word nie, verval die samewerking tussen skole en ouerrade in formalisme (Dekker, 1989a:27).

Die skakeling tussen die ouers, onderwysers, ouerverenigings en die bestuursraad moet voortdurend aandag geniet om misverstande te voorkom.

- Aangesien die bestuursraad toesig oor die terrein, geboue, meubels en uitrusting van die betrokke skool het, beteken dit dat die terrein- en herstelkomitees opdragte van die bestuursraad moet ontvang en aan hulle verslag sal moet doen.
- Aangesien bestuursrade volgens die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) die reg verkry het om voortaan die skooldrag van die skool te bepaal, sal die bestuursraad voortaan hierdie funksie moet vervul.
- Aangesien die beplanningskomitee vir uitgawes begroot, die finansiële komitee dit goedkeur, en die ouervereniging vir die fondsinsameling verantwoordelik is, kan dit tot misverstande en wrywing lei indien hierdie instellings nie hulle werksaamhede koördineer nie.


¹ Aangesien die empiriese ondersoek reeds in Januarie 1992 afgehandel is, sal verderaan steeds van die term *bestuursraad* gebruik gemaak word.

Die volgende probleme wat by die skool mag bestaan, word in die vraelys ondersoek (vergelyk Hoofstuk 4):

- Daar bestaan nie 'n ouer-onderwyservereniging nie (vergelyk Vraag 10).
- Die bestuursraad is nie bewus van hulle pligte nie (vergelyk Vraag 12).
- Die verskillende werkskomitees van die bestuursraad ontbreek (vergelyk Vrae 10 en 16).
- Daar bestaan nie skakeling tussen die bestuursraad en die nie-statutêre ouerliggame nie (vergelyk Vrae 13, 19 en 23).

Die skakeling tussen die onderwys en die statutêre en nie-statutêre ouerliggame kan volgens Van Schalkwyk (1990:90) grafies soos in Figuur 2.1 voorgestel word.

FIGUUR 2.1 DIE SKAKELING TUSSEN DIE ONDERWYS EN OUERS



2.9 SAMEVATTING

Na aanleiding van die regering se nuutste benadering tot blanke onderwys is dit noodsaaklik dat verantwoordelike ouerbetrokkenheid so uitgebou word dat die plaaslike Afrikaanse ouerverenigings en bestuursrade as vennote van die onderwysers sal funksioneer om die beste onderwys vir die kinders te verseker.

Die noodsaaklikheid van samewerking tussen die ouers en die skool berus op die volgende uitgangspunte:

- God het ouers as die primêre opvoeders van hulle kinders aangestel. Ouers kan egter as gevolg van die ontwikkeling van die samelewing nie die opvoedende onderwys van hulle kinders alleen behartig nie. Onderwysers tree daarom as die sekondêre opvoeders van die kinders op (vergelyk 2.2.2 en 2.4).
- Ouers en onderwysers moet albei erkenning verleen aan mekaar se bevoegdheids-terreine, waarbinne die beginsels van soewereiniteit en universaliteit in eie kring geld, sodat hulle nie op mekaar se kompetensierreine sal oortree nie en same-werking bevorder sal word (vergelyk 2.2 en 2.4).
- Die reg van ouers tot inspraak in die skool word deur die Bybel bevestig (vergelyk 2.3.2).
- Die kerk bevestig ook ouers se aanspraak op betrokkenheid in die opvoedende onderwys van hulle kinders (vergelyk 2.3.3).
- Ouers is juridies verplig om by die opvoeding van hulle kinders betrokke te wees (vergelyk 2.5).
- Opvoedkundig is dit noodsaaklik dat ouers inspraak in die opvoedende onderwys van hulle kinders in die skool moet hê (vergelyk 2.6).
- Ouers het in die geskiedenis van Suid-Afrika meestal aanspraak gemaak op hulle onvervreembare reg tot inspraak in die opvoeding van hulle kinders (vergelyk 2.4).
- Uit voorbeelde van ouerbetrokkenheid by skole in ander lande is dit duidelik dat ouerbetrokkenheid 'n positiewe internasionale verskynsel is, wat ook in Suid-Afrika geïmplementeer is en word (vergelyk 2.7).
- In Suid-Afrika is spesiale strukture geskep om ouerbetrokkenheid in die opvoedende onderwys te bevorder (vergelyk 2.9).

In Hoofstuk 3 word aandag geskenk aan die bestuurstaak van die skoolhoof om ouerbetrokkenheid te optimaliseer.

HOOFSTUK 3

'N BESTUURSPERSPEKTIEF OP DIE TAAK VAN DIE HOOF OM OUERBETROKKENHEID TE OPTIMALISEER

3.1 INLEIDING

Hierdie hoofstuk handel oor die hoofbestuurstake van die skoolhoof ten opsigte van ouerbetrokkenheid, naamlik beplanning, organisering, leidinggewing en beheeruitoefening. Alhoewel elkeen van hierdie bestuurstake afsonderlik bespreek word, moet in gedagte gehou word dat die bestuurstake interafhanklik van mekaar is en wedersyds insluitend is.

Aangesien skoolhoofde die leiding moet neem ten opsigte van die bevordering van ouerbetrokkenheid by die skool, word daar veral gelet op daardie bestuurstake van die skoolhoof wat 'n invloed op ouerbetrokkenheid het.

3.2 BESTUURSTAKE VAN DIE SKOOLHOOF

Die vereistes vir skoolhoofde het die afgelope dekade heeltemal verander. Waar die klem vroeër op die hoof se bekwaamheid as onderwyser geval het, word daar nou van hom verwag om 'n bekwame bestuurder te wees. Hy moet ten minste oor die nodige tegniese, konseptuele en mensvaardighede beskik om suksesvol bestuursleiding aan die onderwysers, leerlinge en ouers te kan bied (Sergiovanni & Starratt, 1983:15).

Onderwysbestuur kan omskryf word as die bepaalde soort werk van skoolhoofde wat bestaan uit daardie reëlbare take wat in vasgestelde reëlingsareas uitgevoer moet word ten einde opvoedende onderwys te laat plaasvind (Van der Westhuizen, 1990:56).

Uit die omskrywing van onderwysbestuur blyk dit dat daar twee sake van belang is, naamlik reëlbare take en reëlingsareas of bestuursareas. Die volgende reëlbare bestuurstake word onderskei (Van der Westhuizen, 1990:46-47):

- Beplanning.
 - Doelstellings.
 - Beleidmaking.
 - Besluitneming.
 - Probleemoplossing.

- Organisering.
 - Organisasieskepping.
 - Delegering.
 - Koördinerings.

- Leidinggewing.
 - Verhoudingstigting.
 - Motivering.
 - Kommunikering.

- Beheeruitoefening.
 - Evaluering.
 - Korrektiewe optrede.

Die volgende reëlingsareas of bestuursareas word onderskei (Van der Westhuizen, 1990:51):

- Personeelaangeleenthede.
- Leerlingaangeleenthede.
- Fisiese fasiliteite.
- Inligtingverskaffing.
- Finansiële aangeleenthede.
- Skool-gemeenskapsverhoudinge, wat alle ouers insluit.
- Klaskamerbestuur.

Skoolhoofde kan aan die hand van die verskillende bestuurstake die bestuursareas, skoolgemeenskap en spesifiek die ouers so reël dat hulle betrokkeheid by die opvoedende onderwys geoptimaliseer kan word. In hierdie hoofstuk word slegs die skoolhoof se bestuurstaak ten opsigte van die optimalisering van ouerbetrokkeheid ondersoek.

3.2.1 Die bestuur van ouerbetrokkenheid

Die hoofde van skole is nie net die uitvoerders van 'n beleid nie, maar het ook seggenskap in eie reg, sodat hulle hulle beleid oor veranderlike faktore, soos ouerbetrokkenheid kan bepaal (Van der Westhuizen, 1990:60).

Beplanning, organisering, leidinggewing van en beheeruitoefening oor ouerbetrokkenheid is die taak van hoofde en verskillende komitees (Barnard, 1990:426). Aangesien hoofde hulle dikwels in die posisie bevind dat hulle in situasies betrokke raak wat sowel die skool as die ouergemeenskap raak, is dit noodsaaklik dat hulle oor die vermoë moet beskik om met mense te werk (Sergiovanni & Starratt, 1983:15).

Hoofde moet dus die ouergemeenskap kan peil, sodat hulle die skool so sal bestuur dat dit aan die verskillende verwagtinge van ouers sal voldoen (Kilian, 1990:55). Ouers koester die volgende verwagtinge van 'n skool (Clase, 1985:7; Walberg, 1984:400):

- 'n Hoë standaard moet gehandhaaf word.
- Daar moet dissipline en respek vir onderwysers wees.
- Daar moet goeie kommunikasie tussen die ouers en onderwysers bestaan en onderwysers moet werklik beskikbaar wees indien ouers hulle wil spreek.
- Geleenthede moet vir ouers geskep word om ander ouers en die onderwysers te ontmoet.
- Daar moet nie teen kinders gediskrimineer word nie, en ouers mag nie vir die mislukkinge van hulle kinders verkwalik word nie.
- Daar moet altyd akkurate en eerlike inligting aan die ouers verstrekkend word oor die vordering van hulle kinders.

Skoolhoofde het 'n invloed op die volgende aspekte van die skoolorganisasie, en daarom moet hulle dit so bestuur dat ouerbetrokkenheid daardeur bevorder word (Waters, 1983:15; Smith, et al., 1981:9):

- Die skoolgees.
- Die klimaat en gehalte van onderrig.
- Die vlak van professionaliteit.
- Die moreel van die personeel en die leerlinge.
- Die graad van besorgdheid oor die leerlinge.
- Die sukses van die skool.

Ouerbetrokkenheid kan ook suksesvol bevorder word indien daar te midde van heersende norme 'n oop en aangename skoolbestuursklimaat in die skool bestaan (Van der Walt et al., 1985:261).

3.3 OUERBETROKKENHEID BY BEPLANNING

3.3.1 Oriëntering

Beplanning is die teoretiese besinning oor die beleid, reëls, prosedures, strategieë, metodes, vaardighede en kundighede wat deur die skoolhoof onderneem word ten einde die opvoedkundige doelstellings deur middel van mense en middele te bereik (Marx, 1981:208).

Die beplanning van skoolaktiwiteite stel die beplanningskomitee, waarop die hoof, onderwysers en ouers sitting het, in staat om sy prioriteite vroegtydig te bepaal, sodat aandag aan die belangrike sake gewy kan word (Van der Westhuizen, 1990:143).

Tydens die beplanningshandeling volg die beplanningskomitee die volgende stappe (De Wet, 1981:47-48 en Van der Westhuizen, 1990:144):

- Hulle bepaal wat die nasionale, die provinsiale, die onderwys- en die skoolbeleid rakende die beplande aktiwiteite is.
- Die doelstellings van die skool word hierna geformuleer.
- Die hulpmiddels, benodigdhede en werksaamhede word in meetbare terme, soos tyd, mannekrag en apparaat uiteengesit.
- Inligting oor faktore wat die bereikbaarheid van die doelstellings kan beïnvloed, word ingesamel. Alternatiewe word vir beperkinge ondersoek en die haalbaarheid daarvan bepaal.
- Nadat die verskillende alternatiewe oorweeg is, word 'n geskikte plan van aksie daargestel.
- Die plan word hierna geëvalueer en op skrif gestel.
- Skriftelike pligstate word hierna vir die verskillende kontrolepunte saamgestel, waarin daar na die pligte, prosedures wat gevolg moet word en die verskeie werkers se verantwoordelikhede verwys word. Daar kan ook 'n kaart, waarop die werkers se posisie op die terrein aangedui is, aan hulle voorsien word. Die ouers en kontroleurs moet ook weet waar en by wie hulle watter apparaat kan kry.

3.3.2 Beplanning ten opsigte van ouerbetrokkenheid

Die beplanning van ouer-onderwyserverhoudinge en -werkzaamhede berus by die topbestuur van 'n skool (Barnard, 1990:426). Indien die skoolhoof ouerbetrokkenheid wil optimaliseer, is dit noodsaaklik dat hy ouers by die beplanning van skoolaktiwiteite betrek (Haddock, 1986:18).

Die behoeftes van die skool vorm die missie van die bestuursraad. Die bestuursraad en die ouervereniging se funksionering moet so deur die hoof beplan word dat komitees, soos die beplannings-, finansiële, en mediakomitees by alle beplanning rakende hulle gebiedsveld betrek word (Beale, 1985:214). Waar dit moontlik is, moet hierdie pligte ook binne die belangstellingsveld van die lede val. Dit sal daartoe lei dat die betrokke ouers hulle in 'n groter mate met die taak sal assosieer en verantwoordelikheid vir die skoolaktiwiteite sal aanvaar. Tydens die beplanning van aktiwiteite moet die onderskeie take of pligte van die ouers en die onderwysers so beplan en omskryf word dat die moontlikheid van misverstande of konflik tot die minimum beperk word, en hulle nie buite hulle bevoegdheidsarea sal optree nie (Van Loggerenberg, 1985:2).

Goeie beplanning lei tot gesonde ouer-onderwyserverhoudinge, terwyl swak beplanning tot ondoeltreffende verhoudinge lei (Barnard, 1990:426).

3.3.3 Doelstellings ten opsigte van ouerbetrokkenheid

Die doelstellings is eintlik 'n omskrywing van die eindresultate wat deur die bestuursraad bereik wil word. Die doelstellings vir ouerbetrokkenheid is die volgende (Barnard, 1990:426 en Van Schalkwyk, 1987:252):

- Die bekendstelling van die positiewe eienskappe van die skoolwerkzaamhede aan die ouers ten einde trots en ondersteuning vir die skool te bevorder.
- Die interpretering en verduideliking van die skool se sterk en swak kenmerke met betrekking tot prestasieareas, sodat die ouers 'n beter begrip van die werkzaamhede van die skool kan kry en as gevolg daarvan die skool daadwerklik sal ondersteun.
- Die opwek van die ouers se vertroue en belangstelling in die skool ten einde die ouers se ondersteuning van en deelname aan skoolaktiwiteite te verseker.
- Die rol en take van onderwysers, ouers en leerlinge toe te lig om volwaardige en bekwame vennote te kweek.

Alhoewel verskeie korttermyn doelwitte, soos fondsinsameling, oerbekendstelling, inligtingverskaffing en organisering van funksies van mekaar sal verskil, moet dit altyd by die langtermyn doelstellings aansluit. Die doel van die beplanning van oerbetrokkenheid voor en tydens funksies is om duidelike riglyne aan alle betrokke ouers te verskaf, sodat die gladde verloop van funksies gewaarborg kan word en samewerking en vertroue tussen die ouers en onderwysers uitgebou kan word. Tydens 'n fondsinsamelingsprojek sal die organiseerders byvoorbeeld poog om die grootste moontlike wins te toon. Vir 'n inligtingsaand daarenteen sal daar moontlik uitgewes aangegaan moet word om die inligting aan die ouers te verskaf.

3.3.4 Die beleid ten opsigte van oerbetrokkenheid

Die doelstellings van oerbetrokkenheid word as grondslag vir die beleid van die skool aanvaar. Die beleid omskryf dan die doelstellings in terme waarvan dit vir elke lid van die betrokke ouergemeenskap betekenis verkry (Barnard, 1990:427). Die bestuursraad moet vaste riglyne ontwerp, wat by die doelstellings van oerbetrokkenheid aansluit, sodat die optrede van ouers en die funksionering van komitees later maklik gekontroleer kan word (Ibid).

Aangesien nie alle ouers by die formulering van die skoolbeleid of die doelstellings van die komitees betrokke is nie, is dit noodsaaklik dat dit so opgestel word dat dit aan ouers breë riglyne sal verskaf om daardie doelstellings te bereik. Die skool mag byvoorbeeld van die ouers verwag om betrokke vennote in die opvoeding van hulle kinders te wees. Hulle moet nie net belangstel in hulle kinders se vordering nie, maar moet hulle finansiële in staat stel om hulle verpligtinge na te kom. Daar kan dus van ouers verwag word om by funksies wat deur die skool aangebied word, behulpsaam te wees (Liebenberg, 1985:137) (vergelyk 2.6).

Die geslaagdheid van die skoolbeleid ten opsigte van oerbetrokkenheid hang van gesonde interpersoonlike verhoudinge af. Ouers en onderwysers moet so gelei word dat hulle mekaar sal respekteer. Die onderwysers mag byvoorbeeld verwag dat ouers hulle nie as huurlinge moet beskou nie, maar as spesialiste op hulle gebied, en dat hulle professionele outonomie gerespekteer moet word (Nell, 1982:14). Hoofde moet dus die komitees lei dat hulle saam 'n beleid sal formuleer wat normatief is, en wat tot die ewewigtige opvoeding van die kinders sal lei (Van Schalkwyk, 1983:57).

Alhoewel die beleid ten opsigte van oerbetrokkenheid altyd konsekwent moet wees, mag dit nooit onbuigsam wees nie.

3.3.5 Die oplossing van probleme ten opsigte van oerbetrokkenheid

Probleemoplossing is 'n konstante komponent van beplanning van oerbetrokkenheid (Barnard, 1990:427). Dit bestaan uit twee handelinge:

- Die identifisering van probleme.
- Die formulering van oplossings vir probleme.

Nadat moontlike oplossings vir 'n probleem deur die komitees gevind is, moet dit geëvalueer word sodat die oplossing deur die bestuursraad gebruik kan word om die probleem op te los.

Hoofde wat gesonde interpersoonlike verhoudinge bevorder en 'n oop-deur-beleid volg, sal as gevolg van die terugvoering wat hulle kry die verskillende probleme en behoeftes van die skoolgemeenskap maklik kan antisipeer (Robbins, 1984:374). Indien 'n hoof oor die voorkeure van die ouers twyfel, kan 'n vraelys aan die ouers uitgestuur word (vergeelyk 3.6.4). Die hoof is, as gevolg van sy kennis van die ouergemeenskap en die onderwysers, in staat om as bemiddelaar tussen ouers en onderwysers op te tree (Kruger, 1985:107).

Die volgende probleme wat ouers ondervind en wat veroorsaak dat hulle nie by die skool betrokke wil raak nie, kan opgelos word indien goeie kommunikasie-metodes en praktiese verhoudingstigting-metodes gebruik word (Vergeelyk 3.5.2 en 3.5.4):

- Die bestuurstyl van die hoof beïnvloed oerbetrokkenheid (Barnard, 1990:195). Die outoritêre houding van hoofde ontmoedig oerbetrokkenheid (Van Schalkwyk, 1983:18). 'n Demokratiese oop-deur-beleid bevorder oerbetrokkenheid (Wagstaff & Gallagher, 1990:109-114) (Vergeelyk 3.5.2).
- Indien die onderwysers alle inisiatief neem, demp hulle sodoende enige vorme van oerbetrokkenheid (Postma, 1987:209). Indien die onderwysers opgelei word om take aan ouers te deleger, sal ouers ook later die inisiatief neem om nuwe bydraes te maak (Wagstaff & Gallagher, 1990:109-114; Van Schalkwyk, 1990:107).
- Ouers voel huiwerig om by skole betrokke te raak, aangesien hulle dit as die gespesialiseerde taak van die onderwysers beskou (Epstein, 1984:71). Die hoof moet die ouers gereed wys op die rol wat hulle in die opvoedende onderwys vervul (vergeelyk 3.5.4).
- Sommige ouers is tevrede solank skole in hulle onmiddellike materiële behoeftes voorsien en bekommer hulle nie oor die gees en rigting van die skool nie (Postma, 1987:210). Dit is noodsaaklik dat ouers positiewe, sowel as negatiewe inligting ontvang, sodat hulle 'n gebalanseerde beeld van die skool sal kry (vergeelyk 3.5.2).

- Onaangename ervarings tydens hulle skooljare beïnvloed sommige ouers om negatief te reageer teenoor enige vorm van betrokkenheid by 'n skool (Ibid). Indien sulke ouers met die nodige respek behandel word, sal hulle positief teenoor die skool optree (Barnard, 1990:431) (vergelyk 3.5.2).
- Sommige ouers wil nie betrokke raak nie, aangesien hulle bang is dat hulle met die swak prestasies van hulle kinders geassosieer sal word (Comer, 1986:444). Wedersydse respek en openhartige kommunikasie behoort die ouers se vertroue te wen (vergelyk 3.5.4).
- Swak sosio-ekonomiese omstandighede tuis dra daartoe by dat ouers minderwaardig voel en geen of min belangstelling in en deelname aan skoolprojekte toon (Postma, 1987:210). Die skoolhoof kan hierdie ouers by die skool betrek deur hulle te respekteer en in hulle belang te stel (vergelyk 3.5.2).
- Sommige ouers wil nie by die skool betrokke raak nie, aangesien hulle bang is dat dit 'n verdere finansiële las sal meebring (Comer, 1986:71). Die skoolhoof sal dié probleem besweer deur die finansiële begroting openhartig met die ouers te bespreek (vergelyk 3.5.4).
- Die fisiese voorkoms van verwaarloosde skoolgeboue en -terreine skrik ouers af (Postma, 1987:210). Die bestuursraad en ouers van model C-skole moet die geboue en terrein in stand hou (vergelyk 3.5.4).
- Ouers wat probleme ondervind om in 'n snelveranderende wêreld aan te pas, voel onseker oor watter eise die samelewingstrukture aan hulle stel (Ibid). Vir hierdie ouers is die skool nog 'n nuwe struikelblok. Indien hoofde die skool se jaar- en kwartaalprogram betyds aan die ouers verskaf, sal dit die probleem oplos (vergelyk 3.4).
- As gevolg van die aanwesigheid van bepaalde faktore in die moderne samelewing, soos werkende ouers, enkel-ouer of die afwesige vader en sommige professionele moeders, ruim sommige ouers nie die tyd in om by die skool betrokke te raak nie (Postma, 1987:210). Goeie kommunikasie en simpatieke maatreëls sal hierdie ouers se betrokkenheid bevorder (vergelyk 3.5.2).
- Sommige ouers voel dat dit die staat se plig is om Christelik-nasionale onderwys te voorsien (Postma, 1987:211). As gevolg van die jongste veranderinge in Suid-Afrika sal ouers in 'n groter mate verantwoordelikheid vir die onderwys moet aanvaar (Dekker, 1989a:30 en Maree, 1991:1). Goeie kommunikasie sal hierdie probleem oplos (vergelyk 3.5.2 en 3.5.4).

Quer-tot-ouer-ondersteuning versterk die samehorigheidsgevoel van die ouers en kan oerbetrokkenheid by die skoolaktiwiteit optimaliseer. Ouers moet dus positief beïnvloed word, sodat hulle die ander ouers positief kan beïnvloed (Wagstaff & Gallagher, 1990:113).

Hoofde kan verder ondervind dat die negatiewe gesindheid van onderwysers soms betekenisvolle oerbetrokkenheid bemoeilik (Van Schalkwyk, 1983:16; Postma, 1987:211). Hierdie probleem kan die hoof oplos deur die onderwysers op te lei om ouers te hanteer, en deur enige aktiwiteit waarby ouers en onderwysers betrokke is, so te beplan dat elkeen weet watter rol hulle moet vervul (vergelyk 3.3.2).

Aangesien onderwysers spesialiste op hulle gebied is, word dikwels aangeneem dat ouers onkundig is en dat hulle nie betrokke wil raak nie (Van Schalkwyk, 1983:17). Indien onderwysers opgelei word om die ouers volgens 'n ontwikkelingsprogram by die skoolaktiwiteite te betrek, sal ouers mettertyd self projekte kan hanteer (Wagstaff & Gallagher, 1990:113).

Aangesien ouers soms oningelig is oor hulle oerlike regte, benader hulle onderwysers verkeerd en word onderwysers dan valslik beskuldig. Dit lei daartoe dat onderwysers 'n weersin in oerbetrokkenheid kry (Postma, 1987:211). Indien die bestuursraad 'n prospektus kan saamstel waarin die skoolbeleid, die funksies van die verskillende komitees, oerregte en -verpligtinge uiteengesit word, behoort die probleem opgelos te word (vergelyk 3.5.2).

Ouers wat net in hulle kinders belangstel en hulle nie aan die onderwysbelange steur nie, skep by onderwysers die indruk dat hulle 'n pragmatiese en selfsugtige belangstelling in die onderwys het (Van Schalkwyk, 1983:17; Postma, 1987:211). Onderwysers is soms negatief gesind, omdat hulle van mening is dat ouers nie hulle kinders leer om die nodige respek aan onderwysers te toon nie (Ibid:212). Onderwysers voel soms ook meer- of minderwaardig teenoor ouers as gevolg van die ekonomiese of professionele status wat hulle beklee (Van Schalkwyk, 1983:17-18). Indien onderwysers meer kontak met ouers het, sal hulle vind dat ouers soortgelyke probleme met onderwysers ondervind. Dergelike misverstande kan slegs deur kommunikasie opgelos word (Barnard, 1990:453).

Misverstande en konflikte is normale verskynsels in enige vorm van samewerking. Solank die ouers en onderwysers mekaar net met die nodige agting en respek behandel, kan daar egter baie voordele aan oerbetrokkenheid verbonde wees (Wagstaff & Gallagher, 1990:113).

3.3.6 Besluitneming

Aangesien besluite oor bepaalde doelwitbereikings deurlopend tydens die verskillende stadia van beplanning geneem moet word, omsluit besluitneming al die bestuurstake (Van der Westhuizen, 1990:41). Die hoof moet in staat wees om alternatiewe oplossings

te identifiseer, te evalueer, en in die lig van voorafbepaalde doelstellings te vergelyk sodat hy op die mees geskikte alternatief kan besluit (Barnard, 1990:428; Chapman, 1990:124).

Aangesien individuele voorkeure 'n rol by die oorweging van die feite speel, behoort die verworwe bestuursinligting en die doelstellings waarna gestreef word as die nodige riglyne vir besluitneming van die betrokke bestuursraad en bepaalde oerkomitees te dien (Van der Westhuizen, 1990:163).

Skoolhoofde moet besluit op watter wyse en in watter mate ouers by die opvoedende onderwys van hulle kinders betrokke mag raak. Hoewel daar min bewyse is dat ouers direkte bydraes tydens besluitneming oor die skoolkurrikulum lewer, word ouers se reg om in laasgenoemde verband adviserend op te tree, algemeen erken (Chapman, 1990:292-293).

Hoofde kan ouers op die volgende wyses beïnvloed om ten opsigte van die besluitnemingsprosesse by die skool betrokke te raak en om later ook bydraes tot die skool te lewer:

- Hulle kan 'n algemene ouervergadering belê, waarna verskillende komitees, werkskomitees, standerdkomitees en ander subkomitees volgens die behoeftes van die skool gestig kan word (Van Schalkwyk, 1983:80) (vergeelyk 2.8, 3.4.3 en 3.5.2).
- Deur positiewe kommunikasietodes te gebruik, kan hoofde ouers inlig oor die skoolgebeure om hulle sodoende aan te moedig om betrokke te raak by opvoedende onderwys (vergeelyk 3.5.4).
- Deur die skool so te bestuur en funksies so te organiseer dat daar vir ouers die geleentheid geskep word om by die bestuur van die skool betrokke te raak, kan hoofde ouerbetrokkenheid bevorder (Van Schalkwyk, 1983:49).

3.3.7 Sintese

Bepanning is 'n bestuurstaak wat nie deur die skoolhoof alleen behartig behoort te word nie. Ouers moet ook by die bepaling van doelstellings, die skepping van 'n aanvaarbare skoolbeleid, die oplossing van probleme en die neem van besluite betrek word (Davies, 1991:340-342) (vergeelyk 3.3.2).

Geen skool se poging om ouerbetrokkenheid te bevorder, sal slaag voordat ouers en onderwysers nie geleer het om as vennote saam te beplan en beslissing te neem nie (Davies, 1991:342). Deur ouers by die bepanning van die skoolaktiwiteite te betrek, kan hoofde hulle samewerking verseker (vergeelyk 3.3.2).

Hoofde kan oerbetrokkenheid optimaliseer deur goed beplande en gemotiveerde leiding aan die individuele ouers, onderwysers en groepe te verskaf. Sodoende kan hulle 'n goed beplande skoolprogram en riglyne saamstel wat aan alle ouers en onderwysers die nodige sekuriteit sal verskaf om as vennote saam te werk (vergelyk 3.3). Die moontlikhede en beperkinge van oerbetrokkenheid hang af van die deeglikheid van die beplanning af (vergelyk 3.3.5).

Die volgende probleme, wat by skole mag bestaan, word in Hoofstuk 4 empiries ondersoek:

- Die skoolbeleid word nie aan alle ouers verskaf nie (vergelyk 3.3.4 en Vraag 14).
- Daar bestaan by skole nie 'n geskrewe beleid oor oerbetrokkenheid nie (vergelyk 3.3.4 en Vraag 15).
- Ouers is nie bewus van die lang- en korttermynprojekte wat vir die skool beplan word nie (vergelyk 3.3.6 en Vraag 11).
- Daar bestaan nie beplanningskomitees nie (vergelyk 3.3.6 en Vraag 10.6).
- Ouers is nie betrokke by die beplanning van oerbetrokkenheid nie (vergelyk 3.3.2 en Vraag 12).

3.4 OUERBETROKKENHEID BY ORGANISERING VAN SKOOLAKTIWITEITE

3.4.1 Oriëntering

Organisering is die bestuurshandeling waardeur bronne en materiaal op 'n sistematiese en gestruktureerde wyse georden word ten einde voorafopgestelde doelstellings effektief te bereik (Barnard, 1990:428). Deur organisering word die werksaamhede van die skoolgemeenskap georden, gereël, verdeel, gedelegeer en gekoördineer (Barnard, 1990:429).

Aangesien hoofde aanspreeklik is vir alle gebeure by hulle skool, moet hulle ook aanspreeklikheid vir die optimale benutting van ouers by die organisering van oerbetrokkenheid aanvaar. Skole kan kwalik sonder lojale georganiseerde oerliggame bestaan (vergelyk 3.4.3).

Om onderwysers, leerlinge en ouers by die organisering van die skool-gemeenskapsprogram te betrek, kan skoolhoofde die betrokkenes volgens die onderstaande riglyne organiseer (Van der Westhuizen, 1990:169):

- Die werk moet reeds tydens die beplanning daarvan verdeel word.
- Die pligte, gesag, en verantwoordelikhede moet gedelegeer word.
- Die verskillende take wat deur verskillende persone verrig moet word, moet gekoördineer word sodat dit samewerking sal bevorder.
- Die betrokkenes moet so gelei word dat hulle as 'n span sal saamwerk om die doelwit te bereik.
- Die werk moet deurlopend gekontroleer word om die vordering te bepaal, die kwaliteit te verseker en te verseker dat alle benodigdhede beskikbaar is.

Deur organisering word verskillende organisasiestrukture geskep om te bepaal wie wat gaan doen.

3.4.2 Die organisasiestrukture vir ouerbetrokkenheid

Die verskillende betrokkenes word deur organisasiestruktuurskepping binne 'n raamwerk van poste saamgegroeper ten einde gemeenskaplike doelwitte en doelstellings te bereik. Om deur middel van organisasiestruktuurskepping ouerbetrokkenheid te optimaliseer, beplan die bestuursraad of komitees die verpligtinge of werkverdeling van al die betrokkenes sodat duplisering en oorvleueling voorkom word (Barnard, 1990:429).

Tydens die skep van organisasiestrukture kan daar van verskillende modelle gebruik gemaak word, waarvan die lyn-, die lyn- en staf-, die funksionele en die matriksorganisasiestrukture vervolgens ondersoek word.

In die lynorganisasiestruktuur voer een gesagspersoon gesag oor die hele projek van die hoogste tot die laagste vlak. Hoofde kan suksesvol van lynorganisasiestrukture gebruik maak tydens kleiner funksies soos filmvertonings waarby daar nie baie ouers betrokke is nie. Hoofde gee die opdragte aan die ouers, wat elk hulle besondere taak, soos toegang, verkope van verversing of die beheer van die projektor, verrig.

Lyn- en staforganisasiestrukture word normaalweg deur hoofde gebruik wanneer hulle ouers vir besonder take wil oplei. Aan personeel of ouers wat oor die nodige kennis beskik en as raadgewers kan funksioneer, word 'n besondere opdrag gegee, soos byvoorbeeld die reël van die verkope tydens 'n kermis (vergelyk 3.4.3). Alhoewel die raadgewer oor geen voorskriftelike gesag beskik nie, neem hy leiding, omdat hy oor die nodige kennis en raadgewende mag beskik (Van der Westhuizen, 1990:173).

Die funksionele organisasiestruktuur word gebruik, wanneer daar afdwingbare gesag aan die deskundiges in 'n groep toegeken word. Hoofde maak normaalweg van hierdie organisasiestruktuur gebruik wanneer ouers, onder die leiding van ander ouers of personeel, take moet verrig waarvoor deskundige kennis 'n voorvereiste is (Van der Westhuizen, 1990:174). Die naskoolsentrum- en die mediakomitee funksioneer byvoorbeeld op hierdie wyse (vergelyk 3.4.3).

Die matriksorganisasiestruktuur word gebruik wanneer verskeie take gelyktydig verrig moet word. Spesifieke ouers of personeel word benoem om die verantwoordelikheid vir die uitvoering van sekere opdragte te aanvaar. Die aangestelde projekteier maak van die funksionele struktuur gebruik om die taak te verrig. Terwyl die projekteier verantwoordelik is vir die beplanning, organisering en koördinerings, is die funksionele leiers vir die uitvoering en kontrolering van hulle opdragte verantwoordelik (Van der Westhuizen, 1990:175). Die matriksorganisasiestruktuur word algemeen in die oerbetrokkenheidsorganisasie aangetref. Afgesien van die statutêre oerliggaam, naamlik die bestuursraad, word ouers ook deur 'n nie-statutêre oerliggaam, naamlik die ouer-ouderwyservereniging, by 'n skool verteenwoordig (vergelyk 2.8). Die ouer-ouderwyservereniging funksioneer onder die beheer van die bestuursraad (RSA, 1990:36-37). 'n Verdere verdeling van die oerverteenwoordigende liggame, naamlik standerd- en klas-komitees kom voor waar die behoefte daarvoor bestaan (Dekker, 1989a:27-30). Werkskomitees wat verskeie funksies by die skool verrig, word uit ouers saamgestel. Ouers is op 'n vaste of op 'n ad hoc-basis lede van so 'n werkskomitee. Die bestuursraad is die beheerliggaam van die verskillende werkskomitees wat vir die verskillende werks-terreine van die skool verantwoordelik is (Van Schalkwyk, 1990:92). Die werkskomitees moet hulle beplanning vir aktiwiteite eers aan die bestuursraad vir goedkeuring voorlê. Nadat hulle magtiging daarvoor ontvang het, word die projek deurgevoer, waarna verslag aan die bestuursraad gedoen word (Van Schalkwyk, 1990:94-95).

Die werkskomitees kan so saamgestel word dat daar 'n beplannings-, geboue- en terrein-, funksie-, fondsinsamelings-, skoolsekeriteits-, vervoer-, finansiële, publikasie- en mediasentrumkomitee is (Van Schalkwyk, 1983:52). Indien daar op die korttermyn 'n behoefte ontstaan vir 'n komitee van deskundiges om 'n enkele saak, soos byvoorbeeld effektiewe rekenaargebruik of die verskillende onderwysmodelle, te ondersoek, kan so 'n komitee tydelik saamgestel word. Subkomitees kan saamgestel word waar 'n werkskomitee se werk so uiteenlopend van aard is dat 'n verskeidenheid deskundiges benodig word, soos in die geval van sport (Van Schalkwyk, 1990:95-96).

Alhoewel die skep van organisasiestrukture belangrik is, is dit ook belangrik dat ouer-betrokkenheid so beplan en georganiseer word dat die take wat aan ouers gedelegeer word by hulle aanleg en belangstellings pas (vergelyk 3.4.3).

3.4.3 Delegering ten opsigte van ouerbetrokkenheid

Aangesien skoolhoofde nie die tyd het om al die werk self te doen nie, deleger hulle sekere pligte aan bekwame ondergeskikte persone. Aan hierdie persone word dan die nodige gesag en verantwoordelikheid toevertrou om die gedelegeerde take te verrig. Sodoende verseker skoolhoofde die sinvolle verdeling en afhandeling van werksopdragte (Van der Westhuizen, 1990:178).

Komitees kan sekere take aan verantwoordelike en bekwame personeel of ouers deleger, mits die persone weet (Van der Westhuizen, 1990:179-185; Chrispeels, 1991:370):

- hoe om die opdragte uit te voer,
- watter doelwitte nagestreef word,
- watter bronne tot hulle beskikking is,
- watter standaard gehandhaaf moet word,
- wat die beperkinge van hulle opdrag is, en
- wat die teikendatum vir terugvoering is.

Indien hoofde die bestuursrade en ouer-onderwyserverenigings so kan organiseer dat hierdie knoopstrukture uit verskillende komitees bestaan wat beter kontrole oor ouer-betrokkenheid by die skool kan uitoefen, en wat ouers se vertroue kan wen, kan ouers daardeur aangemoedig word om by skoolaktiwiteite betrokke te raak (Haddock, 1986:18).

Ouers kan op die volgende wyse georganiseer word om by die skool betrokke te raak: ouers met gespesialiseerde kennis soos dokters, argeoloë, polisie en ingenieurs kan versoek word om per geleentheid óf die kinders óf die ouers in te lig oor hulle beroepe of sake rakende die skoolgemeenskap (Gray, 1984:407). Ouers sal voel dat hulle na waarde geskat word wanneer bekwame en talentvolle persone soos skaakspelers, sport-en koorafrigters of kunstenaars by die skool betrek word om te help met die afrigting of onderrig van die kinders (Van Schalkwyk, 1983:81; Gray, 1984:49). Op hierdie wyse word daar nie net 'n diens aan die skool gelewer nie, maar hierdie persone sal waarskynlik in die toekoms ook met groter vrymoedigheid met die skool assosieer.

Ten opsigte van die akademiese aktiwiteite kan ouers op die volgende wyses georganiseer word om betrokke te raak:

- Die remediëringsprogramme van die skool kan onder leiding van bekwame personeel deur ouers aangebied word. Dit sal meebring dat die leerlinge met probleme meer individuele aandag ontvang. Hierdie poging kan later verder uitgebrei word wanneer ouers hulle eie kinders tuis sal kan remedieer. Op hierdie wyse word nie net die remediëringsprogram uitgebrei nie, maar kan ouers leer om die suksesse en die mislukkings van hulle kinders te deel (Beale, 1985:215-216; Walker, 1986:49).
- Die werksaamhede van die mediasentrum sal effektiewer funksioneer indien ouers ook in die mediasentrum betrek kan word (Van Schalkwyk, 1990:107).
- Ouers kan, soos in die VSA, tot in klaskamers as assistente betrek word (Chrispeels, 1991:369 & 371; Solomon, 1991:361).
- Ouers kan betrek word om toesig by die skool se naskoolsentrum te hou, sodat die leerlinge die korrekte studie- en werksmetodes kan leer (Strom, 1984:317). Op hierdie wyse word meer persoonlike aandag aan elke leerling geskenk en kan leerprobleme dadelik geremedieer word (Beale, 1985:214).

Fondsinsamelingsprojekte kan so gereël word dat ouers op die volgende wyses betrokke raak:

- Skoolhoofde kan die ouers versoek om die snoepwinkel te organiseer en verkope te behartig (Epstein, 1984:71).
- Behalwe dat ouers kan help om borge vir taal-, spel- en Wiskundekompetisies te kry, behoort hulle by die gepaardgaande afrigting van die leerlinge betrek te word.
- Daar behoort vir ouers tydens sportbyeenkomste geleenthede geskep te word om die verversingsverkope alleen te organiseer en deur te voer. Tydens skoolfunksies, waar ouers en onderwysers gedwonge saam moet werk, word beter verstandhouding geskep sodat ouers en onderwysers met meer vertroue en openhartigheid teenoor mekaar sal optree (Van Schalkwyk, 1983:62).

Ouers kan op die volgende georganiseerde wyses by die weerbaarmaking van hulle gesinne betrokke raak:

- Alhoewel funksiekomitees dikwels net met werk of fondsinsameling geassosieer word, kan ouers tydens verskillende funksies gedwing word om met hulle kinders te praat. Tydens 'n ma-en-dogterdag of pa-en-seundag kan temas wat gesonde kommunikasie tussen gesinslede bevorder, gekies word (Walker, 1986:49).

- Aangesien kinders vandag dikwels nie meer geleentheid kry om na verhale van hulle grootouers te luister nie en daar as gevolg van omstandighede verwydering tussen die twee geslagte ingetree het, kan ouers betrek word om 'n oupa-en-oumadag by die skool te reël. Die kleuters kan 'n opvoerinkie hou, terwyl bekwame sprekers van hulle staaltjies aan die kinders kan vertel. Deur sulke funksies word weer waardigheid aan die ouer persone verskaf, terwyl kinders ook meer waardering vir hulle ouers en grootouers daardeur aanleer (West, 1985:146).
- Bekwame ouers kan tydens oueraande versoek word om besprekings oor aktuele sake soos weerbaarheidsprogramme te lei. Daar kan aandag aan kontemporêre vraagstukke soos studiemetodes, huweliksvoorligting aan tieners, dwelmverslawing onder skoolkinders, stresshantering en die belangrikheid van 'n gesonde dieet en oefening vir kinders geskenk word (Van Schalkwyk, 1983:54). Hierdie gebaar bring mee dat ouers besef dat hulle nog in die beheer van belangrike fasette van die opvoeding van hulle kinders is, en dat daar van hulle verwag word om verantwoordelikheid daarvoor te aanvaar.

Die toesig wat die bestuursraad, volgens die Wet op Onderwysaangeleenthede (RSA, 1988:70) oor skooldrag, die skoolterrein, geboue, meubels en uitrusting het, kan verder gedentraliseer word sodat ouers in verskillende spanne die herstelwerk kan doen en die klerebank kan hanteer (vergelyk 2.5).

Die skoolsekuriteitskomitee kan reël dat ouers tydens opstande die skool se veiligheids-aktiwiteite behartig (Van Schalkwyk, 1990:106). Die aktiwiteite van dié komitee kan ook verder uitgebou word deur byvoorbeeld voorsiening te maak vir veilige huise waarheen leerlinge kan gaan as hulle op pad skool toe of huis toe bedreig word.

Ten opsigte van die algemene funksionering van die skool kan ouerbetrokkenheid op die volgende wyses georganiseer word:

- Ouers kan by klas- of standerdkomitees betrek word vir die bespreking en oplossing van unieke probleme wat deur 'n spesifieke klas of standaard ondervind word (Dekker, 1989a:27-30).
- Ouers kan betrek word as afrigters en om leerlinge na sport- en kultuuraktiwiteite toe te vervoer (Van Schalkwyk, 1990:107).

Deur 'n deeglike ontleding van die skool se werksprogram behoort hoofde tot die slotsom te kom dat alle take nie noodwendig slegs deur die professionele opvoeders

uitgevoer hoef te word nie, maar dat ouers soms sekere take gedeeltelik of in geheel effektief kan hanteer (Van Schalkwyk, 1990:110; Solomon, 1991:362).

Skoolhoofde kan deur koördinerings verseker dat daar nie oorvleueling van aktiwiteite is nie, en dat hy nie beheer oor die gedelegeerde werk verloor nie.

3.4.4 Koördinerings van oerbetrokkenheid

Koördinerings is 'n bestuurshandeling waartydens maatreëls getref word om al die aktiwiteite te sinchroniseer (Van der Westhuizen, 1990:187).

Tydens koördinerings word keuses, materiaal, mense en tegnieke in harmonie bymekaar gebring. Die doel van skoolhoofde sal wees om mense met verskillende agtergronde, persoonlikhede en belangstellings harmonies te laat saamwerk om dieselfde doelwitte te bereik (Gorton, 1983:126) (vergelyk 3.4.3 en 3.5.2). Koördinerings van oerbetrokkenheid is nodig om tydverkwisting, oorvleueling en konflik te beperk. Goeie koördinerings sal daartoe lei dat elkeen presies weet watter doelstellings nagestreef word, wat sy besondere taak is, en hoe hy by die poging in sy geheel aansluit (Barnard, 1990:430).

Skoolhoofde kan met behulp van die bestuursraad van die begin af verseker dat botsings in belang van samewerking vermy word. Deur die bestuur van die skool so te beplan en die funksionering daarvan so te koördineer, kan ouers en onderwysers in harmonie saamwerk (Van der Westhuizen, 1990:187).

Skoolhoofde kan op die volgende wyses goeie koördinerings verseker (Van der Westhuizen, 1990:187-188; Solomon, 1991:361-362):

- Die verskillende komitees kan verseker dat hulle beleid en doelstellings so geformuleer en aan alle betrokkenes bekend is dat dit as riglyne vir hulle besluite en hulle optrede kan dien.
- Gereelde vergaderings verseker dat ouers en onderwysers as gevolg van die sameprekings hulle probleme vinniger sal oplos, mekaar sal motiveer en 'n eenheidsgevoel sal ontwikkel.
- Indien die bestuursraad handleidings kan opstel waarin die voorskrifte, prosedures en riglyne vir ouers en onderwysers se optrede verskaf word, sal dit sekuriteit verskaf en as verwysingsraamwerk kan dien.
- Suksesvolle kommunikasie is die sleutel tot suksesvolle koördinasie (vergelyk 3.5.4). Indien 'n publikasiekomitee saamgestel uit ouers die publiserings van die skool-

koerant en die skoolprospektus kan organiseer, sal dit ouerbetrokkenheid verder bevorder (Van Schalkwyk, 1983:83).

Die bestuursraad en die komitees kan deur middel van 'n kontrolering van die vordering en die samewerking tussen die verskillende projekte bepaal in watter mate die doelwitte al bereik is.

Die werkers sal, nadat die werk op 'n formele wyse gekoördineer is, makliker op 'n informele basis koördineer, en hierdie spontane samewerking sal ouerbetrokkenheid bevorder.

3.4.5 Sintese

Die bestuursraad moet organisasiestrukture skep waarin ouerbetrokkenheid bevorder word. Ouers moet presies weet wat hulle funksies en verantwoordelikhede is sodat oorvleueling, duplisering en konflik uitgeskakel kan word (vergelyk 3.4.2).

Nadat die organisasiestrukture geskep is, moet skoolhoofde leiding verskaf sodat die wyse waarop die verskillende take gedelegeer, gekoördineer en gekontroleer word nie interpersoonlike verhoudinge en positiewe gesindhede skade sal laat ly nie (vergelyk 3.4.3).

Die volgende probleme, wat by skole mag bestaan, word in Hoofstuk 4 empiries ondersoek:

- Daar bestaan nie 'n ouer-onderwyservereniging by die skool nie (vergelyk 3.4.2 en Vraag 10).
- Daar bestaan nie klas- en standerdkomitees by die skool nie (vergelyk 3.4.3 en Vraag 10).
- Die subkomitees soos die beplannings-, geboue- en terrein-, fondsinsamelings-, skoolsekuriteits-, vervoer-, finansiële, publikasie- en mediakomitees bestaan nie by die skole nie (vergelyk 3.4.3 en Vraag 10).
- Ouers met besondere talente en gespesialiseerde kennis word nie aangemoedig om by die skool betrokke te raak nie (vergelyk 3.4.3 en Vrae 18 en 20).
- Ouers word nie by die naskoolsentrum en by remediërende onderwys of aktiwiteite na skool betrek nie (vergelyk 3.4.3 en Vraag 10).
- Organiseerders, deelnemers en kontroleurs ontvang nie hulle pligstate, taakomsrywings, voorraadlyste en name van betrokkenes skriftelik nie (vergelyk 3.4.4 en Vraag 22).

Skoolhoofde kan ouerbetrokkenheid slegs optimaliseer indien hulle ouers so lei dat hulle by die organisasiestrukture betrokke raak ten einde die samewerking tussen ouers en onderwysers in die hand te werk en die voorafgestelde doelstellings te bereik.

3.5 OUERBETROKKENHEID BY LEIDINGGEWING

3.5.1 Oriëntering

Leidinggewing is die bestuurstaak waardeur betrokke persone so beïnvloed word dat hulle gewillig is om te werk en daarna te streef om sekere voorafbepaalde doelstellings te bereik (Van der Westhuizen, 1990:42). Tydens leidinggewing verskuif die klem van die bestuurstaak van hoofde vanaf die handeling van die mense na hoofde se betrokkenheid by die persone wat die taak moet uitvoer (Van der Westhuizen, 1990:189).

Die sukses van ouerbetrokkenheid en die samewerking tussen die ouers en onderwysers hang grootliks af van hoe hoofde die ouers se belangstelling kanaliseer en benut (Kritzinger, 1984:73). Hoofde moet die inisiatief neem om skool-gemeenskapsverhoudinge bewuslik te inisieer (Barnard, 1990:430). Hoofde kan die ouers persoonlik, as individue of in groepe beïnvloed om betrokke te raak (Kruger, 1984:5). Verder kan hoofde die ouers met behulp van voorligtingstukke of omsendbriewe inlig oor skoolaktiwiteite en daardeur meer ouers by die skoolaktiwiteite betrek.

Wanneer daar leiding aan persone verskaf word, moet in ag geneem word dat die dryfvere en behoeftes van persoon tot persoon verskil (Van der Westhuizen, 1990:240). Hoofde moet in staat wees om hierdie motiewe te identifiseer en tot voordeel van die gemeenskaplike doel aan te wend. Skoolhoofde moet daarom hulle leierskapstyl so aanpas dat hulle skool-gemeenskapsverhoudinge sal bevorder.

Leidinggewing bestaan uit die volgende subtake: verhoudingstigting, motivering en kommunisering.

3.5.2 Verhoudingstigting en ouerbetrokkenheid

Skoolhoofde het tydens verhoudingstigting met interpersoonlike verhoudinge en intergemeenskapsverhoudinge te doen (Barnard, 1990:431).

Ouerbetrokkenheid kan geoptimaliseer word deur interpersoonlike verhoudinge tussen die personeel, leerlinge en die ouers op die volgende wyses te stig en uit te bou:

- Hoofde kan ouerbetrokkenheid bevorder deur by die personeel 'n positiewe gesindheid teenoor die ouers te kweek (Foster, 1984:27-31).
- Indien hoofde die nodige respek teenoor ander betoon, en waardering en erkenning verleen aan afgehandelde werk, sal hulle die agting en respek van ander wen (Postma, 1990:166).
- Hoofde kan vaaghede en veralgemenings vermy en met doelgerigte kommunikasie beter verhoudinge bevorder (Van der Westhuizen, 1990:194).
- Hoofde behoort gereeld met die sportklubs, kultuurverenigings, beskermingsdienste in die gemeenskap en met ouerverenigings te skakel om gemeenskapsverhoudinge te bevorder (Van Schalkwyk, 1981:111-114).
- Ouers sal meer welkom by die skool voel indien daar vir hulle 'n bymekaarkomplek by die skool ingeruim kan word (Davies, 1991:379).
- Ouers neig om onbetrokke by die onderwys te wees, omdat hulle oorgerus is, of 'n verkeerde waardesisteem handhaaf, of nie die belangrikheid van ouerbetrokkenheid besef nie (Kruger, 1984:2). Dit is die taak van hoofde om hierdie struikelblokke te identifiseer en die nodige leiding aan die betrokkenes te verskaf om dit te oorbrug.
- Ouerbetrokkenheid kan deur middel van 'n demokratiese oopdeurbeleid bevorder word, want gesonde ouer-onderwyserverhoudinge word deur samewerking en positiewe gesindhede bevorder (Van Schalkwyk, 1990:26-27).
- Persoonlike kontak tussen die ouers en onderwysers kan aangemoedig word deur die stigting van standerd- of klaskomitees, sodat die persone met dieselfde probleme in die kleiner groepies makliker tot oplossings gelei kan word en 'n sterker spangees kan ontstaan (Dekker, 1989a:27-30). Die persoonlike kontak tussen ouers, onderwysers en die leerlinge kan verder bevorder word deur ouers tuis te besoek (Barnard, 1981:298; Davies, 1991:379). Hoofde kan ouers positief beïnvloed deur die betuiging van noodsaaklike dank of meegevoel (Suchara, 1982:133).
- Indien skoolaktiwiteite so beplan word dat ouers voel dat hulle meer waarde daaruit put as die ongerief of verlies wat dit meebring, sal hulle meer betrokke wil raak. Ouers voel ook dat die onderwysers hulle tegemoet wil kom indien 'n klerebank waar klere goedkoop gekoop of geruil kan word by die skool bestaan (Davies, 1991:379).
- Hoofde kan die belangstelling van nuwe ouers prikkel deur aan hulle 'n verwelkomingsbrief met 'n inligtingstuk oor die skool, te stuur (Suchara, 1982:133).

- Tydens 'n sosiale geleentheid aan die begin van elke jaar kan die geleentheid aan ouers gebied word om die onderwysers en die bestuursraadslede te ontmoet (Davies, 1991:379).
- Ouers kan opgelei word om hulle kinders tuis met nuwe werk te help (Chrispeels, 1991:371). Skep 'n huiswerknoodlyn wat deur ouers gebruik kan word om huiswerkprobleme by onderwysers op te klaar (Warner, 1991:374).
- Voorskoolse kleuters kan genooi word om die primêre skool te besoek. Tydens die geleentheid kan leerlinge die skool deur middel van poppespel of toneelstukkie aan die kleuters bekend stel. Dit sal hulle inskakeling die daaropvolgende jaar vergemaklik. 'n Biblioteek met speelgoed en boekies sal ook hierdie positiewe assosiasie met die skool meebring (Davies, 1991:379).
- 'n Pa-en-seun- of ma-en-dogterbyeenkoms kan gebruik word om die opvoedingsrol onder die ouers se aandag te bring (Ibid). Ouers sal met meer vrymoedigheid by die skool betrokke raak indien hulle besef dat hulle as opvoeders gerespekteer word (Van Schalkwyk, 1983:54).

3.5.3 Motivering en ouerbetrokkenheid

Motivering is onder andere die proses waardeur 'n mens in beweging gebring word om 'n bepaalde doelwit te bereik (Van der Westhuizen, 1990:202). Mense word deur 'n behoefte wat hulle wil bevredig of deur vrees gemotiveer om op te tree (Marx, 1981:192).

Skoolhoofde kan ouers motiveer deur aandag te skenk aan projekte wat hulle interpersoonlike behoeftes bevredig. Hulle kan aan dryfvere soos dienslewering, estetiese, etiese en religieuse behoeftes aandag te skenk (Van Rensburg, 1991:297).

Die skoolhoof moet die onderwysers, leerlinge en ouers motiveer sodat hulle met entoesiasme sal saamwerk om vasgestelde doelwitte te bereik (Barnard, 1990:432).

Afgesien daarvan dat goeie beplanning, organisering en kontrolering die skoolorganisasie vlot laat verloop, word ouers daardeur aangemoedig om by die skool betrokke te raak, aangesien almal presies weet wat van hulle verwag word. Skoolhoofde kan ouers tot groter betrokkenheid motiveer deur hulle behoeftes en dryfvere te bepaal en dit so te kanaliseer dat dit tot voordeel van die skool aangewend word (Van der Westhuizen, 1990:203).

Hoofde kan ouers motiveer om by skoolaktiwiteite betrokke te raak, indien (Van Schalkwyk, 1990:121):

- 'n demokratiese oopdeurbeleid deur die hoof gevolg word (vergelyk 3.5.4),
- die hoof se beleid soepel is en nie net aan die letter van die wet gebonde is nie,
- 'n vriendelike, hartlike verhouding tussen onderwysers, ouers en die leerlinge geskep word (vergelyk 3.5.2),
- onderwysers en ouers altyd welkom en nuttig voel, omdat hulle so ver as moontlik by die skool betrek word en 'n aandeel in die skool het (vergelyk 3.5.2),
- daar 'n hartlike gees van samewerking tussen die onderwysers en ouers bestaan (vergelyk 3.5.2), en
- ouers en onderwysers die individualiteit en universaliteit van mekaar se werks-terreine erken en respekteer (vergelyk 2.2).

Hoofde motiveer personeel, ouers en leerlinge deur hulle menswaardigheid en prestasies te erken (Van der Westhuizen, 1990:240). Entoesiastiese ouers is nie net ambassadeurs vir die skool nie, maar hulle kan ook ander ouers motiveer om by skoolaktiwiteite betrokke te raak (West, 1985:140-144).

Hoofde kan ouers motiveer om by die akademiese vordering van leerlinge betrokke te raak deur hulle vroegtydig te nooi om moontlike oplossings vir hulle kinders se probleme te bespreek. Daar kan ook aan ouers die geleentheid gebied word om kommentaar by die leerlinge se punte of op die rapporte te lewer (Pawlas, 1985:283; Barnard, 1982:133).

Die kwaliteit van die tweerigtingkommunikasiekanale tussen die ouers en die onderwysers, asook die hoof se kommunikasievermoë, bepaal hoe suksesvol die hoof die ouers sal kan motiveer om by die skool betrokke te raak (Barnard, 1990:433).

3.5.4 Kommunikasie

Kommunikasie vind plaas wanneer inligting van een persoon na 'n ander oorgedra word. Die skoolhoof neem die leiding met betrekking tot die bepaling van die wyse en gehalte van kommunikasie (Barnard, 1990:432).

Kommunikasie vind in twee rigtings plaas. Die hoof moet vertikaal sowel as op 'n horisontale wyse kommunikeer. Terugvoering moet terselfdertyd ook moontlik wees. Hoofde kommunikeer vertikaal op makrovlak met die onderwysowerhede en op mikrovlak met die personeel en leerlinge. Hoofde kommunikeer op horisontale vlak met die skoolgemeenskap (Barnard, 1990:433).

Kommunikasie vind tydens beplande vergaderings of afspraak op 'n formele wyse plaas, en tydens deelname aan gesprekke op 'n informele wyse (Barnard, 1990:432).

Goeie kommunikasie is die hoeksteen vir gesonde gemeenskapsverhoudinge. Daarom moet daar voortdurend kommunikasie tussen die onderwysers en die ouers wees om gesonde verstandhoudings te vestig. Die skool mag nooit van die skoolgemeenskap geïsoleer raak nie (Van Schalkwyk, 1990:144).

Skoolhoofde behoort die volgende voorkeurlys in gedagte te hou by die beplanning van maniere waarop inligting oor skoolbedrywighede aan ouers deurgegee kan word (Cattermole & Robbinson, 1985:48-49):

- Die hoof kan die persoon direk of telefonies kontak.
- Ouer-onderwyserverenigingvergaderings is ideale geleentehede om boodskappe aan die ouers te rig.
- 'n Boodskap kan saam met die kinders gestuur word.
- Die boodskap kan deur lede van die bestuursraad oorgedra word.
- Ouers wat betrokke is, kan die ander ouers skakel.
- Kennisgewings van die ouer-onderwyservereniging of ander organisasies kan die inligting verstrek.
- Hoofde kan met behulp van vraelyste die behoeftes en voorkeure van die ouers bepaal.
- Ouers kan slegs sekere inligting bekom deur aktief by die skool betrokke te wees.

Aangesien die voorkeure van gemeenskappe varieer, moet skoolhoofde gevoelig wees vir die aard van die inligting en die mediums waaraan die skoolgemeenskap voorkeur verleen, om ouerbetrokkenheid te optimaliseer.

Skoolhoofde moet aan die volgende vereiste vir sinvolle kommunikasie aandag skenk (Barnard, M.C., 1981:297 en 1986:8-10):

- **Wedersydse vertroue.**
Indien daar nie wedersydse vertroue tussen die onderwysers en die ouers bestaan nie, sal pogings om ouers by skoolaktiwiteite te betrek, misluk. Die vertroue tussen die ouers en die onderwysers kan slegs ontwikkel wanneer hulle bereid is om probleme openhartig met mekaar te bespreek. Ouers en onderwysers moet gelei word om opbouende kritiek te aanvaar, en om hulle kennis tot voordeel van die kinders aan te wend.

- **Wedersydse agting en respek.**

Indien ouers en onderwysers mekaar respekteer, sal hulle mekaar 'n eie standpunt gun of 'n eie lewenswyse veroorloof. Hoofde moet daarop aandring dat persone die individuele andersheid van mekaar sal aanvaar, en dat hulle die goeie in mekaar sal beklemtoon.

- **Openhartigheid.**

Dit is noodsaaklik dat ouers en onderwysers openhartig met mekaar moet kan kommunikeer sonder dat daar vrees vir diskriminasie gewek word.

- **Eerlikheid.**

Hoofde moet ouers en onderwysers aanmoedig om nie inligting van mekaar te weerhou nie, en om altyd die waarheid te praat sodat die ontvanger van die boodskap nie in die duister verkeer en verkeerde afleidings maak nie. Die ouer beskik dikwels oor meer agtergrondskennis van sy kind as die onderwyser. Die onderwyser weer beskik oor die kind se akademiese inligting. Daarom is dit noodsaaklik dat die ouer en die onderwyser op die inligting wat hulle van mekaar ontvang, moet kan peil trek.

- **Belangstelling.**

Hoofde moet in belang van die skool en die leerlinge poog om die ouers en onderwysers se belangstelling te prikkel. Persoonlike kontak, aandag en belangstelling van die hoof en die onderwysers is van die mees geslaagde wyses om ouerbetrokkenheid te bevorder, aangesien dit geleentheid vir wedersydse kommunikasie bied (Walling, 1982:137; Fuery, 1985:46).

Aangesien persoonlike kontak nie altyd moontlik is nie, wend hoofde hulle tot die geskrewe woord om lynverlies te voorkom. Hierdie wyse van kommunikasie het die voordeel dat die inligting volledig weergegee en bewaar kan word (Barnard, S.S., 1986: 390).

Skoolhoofde kommunikeer om verskillende redes met ouers (Barnard, 1990:446-447):

- Hulle verstrek byvoorbeeld die datums wat betrekking het op eksamens, skool-funksies en vergaderings.
- Hulle maak beleidsverklarings oor skooldrag, leerlinge se gedrag en skoolbywoning.
- Hulle verleen hulp aan ouers met die vakkeuses van leerlinge, en die interpretasies van rapporte of sillabusse.

- Hulle bespreek met ouers belangrike algemene skoolinligting soos fondsinsameling, personeelwisseling, onderwysvernuwing en leerlingprestasies.
- Om ouerbetrokkenheid te bevorder moet hoofde, afgesien van die gereelde voorde-
ringsverslae, ook maandeliks nuusbriewe met verslae oor aktiwiteite wat plaasgevind
het of vooruitskouings van beplande aktiwiteite aan die ouers stuur.
- Die ouergemeenskap kan op die hoogte van beplande skoolaktiwiteite gebring
word deur jaar- en kwartaalprogramme aan hulle te stuur.

Skoolhoofde kan kontrole en tweerigtingkommunikasie bevorder deur 'n afskeurstrokie onderaan elke brief aan te bring (Pawlas, 1985:283; Suchara, 1982:133; Kruger, 1986:22).

Die plaaslike koerant, radio en soms selfs die televisie kan gebruik word vir beriggewing oor die prestasies en die aktiwiteite van die skool (Chrispeels, 1991:369). Daarom moet die hoofde persoonlik met die verslaggewers kontak maak om lynverlies en enige bespiegeling te voorkom (Walling, 1982:167-187 en Barnard, 1990:456).

Indien hoofde 'n ouerhandleiding saamstel waarin die missie, die skoolbeleid en organisatoriese aspekte van die skool onder die aandag van die ouers gebring word, kan dit misverstande en onkunde oor skoolaktiwiteite beperk. So 'n ouerhandleiding kan dan ook vir die ouers en onderwysers as 'n verwysingsraamwerk dien.

Hoofde kan ook plakkate gebruik om inligting onder die ouers se aandag te bring. 'n Ouerkomitee kan byvoorbeeld grafieke van die skoolbywoning of die geslaagdheid van fondsinsamelingsprojekte saamstel en sodoende ouerbetrokkenheid verder bevorder.

Griewebussies wat op 'n strategiese plek in die skool aangebring word, bevorder kommunikasie (Barnard, 1990:448).

Aangesien sommige sakeondernemings, gemeentes en verenigings jaarliks kalenders saamstel, kan hoofde van die geleentheid gebruik maak om beplande aktiwiteite onder die aandag van die gemeenskap te bring.

Dit is onmoontlik om interpersoonlike en intergemeenskaplike verhoudings tot stand te bring sonder doeltreffende kommunikasie. Die keuse van kommunikasiemedie, die daarstelling van doeltreffende tweerigtingkommunikasiestelsels en die opbou van gesonde skool-gemeenskapsverhoudinge is van die hoof se belangrikste bestuurstake (Barnard, 1990:453).

Hoofde behoort alle beskikbare kommunikasiemedia te gebruik om die beeld van die skool uit te dra. Indien hoofde poog om altyd die juiste en volledige beeld van die sterk en swak punte van die skool op 'n positiewe wyse aan die ouergemeenskap oor te dra, sal die ouers 'n beter begrip van die skool kry. Indien daar aan die ouers, onderwysers en leerlinge die geleentheid gebied word om hulle verwagtings en behoeftes te stel, sal kommunikasie op 'n gesonde grondslag geplaas word en ouerbetrokkenheid bevorder word (Barnard, 1990:446 en 458; Van der Westhuizen, 1990:241).

3.5.5 Slntese

Uit die voorafgaande bespreking van die skoolhoof se leierstaak ten opsigte van personeel, ouers, en kinders is dit duidelik dat hy die ouers op 'n demokratiese wyse sal moet lei as hy hulle tot groter betrokkenheid by skoolaktiwiteite wil motiveer (vergelyk 3.5.3). In hierdie opsig is geslaagde kommunikasie van kardinale belang.

Aangesien ouers nie gedwing kan word om by die skool betrokke te raak nie, moet die skool 'n positiewe boodskap aan die ouers uitdra sodat hulle 'n behoefte sal voel om by die aktiwiteite van die skool betrokke te raak (vergelyk 3.5.3 en 3.5.4).

Aangesien suksesvolle onderwys afhanklik is van gesonde interpersoonlike verhoudinge, moet hoofde ouerbetrokkenheid doelbewus inisieer. Dit is belangrik dat skoolhoofde van die beste kommunikasiemetodes gebruik maak om ouers aan te moedig om by die skoolaktiwiteite betrokke te raak.

Uit die voorafgaande ondersoek na die taak van die skoolhoof ten opsigte van ouerleiding blyk dit dat die volgende probleme by skole mag bestaan (vergelyk Hoofstuk 4 vir 'n empiriese ondersoek na hierdie probleme):

- Ouerbetrokkenheid word nie na waarde geskat nie (vergelyk 3.5).
- Ouers ontvang nie ouerhandleidings waarin die skoolbeleid en die werksaamhede uiteen gesit word nie (vergelyk 3.5.2 en Vraag 15).
- Ouers word nie gereeld na formele en informele geleenthede genooi nie (vergelyk 3.5.2 en Vrae 26 en 27).
- Ouers word nie tuis deur die hoof of onderwysers besoek nie (vergelyk 3.5.2).
- Ouers word nie opgelei en gemotiveer om by die akademiese vordering van hulle kinders betrokke te raak nie (vergelyk 3.5.2 en Vrae 39, 40 en 41).
- Daar word nie kleiner werksgroepe gestig om betrokkenheid te optimaliseer nie (vergelyk 3.5.2 en Vrae 15, 16 en 17).

- Daar word nie funksies gereël wat erkenning aan ouers as primêre opvoeders verleen nie (vergelyk 3.5.2 en Vraag 20)
- Daar bestaan nie 'n vertrek of ouerkamer waar ouers kan vergader of aan skoolprojekte kan werk nie (vergelyk 3.5.2).
- Ouerbetrokkenheid word as gevolg van negatiewe beriggewing benadeel (vergelyk 3.5.2 en Vraag 25).
- Ouerbetrokkenheid word benadeel, aangesien kommunikasiemiddels nie optimaal benut word nie (vergelyk 3.5.2 en Vraag 21).

3.6 OUERBETROKKENHEID BY BEHEERUITOEFENING

3.6.1 Oriëntering

Goeie beplanning, organisering en leidinggewing alleen waarborg nie suksesvolle ouer-onderwyserverhouding nie. Hoofde moet ouers oplei om self beheer oor al hierdie interafhanklike bestuurstake uit te oefen om sodoende te verseker dat bepaalde doelwitte bereik word (Barnard, 1990:433). Daar moet bepaalde beheerstrukture geskep word om optimale ouerbetrokkenheid te verseker (Van Schalkwyk, 1990:116).

3.6.2 Die doel van beheeruitoefening

Skoolhoofde moet sekere beheervoorskrifte bepaal om te verseker dat beheeruitoefening op 'n sistematiese en georganiseerde wyse uitgeoefen word (Van Schalkwyk, 1987:271). Daarvoor bepaal die skoolhoof bepaalde kriteria wat op bepaalde stadiums en vasgestelde plekke en tye gebruik word om die vordering met en die gehalte van ouerbetrokkenheid te bepaal (Barnard, 1990:433).

Die skoolhoof sal die verloop en voltooiing van gedelegeerde take moet evalueer om vas te stel in watter mate die bepaalde doelwitte bereik is (Kilian, 1990:72).

Die doel met evaluering van oueraktiwiteit by die skool is daarop gemik om die aard en oorsake van afwykings of suksesse vas te stel sodat die inligting later gebruik kan word om die foute te korrigeer (Barnard, 1990:434).

3.6.3 Die noodsaaklikheid van beheeruitoefening

Die sukses van oerbetrokkenheid tydens skoolprojekte hang in 'n groot mate af van die wyse waarop en die gereeldheid waarmee aktiwiteite tydens die vordering van die projek gekontroleer word (Van Schalkwyk, 1987:273). Deur kontrole kan die hoof die medewerkers se gevoel oor 'n projek toets en bepaal in watter mate daar reeds sukses met die projek behaal is (Van Schalkwyk, 1990:207).

Skoolhoofde wil deur middel van verskillende kontrolemetodes vasstel of daar enige afwykings van bepaalde doelstellings is, sodat die afwykings geëvalueer kan word en die nodige regstelling beplan, georganiseer en deurgevoer kan word (Barnard, 1990:434).

Indien probleme ondervind word, mag dit daartoe lei dat ouers hulle van verdere skoolaktiwiteite onttrek. Daarom moet probleme so gou as moontlik met die samewerking van die ouers opgelos word (Van Schalkwyk, 1983:26; Van Schalkwyk, 1990:220).

'n Geslaagde skoolprojek waarby die ouers ook 'n aandeel gehad het, sal daartoe lei dat hulle meer met die skool identifiseer en meer by die skool betrokke wil raak (Burke, 1985:842).

3.6.4 Metodes van beheeruitoefening

Tweeringtingkommunikasie is 'n vereiste vir die doeltreffende beheer van projekte waarby ouers betrokke is. Hoofde kan slegs projekte evalueer indien hulle oor betroubare inligting beskik. Daarom moet hoofde self die kontrole van elke afdeling van die projek hanteer of die oplossing van moontlik probleme aan betroubare ouers oorlaat (Barnard, 1990:435).

Daar is verskeie maniere waarop hoofde kan bepaal in watter mate hulle die samewerking van die ouers het:

- Indien daar reeds tydens die beplanning van 'n funksie duidelike riglyne verskaf word, kan hoofde bepaal in watter mate ouers van die doelwitte afwyk en in watter mate hulle die samewerking van die ouers het (Van Schalkwyk, 1990:135).
- Hoofde kan vraelyste aan ouers stuur om vas te stel in watter mate doelstellings bereik is (Barnard, 1990:458).
- Die persentasie ouers wat vergaderings en funksies by die skool bywoon, dui op die geslaagdheid van oerbetrokkenheid by die skool (Gray, 1984:405).

- Ouers se kommentaar op die afskeurstrokies van omsendbriewe bepaal hoe geslaagd die verrigtinge was wat in die brief beskryf is (Barnard, 1990:458).
- Tydens onderhoude of informele gesprekke kan hoofde bepaal in watter mate die skool bepaalde doelwitte bereik het (Van Schalkwyk, 1990:167).
- Hoofde kan op grond van die opmerkings in die ouers se griewebylae bepaal waarmee die ouers ontevrede is (Barnard, 1990:450).
- Hoofde kan bepaal in watter mate daar wedersydse begrip en respek tussen die onderwysers en die ouers bestaan deur op 'n voortdurende basis die samewerking van die betrokke partye te monitor (Barnard, 1981:297).

Hoofde moet onderwysers en ouers so lei dat hulle in staat sal wees om op 'n positiewe en nie-stremmende wyse oor werkgroepe toesig te hou (Comer, 1986:445).

3.6.5 Sintese

Alle aspekte van bestuur veronderstel beheeruitoefening. Alle take moet geëvalueer word om te bepaal of die resultate aansluiting vind by die doelstellings wat gestel is. Tydens die evaluering van take word sowel die positiewe as die negatiewe resultate in ag geneem om te bepaal hoe doeltreffend die take verrig is. Kontrole het egter geen waarde indien afwykings nie geëvalueer word en die resultate nie tot voordeel van die skool aangewend word nie.

Ten opsigte van beheeruitoefening wil dit voorkom asof daar die volgende probleme by skole mag bestaan (vergelyk Hoofstuk 4 vir die empiries ondersoek na hierdie probleme):

- Ouers word nie opgelei om beheer uit oeraktiwiteite uit te oefen nie (vergelyk 3.6.3 en Vraag 18).
- Daar bestaan nie beheervoorskrifte wat aan ouers kriteria verskaf waarvolgens hulle moet optree nie (vergelyk 3.6.2 en Vrae 12, 15 en 22).
- Hoofde bepaal nie ouers se voorkeure met behulp van 'n vraelys nie (vergelyk 3.6.4 en Vraag 31).
- Die kommentaar van ouers op afskeurstrokies word nie gekontroleer en geëvalueer nie (vergelyk 3.6.4 en Vraag 33).
- Hoofde teken nie hulle evaluering van onderhoude met ouers of briewe wat hy ontvang, aan nie (vergelyk 3.6.4 en Vraag 13).

3.7 SAMEVATTING

Skoolhoofde het in hulle pogings om oerbetrokkenheid te bevorder voortdurend te make met intergemeenskapsverhoudinge en interpersoonlike verhoudinge. Positiewe interpersoonlike verhoudinge tussen die hoof en die verskillende ouers is 'n voorvereiste vir doelmatige oerbetrokkenheid. Dit is die skoolhoof se taak om ouers so te motiveer dat hulle graag by die skool betrokke sal wil raak. Daarom behoort skoolhoofde alle skoolfunksies of individuele onderhoude met ouers so te beplan, te organiseer en te kontroleer dat ouers se positiewe gesindheid as gevolg daarvan bevorder word.

Skoolhoofde behoort die gemeenskap se agting en goedgesindheid te wen deur gesonde gemeenskapsverhoudinge tussen verskillende organisasies en die skool te vestig. Daadwerklike oerbetrokkenheid by skoolaangeleenthede word bepaal deur gesonde skoolgemeenskapsverhoudinge (Barnard, 1990:458).

Dit is noodsaaklik dat hoofde in die veranderende tydsomstandighede alle kommunikasie-middele optimaal benut om gesonde tweerigtingkommunikasie tussen die skool en die gemeenskap te ontwikkel sodat ouers as toegeruste en geskoolde mede-opvoeders van hulle kinders optimaal benut kan word (Dekker, 1989a:27-30).

Die nuutste veranderinge in die onderwys van Suid-Afrika sal daartoe lei dat oerbetrokkenheid geoptimaliseer moet word (Dekker, 1989a:30 en Maree, 1991:1). Dit is belangrik dat ouers tot die aanvaarding van hulle primêre opvoedingsverantwoordelikheid gelei word. Plaaslike gemeenskappe sal as gevolg van die devolusie van gesag in die toekoms al groter wordende rolle in die bestuur van skole moet speel. Daarom is dit noodsaaklik dat hoofde die bestuursrade en die gemeenskap nou al moet oplei om meer produktief by die skool betrokke te raak (Bredenkamp, 1991:16-17; DOK, 1992:2).

In Hoofstuk 4 word daar met behulp van 'n vraelys bepaal in watter mate en op watter wyse oerbetrokkenheid by skole geoptimaliseer word.

HOOFSTUK 4

EMPIRIESE ONDERSOEK

4.1 INLEIDING

In hierdie hoofstuk word verslag gedoen van die empiriese ondersoek. Daar word aandag geskenk aan die navorsingsontwerp en die interpretasie van die data.

Die doel van die ondersoek is om empiries te bepaal:

- wat die stand van die skakeling tussen die skool en die ouergemeenskap is, en
- op watter wyses en in watter mate oerbetrokkenheid deur skoolhoofde bevorder word.

4.2 NAVORSINGSONTWERP

4.2.1 Die vraelys

4.2.1.1 Redes waarom 'n vraelys as meetinstrument verkies is

Na aanleiding van die literatuurstudie is daar om die volgende redes besluit om van vraelyste gebruik te maak om die inligting in te samel (De Wet et al., 1981:163; Pietersen. 1988:95; Borg & Gall. 1989:432-433):

- Meer data kan makliker ingesamel word.
- Die resultate wat deur middel van vraelyste verkry word, is meer betroubaar as dié van persoonlike onderhoude, omdat die respondente die geleentheid gebied word om objektiewe response op vroe te bied.
- Persoonlike beïnvloeding word deur die gebruik van vraelyste uitgeskakel.
- Die anonimiteit van die respondente bied hulle die geleentheid om eerlik te reageer.
- Dit is baie meer ekonomies om vraelyste te gebruik, omdat reaksie van duisende respondente binne 'n relatiewe kort tydperk en op 'n baie goedkoop wyse verkry kan word.

- Vraelyste is gestandaardiseer. Alle respondente kry presies dieselfde instruksies. Hulle weet wat van hulle verwag word en hulle reaksie op die inligting kan maklik ontleed word.
- Tabellering van die response vergemaklik die ontleding van die respondente se reaksie.
- 'n Groot aantal respondente kan by die ondersoek betrek word.

Gestruktureerde (geslote) en ongestruktureerde (oop) items is gebruik vir die konstruksie van die vraelys.

Gestruktureerde (geslote) items bied aan die respondente die keuse om te kies uit die antwoorde wat die navorser aan hulle bied (De Wet et al., 1981:163). Soms het hierdie vrae slegs aan die respondente die keuse “ja” en “nee” gebied, terwyl ander alternatiewe, soos “ander (spesifiseer asseblief)” ook bygevoeg is. Daar is in die algemeen van geslote items gebruik gemaak, omdat die eenvormigheid daarvan groter betroubaarheid en makliker tabellering met die oog op rekenaarkodering bied.

Ongestruktureerde items bied aan die respondente die geleentheid om vrye keuse uit te oefen of om hulle eie menings te lug (De Wet et al., 1981:163). Die respondente is byvoorbeeld die keuse gebied om alternatiewe bestuursliggame, wat by skoolaktiwiteite betrokke is, te spesifiseer (vergeelyk Vrae 11 tot 24). Alhoewel die items tabellering en kodering bemoeilik het, en sommige respondente inligting verstrek het wat nie op die vrae betrekking het nie, het dit aan die respondente die geleentheid gebied om meer inligting te verstrek. Sodoende kon die navorser meer objektiewe opnames maak.

4.2.1.2 Die struktuur van die vraelys

Die vraelys bestaan uit die volgende vier afdelings (vergeelyk Bylae 4):

- Afdeling A handel oor die biografiese inligting (vergeelyk Bylae 4, Vrae 1 tot 9).
- Afdeling B handel oor die demografiese inligting (vergeelyk Bylae 4, Vrae 10.1 tot 10.17).
- Afdeling C handel oor die mate van oerbetrokkenheid by die bestuur van die skool (vergeelyk Bylae 4, Vrae 11 tot 24).
- Afdeling D handel oor die belangrikheid van die wyses waarop hoofde oerbetrokkenheid bevorder (vergeelyk Bylae 4, Vrae 25 tot 41 linkerkantste kolom).
- Afdeling D handel verder ook oor die reaksie van die ouers op die pogings van die hoofde om oerbetrokkenheid te bevorder (vergeelyk Bylae 4, Vrae 25 tot 41 regterkantste kolom)

4.2.1.3 Loodsondersoek

'n Loodsondersoek is gedoen deur voorlopige vraelyste aan vier skoolhoofde ($n=4$) voor te lê. Die doel daarmee was om te bepaal of al die vrae vir al die respondente verstaanbaar en duidelik is. Nadat dit geblyk het dat nie een van die vier skoolhoofde in die loodsondersoek probleme met die vraelys ondervind het nie, is die vraelys gefinaliseer. Hierdie skoolhoofde is nie as respondente in die finale ondersoek betrek nie.

4.2.1.4 Administratiewe prosedures

Nadat die Uitvoerende Direkteur van Onderwys in Transvaal toestemming tot die uitstuur van die finale vraelyste verleen het, is die vraelyste aan die hoofde, wat as teikengroep dien, gestuur. 'n Begeleidende brief en gefrankeerde koevert het elke vraelys vergesel.

4.2.2 STUDIEPOPULASIE EN STEEKPROEF

Die 93 primêre skole in die Johannesburgstreek is volgens hulle samestelling, taalmedium en die sosio-ekonomiese status van die ouergemeenskap gegroepeer. Nadat die skole vir buitengewone onderwys en Piii-skole vir navorsingsdoeleindes buite rekening gelaat is, omdat hulle nie binne die voorafbepaalde teikengroep val nie, het 76 primêre skole oorgebly. Vir navorsingsdoeleindes is 'n gestratifiseerde ewekansige teikengroep van 65 ($N=65$) saamgestel.

Amptelike toestemming is van die Transvaalse Onderwysdepartement verkry, voordat die vraelyste aan elk van die 65 primêre skole in Johannesburg gestuur is.

TABEL 4.1 VRAELYSTE UITGESTUUR EN TERUGONTVANG

TIPE SKOOL	UITGESTUUR		TERUGONTVANG	
	f	%	f	%
Pi	25	38.5	22	88.0
Pii	40	61.5	35	87.5
TOTAAL	65	100	57	87.7

Uit Tabel 4.1 blyk dit dat 57 van die 65 vraelyste (87,7%) terugontvang is. Volgens Landman (1980:112) is terugvoering van meer as 70% voldoende om betekenisvolle afleidings te maak.

Die data en afleidings geld slegs ten opsigte van die studiepopulasie en nie ander primêre skole in die TOD of die RSA nie.

4.2.3 Statistiese tegniek

Die vraelysdata is met behulp van 'n hoofraamrekenaar van die PU vir CHO ingesteutel en verwerk. Daar is van 'n Statistical Analysis System (SAS-) rekenaarpakket gebruik gemaak vir die verwerking van die data. Frekwensie per vraag is met behulp van die PROC FREQ prosedure van SAS verkry (SAS-Institute Inc., 1985).

TABEL 4.2 BIOGRAFIESE INLIGTING

Nr.	BIOGRAFIESE INLIGTING	f	%
1	Ouderdom van hoofde		
	20 - 29 jaar	0	0.0
	30 - 39 jaar	9	15.8
	40 - 49 jaar	33	57.9
	50 - 59 jaar	14	24.6
	60 jaar en ouer	1	1.8
	Totaal	57	100.0
2	Geslag van hoofde		
	manlik	50	87.7
	vroulik	7	12.3
	Totaal	57	100.0
3	Akademie kwalifikasies		
	Geen respons	26	45.6
	B.A.; Bsc.; B.Comm.	16	28.1
	Hon.; B. Ed.	12	21.1
	M.Ed.; D.Ed.	3	5.3
	Totaal	57	100.0
4	Professionele kwalifikasies		
	onderwysdiploma	57	100.0
	ja nee	0	0.0
	Totaal	57	100.0
5	Ervaring as hoof		
	3 jaar en minder	16	28.1
	4 - 6 jaar	7	12.3
	7 - 10 jaar	9	15.8
	11 jaar en meer	25	43.9
	Totaal	57	100.0
6	Aantal jare by huidige skool		
	1 jaar en minder	12	21.1
	2 - 3 jaar	11	19.3
	4 - 5 jaar	6	10.5
	6 jaar en meer	28	49.1
	Totaal	57	100.0

4.3 INTERPRETASIE VAN DIE DATA

4.3.1 BIOGRAFIESE INLIGTING

Die doel van hierdie vrae (Bylae 4, Vrae 1 tot 6) was om 'n beeld van die geslag en die ervaringsveld van die hoofde van die verskillende skole te kry (vergelyk Tabel 4.2).

Vraag 1 : Ouderdom van die hoofde

Uit Tabel 4.2 blyk dit dat 15.8% van die hoofde tussen 30 en 39 jaar oud is, 57.9% van die hoofde tussen 40 en 49 jaar oud is, en 24.6% van die hoofde tussen 50 en 59 jaar oud is. Slegs 1 (1.8%) hoof is 60 jaar of ouer.

Vraag 2 : Geslag van die hoofde

Die respons op Vraag 2 toon dat 87.7% van die hoofde manlik en 12.3% van die hoofde vroulik is. Die meerderheid van die hoofde is dus mans.

Vrae 3 en 4 : Kwalifikasies

Volgens die response op Vrae 3 en 4 beskik 100% van die respondente oor professionele kwalifikasies. Al die hoofde het dus professionele opleiding aan onderwyskolleges ontvang. Hierteenoor beskik 54.5% van die respondente oor verdere akademiese kwalifikasies. Hiervan beskik 28.6% oor 'n B.A.-, B.Sc.- of B.Com.-graad, terwyl 21.1% 'n Hons.- of B.Ed.-graad en 5.3% 'n M.Ed- of D.Ed-graad behaal het.

Vraag 5 : Ervaring as hoof

Die respons op Vraag 5 toon dat 28.1% van die hoofde hulle huidige pos minder as 3 jaar lank beklee. Van die hoofde het 12.3% tussen 4 en 6 jaar ondervinding, terwyl 15.8% van die hoofde dié pos reeds tussen 7 en 10 jaar lank beklee en 43.9% van die hoofde reeds langer as 10 jaar hoofde van skole is.

Vraag 6 : Aantal jare hoof by die huidige skool

Volgens die respons op Vraag 6 beklee 59.6% van die hoofde reeds 4 jaar en langer die hoofpos by hulle huidige skool.

□ Profiel van studiepopulasie

Die volgende gevolgtrekkings kan op grond van die response gemaak word:

- Die meeste van die respondente (84.3%) is ervare, volwasse mans tussen die ouderdom van 40 en 59 is.
- Alhoewel alle respondente oor professionele kwalifikasies beskik, het 31 (54.5%) van die respondente wat gerespondeer het akademiese kwalifikasies verwerf.
- Die meerderheid (78.9%) van dié hoofde beklee hulle huidige pos langer as drie jaar.
- Slegs 7 (12.3%) van die 57 respondente was vroue.

4.3.2 Demografiese inligting

Die doel van hierdie vrae (Bylae 4, Vrae 7 tot 9) is om te bepaal wat die taalmedium en gradering van die skole is, en wat die oorwegende sosio-ekonomiese status van die omgewing is.

TABEL 4.3 DEMOGRAFIESE INLIGTING

Nr	Vrae	f	%
7	Gradering van die skool		
	Geen respons	1	1.8
	Pi (primêr graad i)	22	38.6
	Pii (primêr graad ii)	34	59.6
	Totaal	57	100.0
8	Taalmedium van die skole		
	Afrikaans	14	24.6
	Engels	41	71.9
	dubbelmedium	2	3.5
	Totaal	57	100.0
9	Sosio-ekonomiese status		
	hoër inkomste groep	17	29.8
	gemiddelde inkomste groep	29	50.9
	laer inkomste groep	11	19.3
	Totaal	57	100.0

□ Vraag 7 : Die gradering van die skole

Volgens die respons op Vraag 7 is 59.6% van die respondente hoofde by Pii-skole.

□ Vraag 8 : Taalmedium van die skool

Die respons op Vraag 8 toon dat 71.9% van die skole Engelsmedium is. Van die 57 respondente beklee 24.6% hoofposte aan Afrikaansmedium skole.

□ Vraag 9 : Die oorwegende sosio-ekonomiese status van die omgewing

Die respons op Vraag 9 toon dat 80.7% van die skole in die gemiddelde en hoër inkomstegroepe geleë is.

□ Profiel van die studiebevolking

Op grond van die response kan die volgende gevolgtrekking gemaak word:

- Die meeste (59.6%) skole is Pii- skole.
- Van die 57 skole is die meeste (71.9%) skole Engelsmedium.
- Die skole is oorwegend in gemeenskappe met 'n gemiddelde en hoër inkomste geleë.

4.3.3 Knoopstrukture tussen die skool en die gesin

Die doel van Vraag 10 (Bylae 4) was om te bepaal watter komitees by die verskillende skole bestaan, en hoe 'n belangrike funksie hulle, volgens die hoofde, vervul of moontlik kan vervul.

Uit die linkerkantste kolom van Tabel 4.4 blyk dit dat die volgende komitees by die meeste skole voorkom: bestuursrade (93%), finansiële komitees (89.5%), remediërende onderwyskomitees (82.5%), mediakomitees (78.9%) en OOV of PTA (78.9%).

Die linkerkantste kolom dui daarop dat die publikasiekomitees (38.6%), sportkomitees (38.6%) en kultuurkomitees (31.6%) die minste by die respondente se skole voorkom. 'n Vervoerkomitee kom nie algemeen by primêre skole voor nie. Dit bestaan by slegs vier (7%) van die skole.

TABEL 4.4 KNOOPSTRUKTURE TUSSEN DIE SKOOL EN DIE GESIN

GEEN		BESTAAN				VRAAG- NOMMER	KNOOPSTRUKTURE	GEEN		BELANGRIKHEID							
RESPONS		Ja		Nee				RESPONS		1		2		3		4	
f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%		
4	7.0	53	93.0	0	0.0	10.1	bestuursraad			1	1.8	1	1.8	6	10.5	49	86.0
7	12.3	34	59.6	16	28.1	10.2	TAO/TEMPA	8	14.0	13	22.8	13	22.8	14	24.6	9	15.8
6	10.5	45	78.9	6	10.5	10.3	OOV/PTA	3	5.3	4	7.0	2	3.5	12	21.1	36	63.2
10	17.5	23	40.4	24	42.1	10.4	standerd- en klaskomitee	13	22.8	12	21.1	6	10.5	13	22.8	13	13.8
4	7.0	51	89.5	2	3.5	10.5	finansiële komitee	1	1.8	1	1.8	3	5.3	7	12.3	45	78.9
8	14.0	30	52.6	19	33.3	10.6	beplanningskomitee	8	14.0	9	15.8	6	10.5	10	17.5	24	42.1
6	10.5	33	57.9	18	31.6	10.7	fondsinsamelingskomitee	7	12.3	10	17.5	2	3.5	10	17.5	28	49.1
8	14.0	29	50.9	20	35.1	10.8	skoolsekuriteitskomitee	9	15.8	8	14.0	5	8.8	14	24.6	21	36.8
11	19.3	22	38.6	24	42.1	10.9	publikasiekomitee	16	28.1	11	19.3	15	26.3	10	17.5	5	8.8
6	10.5	45	78.9	6	10.5	10.1	mediakomitee	5	8.8	3	5.3	4	7.0	16	28.1	29	50.9
12	21.1	22	38.6	23	40.4	10.11	sportkomitee	11	19.3	10	17.5	11	19.3	13	22.8	12	21.1
12	21.1	18	31.6	27	47.4	10.12	kultuurkomitee	13	22.8	13	22.8	9	15.8	14	24.6	8	14.0
9	15.8	28	49.1	20	35.1	10.13	naskoolsentrumkomitee	9	15.8	13	22.8	6	10.5	12	21.1	17	29.8
6	10.5	47	82.5	4	7.0	10.14	remediërende onderwyskomitee	4	7.0	1	1.8	1	1.8	10	17.5	41	71.9
13	22.8	4	7.0	40	70.2	10.15	vervoerkomitee	20	35.1	15	26.3	13	22.8	4	7.0	5	8.8
8	14.0	33	57.9	16	28.1	10.16	snoepwinkelkomitee	10	17.5	7	12.3	12	21.1	15	26.3	13	22.8
9	15.8	30	52.6	18	31.6	10.17	geboue- en terreinkomitee	10	17.5	8	14.0	6	10.5	18	31.6	15	26.3

70

In die linkerkantste kolom word aangedui of die komitees by die skole bestaan. In die regterkantste kolom word die belangrikheid wat die verskillende komitees vervul, aangedui. Die sleutel waarvolgens hierdie stellings beantwoord moes word, is:

- 1 = glad nie belangrik nie
- 2 = minder belangrik
- 3 = redelik belangrik
- 4 = baie belangrik

Wat die belangrikheid van die komitees betref, blyk dit uit die regterkantste kolom dat hoofde die volgende komitees as belangrik en baie belangrik beskou: bestuursrade (92%), finansiële komitees (91.2%), remediërende komitees (89.4%), OOV of PTA (84.3%) en mediakomitees (79%).

Uit die regterkantste kolom blyk dit dat enkele komitees as onbelangrik en van minder belang beskou word: die vervoer- (15.8%), die publikasie- (26.3%) en die kultuurkomitees (38.6%).

Dit blyk ook dat daar ooreenkomste bestaan tussen die voorkoms van komitees en die belangrikheid daarvan vir die respondente, soos byvoorbeeld die bestuursraad (93 teenoor 92%), die OOV of PTA (78.9 teenoor 84,3%), die remediërende (82.5 teenoor 89.4%), die finansiële (89.5 teenoor 91.2%), die media- (78.9 teenoor 79%), sport- (38.6 teenoor 43.9%), kultuur- (31.6 teenoor 38.6%) en vervoerkomitees (7 teenoor 15.8%) (vergelyk Tabel 4.3). Terwyl sommige komitees, soos bestuursrade, deur die meeste respondente as belangrik beskou word, en ook by die meeste skole voorkom, is daar komitees, soos die vervoerkomitees, wat deur die respondente as onbelangrik beskou word, en by min skole bestaan.

4.3.4 Ouerbetrokkenheid by die bestuur van die skool

Die doel van hierdie vrae (Bylae 4, Vrae 11 tot 24) was om te bepaal in watter mate ouers by die bestuur van die skool betrokke is (vergelyk Tabel 4.5).

□ Vraag 11 : Ouerbetrokkenheid by die bepaling van doelwitte vir die skool

Wat Vraag 11 betref, blyk dit dat 87.7% van die bestuursrade in 'n groter mate of baie betrokke is by die bepaling van doelwitte vir die skole. Daar is by 64.9% van die skole se OOV- of PTA-komitees baie of 'n groter mate van betrokkenheid by die bepaling van doelwitte vir die skool. By 71.9% van die skole is die TAO- of TEMPA-komitees in 'n minder mate of nie betrokke by die bepaling van doelwitte vir die skool nie. By ses (10.5%) van die skole is ander komitees, naamlik klas-, geboue- en terrein-, verversings- en die snoepwinkelkomitees, ook in 'n groter mate tot baie betrokke by die bepaling van doelwitte vir die skool.

Die rede vir die groter betrokkenheid van die bestuurliggame en die OOV/PTA-komitees by die bepaling van die doelwitte is waarskynlik geleë in die feit dat hierdie knoopstrukture al langer by skole bestaan, en dat die verteenwoordigers op die bestuur van die komitees meer bewus is van die behoeftes van skole en die rolle van die onderwysers en die ouers in die skoolgemeenskap (vergelyk 3.3.3)

TABEL 4.5 OUERBETROKKENHEID BY DIE BESTUUR VAN DIE SKOOL

Vr. OUERBETROKKENHEID BY DIE BESTUUR Nr. VAN DIE SKOOL	GEEN RESPONS		NIE BETROKKE		MINDER MATE BETROKKE		GROTER MATE BETROKKE		BAIE BETROKKE		TOTAAL	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
	11 In watter mate is ouers, in samewerking met die hoof, verantwoordelik vir die bepaling van doelwitte vir die skool ?											
11.1 bestuursraad	1	1.8	1	1.8	5	8.8	19	33.3	31	54.4	57	100
11.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	3	5.3	17	29.8	24	42.1	9	15.8	4	7.0	57	100
11.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	2	3.5	13	22.8	5	8.8	21	36.8	16	28.1	57	100
11.4 ander (spesifiseer asb.)	43	75.4	8	14.0	0	0.0	2	3.5	4	7.0	57	100
12 In watter mate is ouers, in samewerking met die hoofverantwoordelik vir die opstel van pligstate ?												
12.1 bestuursraad	1	1.8	24	42.1	12	21.1	10	17.5	10	17.5	57	100
12.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	2	3.5	37	64.9	14	24.6	3	5.3	1	1.8	57	100
12.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	2	3.5	31	54.4	8	14.0	13	22.8	3	5.3	57	100
12.4 ander (spesifiseer asb.)	42	73.7	11	19.3	1	1.8	3	5.3	0	0.0	57	100
13 In watter mate is ouers, in samerking met die hoof, verantwoordelik vir die oplossing van probleme ?												
13.1 bestuursraad	1	1.8	1	1.8	5	8.8	27	47.4	23	40.4	57	100
13.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	2	3.5	29	50.9	19	33.3	3	12.3	0	0.0	57	100
13.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	1	1.8	22	38.6	15	26.3	16	28.1	3	5.3	57	100
13.4 ander (spesifiseer asb.)	42	73.7	9	15.8	2	3.5	4	7.0	0	0.0	57	100
14 In watter mate is ouers, in samerking met die hoof, verantwoordelik vir die opstel van die skooibeleid ?												
14.1 bestuursraad	2	3.5	12	21.1	8	14.0	23	40.4	12	21.1	57	100
14.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	4	7.0	41	71.9	9	15.8	2	3.5	1	1.8	57	100
14.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	2	3.5	35	61.4	12	21.1	8	14.0	0	0.0	57	100
14.4 ander (spesifiseer asb.)	43	75.4	12	21.1	1	1.8	1	1.8	0	0.0	57	100

TABEL 4.4 KNOOPSTRUKTURE TUSSEN DIE SKOOL EN DIE GESIN (vervolg)

Vr. OUERBETROKKEHEID BY DIE BESTUUR Nr. VAN DIE SKOOL	GEEN RESPONS		NIE BETROKKE		MINDER MATE BETROKKE		GROTER MATE BETROKKE		BAIE BETROKKE		TOTAAL	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
	15 In watter mate is ouers, in samerking met die hoof, verantwoordelik vir die opstel van 'n ouerbetrokkenheidsbeleid ?											
15.1 bestuursraad	3	5.3	1	1.8	4	7.0	25	43.9	24	42.1	57	100
15.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	4	7.0	33	57.9	9	15.8	8	14.0	3	5.3	57	100
15.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	2	3.5	18	31.6	5	8.8	25	43.9	7	12.3	57	100
15.4 ander (spesifiseer asb.)	45	78.9	9	15.8	1	1.8	2	3.5	0	0.0	57	100
16 In watter mate is ouers, in samewerking met die hoof, verantwoordelik vir die skep van subkomitees ?												
16.1 bestuursraad	3	5.3	3	5.3	7	12.3	20	35.1	24	42.1	57	100
16.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	4	7.0	36	63.2	10	17.5	3	5.3	4	7.0	57	100
16.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	2	3.5	15	26.3	8	14.0	21	36.8	11	19.3	57	100
16.4 ander (spesifiseer asb.)	48	84.2	6	10.5	2	3.5	1	1.8	0	0.0	57	100
17 In watter mate delegeer ouers, wat lede van die volgende komitees is, van hulle werksaamhede om optimale ouerbetrokkenheid te verseker ?												
17.1 bestuursraad	4	7.0	6	10.5	13	22.8	18	31.6	16	28.1	57	100
17.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	6	10.5	30	52.6	14	24.6	5	8.8	2	3.5	57	100
17.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	3	5.3	18	31.6	7	12.3	22	38.6	7	12.3	57	100
17.4 ander (spesifiseer asb.)	47	82.5	7	12.3	1	1.8	0	0.0	2	3.5	57	100
18 In watter mate verskaf ouers, wat lede van die volgende komitees is, opleiding aan ander ouers om doeltreffende funksionering te verseker ?												
18.1 bestuursraad	1	1.8	10	17.5	24	42.1	12	21.1	10	17.5	57	100
18.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	4	7.0	38	66.7	10	17.5	5	8.8	0	0.0	57	100
18.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	1	1.8	19	33.3	16	28.1	17	29.8	4	7.0	57	100
18.4 ander (spesifiseer asb.)	48	84.2	7	12.3	2	3.5	0	0.0	0	0.0	57	100

TABEL 4.4 KNOOPSTRUKTURE TUSSEN DIE SKOOL EN DIE GESIN (vervolg)

Vr. OUERBETROKKEHEID BY DIE BESTUUR Nr. VAN DIE SKOOL	GEEN RESPONS		NIE BETROKKE		MINDER MATE BETROKKE		GROTER MATE BETROKKE		BAIE BETROKKE		TOTAAL	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
	19 In watter mate koördineer ouers, wat lede van die volgende komitees is, die ander ouers se funksies om doeltreffende funksionering te verseker ?											
19.1 bestuursraad	4	7.0	11	19.3	13	22.8	18	31.6	11	19.3	57	100
19.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	7	12.3	38	66.7	9	15.8	2	3.5	1	1.8	57	100
19.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	3	5.3	25	43.9	11	19.3	16	28.1	2	3.5	57	100
19.4 ander (spesifiseer asb.)	47	82.5	8	14.0	1	1.8	0	0.0	1	1.8	57	100
20 In watter mate word deskundige ouers deur die volgende komitees gekoöpteer om leiding aan ouers te verskaf ?												
20.1 bestuursraad	1	1.8	5	8.8	20	35.1	15	26.3	16	28.1	57	100
20.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	3	5.3	36	63.2	11	19.3	5	8.8	2	3.5	57	100
20.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	1	1.8	22	38.6	15	26.3	14	24.6	5	8.8	57	100
20.4 ander (spesifiseer asb.)	48	84.2	7	12.3	1	1.8	1	1.8	0	0.0	57	100
21 In watter mate maak ouers, wat lede van die volgende komitees is, van die skool se kommunikasiemiddels gebruik om oerbetrokkenheid te bevorder ?												
21.1 bestuursraad	3	5.3	1	1.8	12	21.1	19	33.3	22	38.6	57	100
21.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	4	7.0	27	47.4	13	22.8	10	17.5	3	5.3	57	100
21.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	2	3.5	14	24.6	7	12.3	16	28.1	18	31.6	57	100
21.4 ander (spesifiseer asb.)	47	82.5	8	14.0	0	0.0	2	3.5	0	0.0	57	100
22 In watter mate is ouers, wat lede van die volgende komitees is, betrokke by die opstel van beheervoorskrifte om te verseker dat hulle hul doelwitte bereik ?												
22.1 bestuursraad	5	8.8	4	7.0	13	22.8	19	33.3	16	28.1	57	100
22.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	9	15.8	31	54.4	13	22.8	3	5.3	1	1.8	57	100
22.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	7	12.3	23	40.4	18	31.6	7	12.3	2	3.5	57	100
22.4 ander (spesifiseer asb.)	45	78.9	8	14.0	2	3.5	1	1.8	1	1.8	57	100

TABEL 4.4 KNOOPSTRUKTURE TUSSEN DIE SKOOL EN DIE GESIN (vervolg)

Vr. OUERBETROKKEHEID BY DIE BESTUUR Nr. VAN DIE SKOOL	GEEN RESPONS		NIE BETROKKE		MINDER MATE BETROKKE		GROTER MATE BETROKKE		BAIE BETROKKE		TOTAAL	
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%
	23 In watter mate kontroleer en evalueer ouers die verloop en voltooiing van gedelegeerde take in die volgende komitees ?											
23.1 bestuursraad	3	5.3	5	8.8	15	26.3	17	29.8	17	29.8	57	100
23.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	5	8.8	35	61.4	15	26.3	1	1.8	1	1.8	57	100
23.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	2	3.5	19	33.3	13	22.8	16	28.1	7	12.3	57	100
23.4 ander (spesifiseer asb.)	46	80.7	8	14.0	2	3.5	0	0.0	1	1.8	57	100
24 In watter mate skenk die hoof en ouers in die volgende komitees aandag aan geskille tussen ouers, onderwysers en die leerlinge om samewerking en begrip tussen hulle te bevorder ?												
24.1 bestuursraad	2	3.5	7	12.3	10	17.5	18	31.6	20	35.1	57	100
24.2 erkende statutêre bestuursliggame,TAO/TEMPA	5	8.8	31	54.4	14	24.6	6	10.5	1	1.8	57	100
24.3 erkende nie-statutêre bestuursliggame,OOV/PTA	3	5.3	21	36.8	13	22.8	12	21.1	8	14.0	57	100
24.4 ander (spesifiseer asb.)	47	82.5	8	14.0	0	0.0	1	1.8	1	1.8	57	100

□ Vraag 12 : Ouerbetrokkenheid by die opstel van pligstate

Uit die respons op Vraag 12 blyk dit dat ouers min betrokke is by die opstel van pligstate, want 35% van die bestuursrade, 7.1% van die TAO- of TEMPA-komitees en 28.1% van die OOV- of PTA-komitees is in 'n groter mate of baie daarmee betrokke. By drie (5.3%) van die skole is ander komitees soos die klaskomitees, 'n moederkomitee en geboue- en terreinkomitees ook in 'n groter mate tot baie betrokke by die opstel van pligstate.

Die rede vir die onbetrokkenheid van ouers by die opstelling van pligstate is waarskynlik daarin geleë dat die organisasiestrukture by die skole tot dusver net voorsiening gemaak het vir die delegering van take aan ouers. Daar is nie voorsiening gemaak het vir die skep van organisasiestrukture waarin ouers ook betrokke is by die beplanning, organisering en delegering van take nie (vergelyk 3.4.2 en 3.4.3).

□ Vraag 13 : Ouerbetrokkenheid by die oplossing van probleme by die skool

Die respons op Vraag 13 toon dat die bestuursrade van 87.8% van die skole in 'n groter mate tot baie betrokke is by die oplossing van probleme. By vier (7%) van die skole is ander komitees, naamlik 'n moederkomitee en die terrein- en gebouekomitees in 'n groter mate tot baie betrokke by die oplossing van probleme.

Die rede waarom lede van die bestuursrade hoofsaaklik alleen betrokke is by die oplossing van probleme is daarin geleë dat die bestuursraad as die amptelike mondstuk van die ouers gesien is, en dat daar tot nou toe nog min geleentheid geskep is vir die lede van die ander komitees om betrokke te raak by beplanning van skoolaktiwiteite of die bestuur van skole (vergelyk 3.3.5).

□ Vraag 14 : Ouerbetrokkenheid by die opstel van 'n skoolbeleid

Die respons op Vraag 14 toon dat alhoewel bestuursrade van 61,5% van die skole in 'n groter mate en baie betrokke is by die opstel van die skoolbeleid, slegs 5.3% van die TAO- of TEMPA- en 14% van die OOV- of PTA-komitees in 'n groter mate of baie betrokke is by die opstel van die skoolbeleid. By een (1.8%) van die skole is 'n ander komitee, naamlik 'n klaskomitee, in 'n groter mate betrokke by die opstel van die skoolbeleid.

Die rede vir die onbetrokkenheid van die lede van die ander komitees, behalwe die bestuursraad, by die opstel van 'n skoolbeleid is waarskynlik daarin geleë dat min voorsiening gemaak was vir oerbetrokkenheid by die opstel van 'n skoolbeleid (vergeelyk 3.3.4).

□ **Vraag 15 : Oerbetrokkenheid by die opstel van 'n oerhandleiding**

Wat die respons op Vraag 15 betref, blyk dit dat baie (86%) bestuursrade in 'n groter mate of baie betrokke is by die opstel van die oerhandleiding van die skool. By twee (3.5%) van die skole is al die ouers in 'n groter mate tot baie betrokke by die opstel van 'n oerhandleiding.

Die rede vir die verskil in die mate van oerbetrokkenheid by die opstel van oerbetrokkenheidsbeleide by die verskillende skole is geleë in die feit dat daar by slegs 52% van die skole beplanningskomitees bestaan, en dat die bestuursrade hierdie funksie vervul (vergeelyk 3.3.3 en Tabel 4.4).

□ **Vraag 16 : Oerbetrokkenheid by die skep van subkomitees**

Uit die respons op Vraag 16 blyk dit dat 77.2% van die bestuursrade en 56.1% van die OOV-of PTA-komitees in groter mate of baie betrokke is by die skep van subkomitees. By een van die skole is 'n ander komitee, naamlik die fondsinsamelingskomitee, ook in 'n groter mate betrokke by die skep van subkomitees.

Die feit dat die bestuursrade in 'n groter mate tot baie betrokke is by die skep van subkomitees is aan die skep van organisasiestrukture by skole toe te skryf (vergeelyk 3.4.2). Die ander komitees is vir 'n spesifieke taak geskep, terwyl ander ouers nog nie opgelei is om die take te verrig nie of nog nie genoegsaam by die skole betrek word nie (vergeelyk 2.8).

□ **Vraag 17 : Die mate waarin komiteelede van hulle werk delegeer om oerbetrokkenheid te optimaliseer**

Die respons op Vraag 17 toon dat 59.7% van die bestuursrade en 50.9% van die OOV-of PTA-komitees in 'n groter mate tot baie van hulle werk aan ouers delegeer. By twee (3.5%) skole delegeer ander komitees, naamlik 'n fondsinsamelingskomitee en 'n klas-komitees in 'n groter mate tot baie van hulle werk om oerbetrokkenheid te optimaliseer.

Die bestuursrade en die OOV- of PTA-komitees se groter mate van betrokkenheid by die delegering van hulle werk is geleë in die feit dat die bestuursrade en OOV- of PTA-komitees verantwoordelik is vir verskeie funksies, en dat hulle persone mag koöpteer om spesifiek take te verrig (vergelyk 2.8). Lede van ander komitees delegeer waarskynlik nie van hulle werk aan ander ouers nie, omdat dié ouers nie opgelei is om die take te verrig nie, of nie betrokke wil raak nie.

□ Vraag 18 : Opleiding van ouers om ouerbetrokkenheid te optimaliseer

Wat die respons op Vraag 18 betref, kan afgelei word dat min komitees betrokke is by die opleiding van ouers om ouerbetrokkenheid te optimaliseer, want 59.6% van die bestuursrade, 84.2% van die TAO- of Tempa-komitees en 61.4% van die OOV- of PTA-komitees is slegs in 'n minder mate of glad nie by die opleiding van ouers betrokke nie. By twee (3.5%) skole is ander komitees, soos die klaskomitees, ook in 'n minder mate betrokke by die opleiding van ouers.

Die rede waarom ouers nie opgelei is nie, is waarskynlik gesetel in die onbetrokkenheid van ouers by die skole en die feit dat onderwysers eerder hierdie take waarvoor opleiding nodig was, self verrig (vergelyk 3.5).

□ Vraag 19 : Die koördinerings funksies van ouers se funksies om doeltreffende funksionering te optimaliseer

Uit die respons op Vraag 19 blyk dit dat 50.9% van die bestuursrade, 5.3% van die TAO- of TEMPA-komitees en 31.6% van die OOV- of PTA-komitees van die skole in 'n groter mate tot baie betrokke is by die koördinerings take van ouers. By een (1.8%) skool koördineer die funksiekomitee ook in 'n groter mate tot baie die take van die ouers.

Die feit dat ouers nie die nodige opleiding ontvang het om die funksies te verrig nie, en dat daar min subkomitees bestaan, is waarskynlik die oorsaak vir die swak betrokkenheid van ouers by die koördinerings funksies (vergelyk 3.4.4 en Vrae 18 en 15).

□ Vraag 20 : Koöptering van deskundiges om ouerbetrokkenheid te optimaliseer

Volgens die respons op Vraag 20 blyk dit dat 54.4% van die bestuursrade in 'n groter mate of dikwels deskundiges koöpteer. By een (1.8%) skool koöpteer die klaskomitees in groter mate deskundiges om ouerbetrokkenheid te optimaliseer.

Die feit dat bestuurslede nie bewus is van die waardevolle rol wat die deskundiges kan speel nie, of dat bestuurslede deur die deskundiges bedreig voel, is waarskynlik die redes waarom deskundiges so min by skole gekoöpteer word (vergeelyk 3.4.3 en 3.3.5).

□ Vraag 21 : Die mate waarin ouers van die skool se kommunikasiemiddels gebruik maak

Uit die respons op Vraag 21 blyk dit dat 71.9% van die bestuursrade en 59.7% van die OOV- of PTA-komitees in 'n groter mate tot baie van die skole se kommunikasiemiddels gebruik maak. By twee (3.5%) skole maak ander komitees, naamlik 'n fondsinsamelings- en 'n klaskomitee, in groter mate tot baie van hulle skole se kommunikasiemiddels gebruik.

Die rede waarom die meeste komitees nie van die skool se kommunikasiemiddels gebruik maak nie is waarskynlik gesetel in die feit dat die organisasie van die ouerbetrokkenheid so bestuur word dat die skoolhoofde reeds die boodskappe aan ouergemeenskappe oordra voordat ouers dit kan doen (vergeelyk 3.5.4).

Die bestuursrade en OOV- of PTA-komitees, net soos die hoofde, besef die waarde van goeie kommunikasie en beplan die gebruik van die skool se kommunikasiemiddels om die beste resultate te verkry (vergeelyk 3.5.4 en Vraag 25).

□ Vraag 22 : Die mate van ouerbetrokkenheid by die opstel van beheer-voorskrifte

Volgens die respons op Vraag 22 blyk dit dat 61.1% van die bestuursrade van die skole in 'n groter mate of baie betrokke is by die opstel van beheer-voorskrifte. By twee (3.5%) van die skole is ander komitees, naamlik 'n fondsinsamelings- en 'n klaskomitee, ook dikwels of in 'n groter mate betrokke by die opstel van beheer-voorskrifte.

Aangesien bestuursrade meestal betrokke is by die bepaling van doelwitte, die opstel van pligstate en die skep van subkomitees, is hulle ook meestal betrokke by die opstel van beheer-voorskrifte (vergeelyk 3.6 en vrae 11, 12 en 16). Die onbetrokkenheid van die ander komitees kan waarskynlik daaraan toegeskryf word dat daar of nie 'n behoefte daarvoor bestaan nie, of dat die ouers nie opgelei is om beheer uit te oefen nie (vergeelyk 3.6.3).

□ **Vraag 23 : Die mate waarin ouers die verloop en voltooiing van gedelegeerde take kontroleer en evalueer**

Die respons op Vraag 23 toon dat 59.6% van die bestuursrade in 'n groter mate tot baie betrokke is by die kontrolering en evaluering van gedelegeerde take. By twee (3.5%) van die skole is ander komitees, naamlik 'n fondsinsamelings- en 'n klaskomitee, in 'n groter mate tot baie betrokke by die kontrole en evaluering van die verloop en die voltooiing van gedelegeerde take.

Aangesien 59.7% van die bestuursrade meestal tot baie by die delegering van werk betrokke is, kontroleer en evalueer 59.6% van hulle in 'n groter mate tot baie die take (vergelyk 3.6 en Vraag 17). Die ander komitees is waarskynlik ook minder betrokke by die evaluering en kontrolering van take, omdat hulle nie dikwels take delegeer nie, en omdat hulle nie opgelei is om take te evalueer of om dit te kontroleer nie (vergelyk 3.6 en Vraag 17).

□ **Vraag 24 : Die mate waarin hoofde en ouers aandag skenk aan geskille tussen ouers, onderwysers en die leerlinge om samewerking en begrip te bevorder**

Wat die respons op Vraag 24 betref, blyk dit dat 66.7% van die bestuursrade baie tot in 'n groter mate aandag skenk aan geskille tussen ouers, onderwysers en die leerlinge. By twee (3.5%) van die skole skenk ander komitees, naamlik klaskomitees, aandag aan geskille tussen die ouers, onderwysers en die leerlinge.

Die rede vir hierdie mate van oerbetrokkenheid by die oplossing van geskille is geleë in die feit dat die hoofde meestal die probleme hanteer en dat ouers, as gevolg van 'n gebrekkige opleiding, dikwels nie oor die nodige kennis beskik om probleme op te los nie (vergelyk 3.6.4 en Vraag 18).

□ **Die mate van oerbetrokkenheid by die bestuur van die skool**

Volgens die response op Vrae 11 tot 23 blyk dit dat bestuursraadslede en OOV- of PTA-lede in 'n groter mate betrokke is by die bestuur van die skool as die ander lede van die komitees, soos die TAO- of TEMPA.

Die respondente se bestuursrade is soos volg by verskillende bestuurstake betrokke:

- Die oplossing van probleme (87.8%).
- Die bepaling van doelwitte (87.7%).
- Die opstel van 'n ouerbetrokkenheidsbeleid (86%).
- Die skep van subkomitees (77.2%).
- Die gebruik van die skool se kommunikasiemiddels (71.9%).

Baie min (30% en laer) TAO- of TEMPA-komitees is in 'n groter mate of baie by die volgende bestuurstake betrokke:

- Die gebruik van die skool se kommunikasiemiddels (22.8%).
- Die bepaling van doelwitte (22.8%).
- Die oplossing van probleme (12.3%).
- Die delegering van take aan ouers (12.3%).
- Die koöptering van deskundiges (12.3%).
- Skenk aandag aan geskille (12.3%).
- Die skep van subkomitees (12%).
- Die verskaffing van opleiding (8.8%).
- Die opstel van pligstate (7.1%).
- Die opstel van beheervoorskrifte (7.1%).
- Die koördinerings van funksies (5.8%).
- Die opstel van skoolbeleide (5.3%).
- Die kontroliering en evaluering van die verloop van take (3.6%).

Die OOV- of PTA-komitees is meer as die TAO- of TEMPA-komitees in 'n groter mate of baie by die volgende bestuurstake betrokke:

- Die bepaling van doelwitte (64.9%).
- Die gebruik van die skool se kommunikasiemiddels (59.7%).
- Die opstel 'n ouerbetrokkenheidsbeleid (56.2%).
- Die skep van subkomitees (56.1%).
- Die delegering van take (50.9%).
- Die kontroliering en evaluering van die verloop van take (40.4%).
- Die opleiding van ouers (36.8%).
- Skenk aandag aan geskille (35.1%).
- Die koöptering van deskundiges (33.4%).
- Die oplossing van probleme (33.4%).
- Die koördinerings van funksies (31.6%).
- Die opstel van pligstate (28.1%).

- Die opstel van beheervoorskrifte (15.8%).
- Die opstel van skoolbeleide (14%).

4.3.5 Wyses waarop hoofde ouerbetrokkenheid bevorder

Die doel van hierdie vrae (Bylae 4, Vrae 25 tot 41) is om te bepaal op watter wyses hoofde van primêre skole ouerbetrokkenheid bevorder (vergelyk Tabel 4.6).

In die linkerkantste kolom van Tabel 4.6 word aangedui hoe belangrik die hoofde die betrokke wyse waarop ouerbetrokkenheid bevorder kan word, beskou. In die regterkantste kolom het die respondente aangedui wat die ouers se reaksie, op die hoofde se onderskeie pogings om ouerbetrokkenheid te bevorder, was.

□ Vraag 25 : Die gebruik van nuusbriewe

Wat die respons op Vraag 25 betref, blyk dit dat 98.2% van die hoofde nuusbriewe as 'n betreklik tot baie belangrike kommunikasiemiddel beskou om ouerbetrokkenheid te bevorder. Hierdie reaksie van die hoofde kan toegeskryf word aan die feit dat nuusbriewe beskou word as die kommunikasiemiddels waarmee boodskappe die meeste ouers, met die minste lynverlies, bereik (vergelyk 3.5.4).

By 93% van die skole se ouers is daar 'n redelike tot baie goeie reaksie op nuusbriewe. Die reaksie van die ouers kan toegeskryf word aan goeie kommunikasie en die positiewe wyses waarop hoofde die gesindheid van die ouers beïnvloed (vergelyk 3.5.4).

□ Vraag 26 : Uitnodigings aan ouers om formele oueraude by te woon

Uit die respons op Vraag 26 blyk dit dat 96.5% van die hoofde formele ontmoetings met ouers as betreklik tot baie belangrik beskou. Hierdie reaksie van die hoofde kan toegeskryf word aan die feit dat formele ontmoetings tussen ouers en onderwysers gesonde ouer-onderwyserverhoudings bevorder (vergelyk 3.5.2).

Daar is 87.7% van die respondente wat aangedui het dat formele ontmoetings tussen ouers en onderwysers redelik tot baie deur ouers ondersteun word. Hierdie reaksie van die ouers dui daarop dat ouers ook graag die onderwysers wil ontmoet om sodoende samewerking en positiewe gesindhede te bevorder (vergelyk 3.5.2).

TABEL 4.6 WYSES WAAROP HOOFDE OUERBETROKKENHEID BEVORDER

In die linkerkantste kolom word aangedui hoe belangrik die hoofde die betrokke wyse waarop ouerbetrokkenheid bevorder kan word, beskou. In die regterkantste kolom het die respondente aangedui wat die ouers se reaksie was op die hoofde se onderskeie pogings om ouerbetrokkenheid te bevorder.

GEEN RE-SPONS	GLAD NIE BE-LANG-RIK		MIN- DER BE-LANG-RIK		BE-TREK-LIK BE-LANG-RIK		BAIE BE-LANG-RIK		TO-TAAL		Vr. Nr.	WYSES WAAROP HOOFDE OUERBETROKKENHEID BEVORDER	GEEN RE-SPONS		GEEN RE-AKSIE		MIN RE-AKSIE		REDE-LIKE RE-AKSIE		BAIE RE-AKSIE		N.V.		
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%			f	%	f	%	f	%	f	%	f	%		f	%
1	1.8	0	0.0	0	0.0	4	7.0	52	91.2	57	100	25	Die skoolhoof stuur gereeld nuusbriewe aan ouers	1	1.8	0	0.0	3	5.3	18	31.6	35	61.4	0	0
1	1.8	1	1.8	0	0.0	7	12.3	48	84.2	57	100	26	Ouers word gereeld genooi om die onderwysers voor of na formele oueraande te spreek.	2	3.5	0	0.0	4	7.0	13	22.8	37	64.9	1	1
1	1.8	0	0.0	5	8.8	15	26.3	36	63.2	57	100	27	Geleenthede, soos 'n funksie vir nuwe ouers, word gereël, sodat ouers en onderwysers mekaar op 'n informele wyse kan leer ken.	1	1.8	0	0.0	6	10.5	16	28.1	34	59.6	0	0
1	1.8	0	0.0	6	10.5	16	28.1	34	59.6	57	100	28	Die jaar- en kwartaalprogramme word betyds aan ouers voorsien.	2	3.5	0	0.0	8	14.0	14	24.6	33	57.9	0	0
1	1.8	2	3.5	11	19.3	14	24.6	29	50.9	57	100	29	'n Verwelkomingsbrief of kaartjie van meegevoel of gelukwense word deur die hoof aan ouers gestuur.	2	3.5	4	7.0	6	10.5	16	28.1	24	42.1	5	8
6	10.5	0	0.0	5	8.8	13	22.8	33	57.9	57	100	30	Die hoof lei onderwysers en ouers op om ouerbetrokkenheid te bevorder.	7	12.3	1	1.8	7	12.3	20	35.1	21	36.8	1	1
3	5.3	4	7.0	17	29.8	18	31.6	15	26.3	57	100	31	Die hoof stuur vraelyste aan ouers om hul voor- en afkeure te bepaal.	3	5.3	2	3.5	11	19.3	20	35.1	15	26.3	6	10
2	3.5	0	0.0	2	3.5	2	3.5	51	89.5	57	100	32	Ouers ontvang gereeld nuusbriewe, wat inligting oor skoolaktiwiteite bevat.	3	5.3	0	0.0	5	8.8	10	17.5	39	68.4	0	0
3	5.3	8	14.0	17	29.8	21	36.8	8	14.0	57	100	33	Ouers kry by elke nuusbriewe geleentheid om kommentaar te lewer.	4	7.0	5	8.8	22	38.6	13	22.8	8	14.0	5	8
5	8.8	16	28.1	12	21.1	11	19.3	13	22.8	57	100	34	'n Griewebussie, wat deur ouers gebruik kan word om afsprake te maak of voorstelle te maak, kan aangewend word om ouerbetrokkenheid te bevorder	4	7.0	13	22.8	15	26.3	9	15.8	7	12.3	9	15

TABEL 4.6 WYSES WAAROP HOOFDE OUERBETROKKEHEID BEVORDER (vervolg)

In die linkerkantste kolom word aangedui hoe belangrik die hoofde die betrokke wyse waarop ouerbetrokkenheid bevorder kan word, beskou. In die regterkantste kolom het die respondente aangedui wat die ouers se reaksie was op die hoofde se onderskeie pogings om ouerbetrokkenheid te bevorder.

GEEN RE-SPONS	GLAD NIE BE-LANG-RIK		MIN-DER BE-LANG-RIK		BE-TREK-LIK BE-LANG-RIK		BAIE BE-LANG-RIK		TO-TAAL		Vr. Nr.	WYSES WAAROP HOOFDE OUERBETROKKEHEID BEVORDER	GEEN RE-SPONS		GEEN RE-AKSIE		MIN RE-AKSIE		REDE-LIKE RE-AKSIE		BAIE RE-AKSIE		N.V.T.		TO-TAAL		
	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%			f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f	%	f
2	3.5	8	14.0	14	24.6	23	40.4	10	17.5	57	100	35	Bekwame ouers word as afrigters of as beampies vir sportspanne aangewend.	3	5.3	9	15.8	17	29.8	15	26.3	11	19.3	2	3.5	57	100
2	3.5	4	7.0	12	21.1	25	43.9	14	24.6	57	100	36	Bekwame ouers is by die afrigting van kultuuraktiwiteite betrokke.	2	3.5	7	12.3	18	31.6	15	26.3	13	22.8	2	3.5	57	100
3	5.3	9	15.8	9	15.8	13	22.8	23	40.4	57	100	37	Ouers help na skool met administratiewe take in die mediasentrum.	3	5.3	14	24.6	10	17.5	10	17.5	18	31.6	2	3.5	57	100
3	5.3	7	12.3	2	3.5	11	19.3	34	59.6	57	100	38	Ouers hanteer die snoepwinkel as 'n fondsinsamelingsprojek.	2	3.5	4	7.0	8	14.0	8	14.0	31	54.4	4	7.0	57	100
12	21.1	20	35.1	11	19.3	5	8.8	9	15.8	57	100	39	Opgeleide ouers hanteer die naskoolsentrum, in samewerking met onderwysers.	4	7.0	16	28.1	6	10.5	8	14.0	6	10.5	17	29.8	57	100
7	12.3	8	14.0	5	8.8	17	29.8	20	35.1	57	100	40	Opleiding word aan ouers verskaf om nuwe huiswerkprobleme aan hul kinders te verduidelik.	3	5.3	7	12.3	8	14.0	17	29.8	14	24.6	8	14.0	57	100
4	7.0	10	17.5	8	14.0	13	22.8	22	38.6	57	100	41	Ouers word opgelei om die remediërende onderig van hul kinders, onder leiding van 'n onderwyser, self te behartig.	3	5.3	8	14.0	12	21.1	18	31.6	9	15.8	7	12.3	57	100

□ Vraag 27 : Geleentehede vir ouers en onderwysers om mekaar op 'n informele wyse te ontmoet

Volgens die respons op Vraag 27 blyk dit dat 89.5% van die hoofde informele ontmoetings tussen ouers en onderwysers as betreklik en baie belangrik beskou. Die steun wat hoofde aan informele ontmoetings tussen die ouers en onderwysers verleen, kan toegeskryf word aan die feit dat dit een van die doeltreffendste wyses is om interpersoonlike verhoudings tussen die personeel en die ouers te bevorder (vergelyk 3.5.2).

Daar is 87.7% van die hoofde wat aangedui het dat ouers die informele funksies redelik en baie ondersteun. Die rede waarom ouers voorkeur aan informele ontmoetings tussen ouers en onderwysers verleen, is omdat hulle waarskynlik voel dat hulle tydens sulke sosiale geleentehede meer gemaklik met onderwysers kan kommunikeer (vergelyk 3.5.4).

□ Vraag 28 : Die voorsiening van jaar- en kwartaalprogramme

Uit die respons op Vraag 28 blyk dit dat 87.7% van die hoofde die voorsiening van jaar- en kwartaalprogramme aan ouers as 'n betreklik tot baie belangrike wyse beskou om ouerbetrokkenheid te bevorder. Die hoofde verkies om jaar- en kwartaalprogramme aan ouers beskikbaar te stel, waarskynlik omdat dit aan ouers die geleentheid bied om hulle program verder vooruit te beplan, en moontlik ook omdat dit konflik tussen die belange van die skool en die ouers voorkom (vergelyk 3.5.2).

Die 82.5% ouers wat redelik tot baie gunstig gereageer het nadat hulle jaar- en kwartaalprogramme ontvang het, ondersteun dit moontlik omdat hulle hulle betrokkenheid by skoolaktiwiteite daarvolgens kan beplan (vergelyk 3.5.4).

□ Vraag 29 : 'n Verwelkomingskaartjie of kaartjie van meegevoel of gelukwense

Wat die respons op Vraag 29 betref, blyk dit dat 75.5% van die hoofde voel dat ouerbetrokkenheid redelik of baie bevorder kan word deur kaartjies aan die ouers te stuur. Die hoofde stuur moontlik graag kaartjies aan ouers omdat hulle daarmee die onderwysers se belangstelling wil toon en moontlik verdere openhartige kommunikasie met die ouers wil bevorder (vergelyk 5.3.4).

Die 70.2% ouers wat redelik en baie gunstig gereageer het nadat hulle kaartjies van die skool ontvang het, voel moontlik dat die onderwysers ook in hulle persoonlik belang stel en hulle met die nodige agting en respek behandel (vergelyk 5.3.4).

□ **Vraag 30 : Opleiding aan onderwysers om ouerbetrokkenheid te bevorder**

Uit die respons op Vraag 30 blyk dit dat 80.7% van die hoofde reken dat die opleiding van onderwysers om ouerbetrokkenheid te bevorder, betreklik tot baie belangrik is. Die hoofde verleen moontlik steun aan die opleiding van onderwysers om ouerbetrokkenheid te bevorder omdat studente in hierdie aspek onvoldoende opleiding ontvang in die bevordering van gesonde interpersoonlike verhoudinge, wat noodsaaklik is vir die optimalisering van gemeenskapsverhoudinge en 'n gelukkige skoolgemeenskap (Postma, 1987:211; vergelyk 3.4.5).

Die 72.9% ouers wat glo dat dit redelik of baie belangrik is dat onderwysers opgelei word om ouerbetrokkenheid te bevorder, is moontlik oortuig daarvan dat die professionele optrede van onderwysers 'n voorvereiste vir gesonde ouer-onderwyserverhoudinge is (vergeelyk 3.4.5).

□ **Vraag 31 : Die gebruik van vraelyste om ouers se voor- en afkeure te bepaal**

Volgens die respons op Vraag 31 blyk dit dat 36.8% van die hoofde glo dat vraelyste nie 'n goeie manier is om ouers se voor- en afkeure te bepaal nie, terwyl 57,9% van die hoofde vraelyste as 'n baie goeie manier beskou om ouers se menings te bepaal. Die hoofde wat hierdie oortuiging huldig, besef dat hulle makliker die samewerking van ouers kry indien hulle die saak ondersteun (vergeelyk 3.5.4).

Die 61.4% ouers wat redelik tot baie gunstig op vraelyste gereageer het se reaksie toon dat hulle wel inspraak in die bestuur van die skool wil hê (vergeelyk 3.3.5 en 3.5.4).

□ **Vraag 32 : Ouers ontvang gereeld nuusbriewe oor skoolaktiwiteite**

Wat die respons op Vraag 32 betref, blyk dit dat 93% van die hoofde aangedui het dat dit vir hulle redelik tot baie belangrik is dat ouers gereeld nuusbriewe moet ontvang. Hierdie hoofde besef die belangrikheid van nuusbriewe vir die bevordering van ouerbetrokkenheid (vergeelyk 3.3.6 en 3.5.4).

By 85.9% van die skole reageer ouers redelik tot baie gunstig as hulle nuusbriewe ontvang, omdat hulle graag wil weet wat in die skool aangaan (vergeelyk 3.5.3.en 3.5.4).

□ Vraag 33 : Ouers kry by elke nuusbrief geleentheid om kommentaar te lewer

Volgens die respons op Vraag 34 blyk dit vir 50.8% van die respondente redelik tot baie belangrik te wees dat ouers geleentheid gebied word om kommentaar te lewer. Die rede waarom hierdie hoofde by wyse van omsendbriewe geleentheid skep vir kommentaar, is omdat hulle beseft dat hulle slegs misverstande kan vermy en ouers se vertroue kan wen indien hulle aan die ouers 'n geleentheid tot wedersydse kommunikasie bied (vergeelyk 3.5.4).

By 36.8% van die skole is daar redelik tot baie reaksie deur ouers by wyse van nuusbriefkommentaar, omdat dié ouers inspraak in die bestuur van die skool wil hê (vergeelyk 3.5.4).

□ Vraag 34 : Die gebruik van griewebussies om ouerbetrokkenheid te bevorder

Volgens die respons op Vraag 34 blyk dit dat 49.2% van die hoofde glo dat griewebussies glad nie of 'n redelik belangrike rol speel om ouerbetrokkenheid te bevorder. Die rede waarom die hoofde, teenstrydig met die bevindinge van navorsers, nie ten gunste van griewebussies is nie, is omdat hulle langs hierdie weg ongegronde kritiek kan ontvang (vergeelyk 3.5.4).

By 49.1% van die skole gebruik geen tot min van die ouers hulle griewebussies. Die rede waarom ouers nie graag die griewebussie gebruik nie, is moontlik omdat hulle dan nie dadelik terugvoering van die hoof ontvang nie (vergeelyk 3.5.4).

□ Vraag 35 : Die gebruik van bekwame ouers as sportbeampies of -afrigters

Wat die respons op Vraag 35 betref, blyk dit dat 57.9% van die hoofde dit as betreklik tot baie belangrik beskou dat ouers die sportspanne moet help afrig of as beampies moet optree. Die rede hiervoor is dat hierdie hoofde van mening is dat ouers wat met sport behulpsaam is meer vrymoedigheid sal neem om met die skool te assosieer (vergeelyk 3.4.3).

By 45.6% van die skole rig ouers nie sportspanne af nie en tree ouers nie as beampies op nie. Ouers van 45.6% van die skole rig sportspanne af en tree as beampies op. Die rede waarom hoofde van ouers as sportafrigters en -beampies gebruik maak, is omdat hulle vind dat die ouers dan makliker met die skool assosieer (vergeelyk 3.4.3). Daar is egter ook hoofde wat vind dat hulle nie ouers nodig het om hulle sportspanne af te rig nie of dat ouerbetrokkenheid by afrigting tot negatiewe resultate lei.

□ **Vraag 36 : Die gebruik van bekwame ouers om kultuuraktiwiteite af te rig**

Volgens die respons op Vraag 36 blyk dit dat 68.5% van die hoofde ten gunste daarvan is dat ouers kultuuraktiwiteite afrig. Die rede waarom hierdie hoofde ten gunste daarvan is dat ouers hulle kultuuraktiwiteite afrig, is omdat hulle vind dat hierdie ouers nie net 'n diens aan die skool lewer nie, maar dat hierdie ouers ook makliker met die skool assosieer (vergelyk 3.4.3).

Terwyl ouers van 43.9% skole glad nie of min betrokke is by die afrigting van kultuuraktiwiteite, is ouers van 49.1% skole betrokke by die afrigting van kultuuraktiwiteite. Hierdie ouers doen dit omdat hulle met die skool assosieer (vergelyk 3.4.3).

□ **Vraag 37 : Ouers tree as administratiewe helpers in die mediasentrum op**

Wat die respons op Vraag 37 betref, blyk dit dat 63.2% van die hoofde dit as betreklik tot baie belangrik beskou dat ouers as administratiewe beamptes in die mediasentrum optree. Die rede waarom hoofde ten gunste daarvan is dat ouers in die mediasentrum betrek word, is omdat die mediasentrum, as gevolg van die hulp, dan doeltreffender kan funksioneer en omdat die ouers dan ook met die skool assosieer (vergelyk 3.4.3).

By 49.1% van die skole tree ouers redelik tot baie as administratiewe beamptes in die mediasentrum op. Ouers doen waarskynlik diens by die mediasentrum omdat hulle op dié wyse 'n bydrae tot hulle kinders se onderrig kan lewer (vergelyk 3.4.3).

□ **Vraag 38 : Ouers hanteer die snoepwinkel as fondsinsamelingsprojek**

Die respons op Vraag 38 toon aan dat 78.9% van die hoofde glo dat dit betreklik tot baie belangrik is dat ouers die snoepwinkel as 'n fondsinsamelingsprojek moet bedryf. Hierdie hoofde verwelkom waarskynlik ouerbetrokkenheid by hulle snoepwinkels omdat dit die werkslas van die onderwysers verlig en meebring dat die betrokke ouers makliker met die skool assosieer en met die onderwysers kommunikeer (vergelyk 3.4.3).

By 68.4% van die skole is ouers redelik tot baie by die bestuur van die snoepwinkels betrokke. Die rede vir hierdie reaksie is waarskynlik daarin geleë dat ouers graag meer by die skool betrokke wil raak en vind dat dit 'n taak is wat hulle sonder enige besondere opleiding kan verrig (vergelyk 3.4.3).

□ Vraag 39 : Ouers raak betrokke by die naskoolsentrum

Volgens die respons op Vraag 39 blyk dit dat 54.4% van die hoofde van mening is dat dit glad nie of van minder belang is dat ouers by die naskoolsentrums betrokke raak. Hierdie respons kan toegeskryf word aan die feit dat die skoolhoofde waarskynlik van mening is dat die ouers eers opgelei moet word om die werk te kan kontroleer en om die kinders met hulle werk te kan help. Ouers mag geneig wees om die probleme van die leerlinge met ander te bespreek of om net aandag aan hulle eie kinders te skenk (Postma, 1987:211; Van Schalkwyk, 1983:18; vergelyk 3.4.3).

By 38.6% van die skole is van die ouers nooit of min by die naskoolsentrums betrokke. Die onbetrokkenheid van ouers by die naskoolsentrums kan daaraan toegeskryf word dat die meeste ouers deesdae werk, of omdat van die ouers voel dat dit 'n gespesialiseerde taak van die onderwysers is (Epstein, 1984:71; vergelyk 3.4.3).

□ Vraag 40 : Die verskaffing van opleiding aan ouers om nuwe huiswerkprobleme aan hulle kinders te verduidelik

Die respons op Vraag 40 toon dat 64.9% van die hoofde glo dat dit redelik tot baie belangrik is dat ouers die nodige leiding ontvang om nuwe werk aan hulle kinders te kan verduidelik. Die reaksie van die hoofde is waarskynlik toe te skryf aan negatiewe optredes van ouers wat nie besef wat hulle regte in die ouer-onderwyser-kind-opvoedingspan is nie (Van Schalkwyk, 1983:19). Die hoofde is van mening dat die ouers met die nodige opleiding beter begrip vir die leerlinge se werk sal toon en meer positief teenoor die skool sal voel (vergeelyk 3.5.2).

Daar was by 54.4% van die skole 'n redelik tot baie goeie reaksie van ouers wat die opleidingsprojekte ondersteun het. Die reaksie van die ouers toon dat hulle graag by die akademiese vordering van hulle kinders betrek wil raak (vergeelyk 3.5.2).

□ Vraag 41 : Die opleiding van ouers sodat hulle by die remediërende onderwys van hulle kinders betrokke kan raak

Wat die respons op Vraag 41 betref, blyk dit dat 61.9% van die hoofde ten gunste daarvan is dat ouers opgelei word om self betrokke te raak by die remediërende onderrig van hulle kinders. Die reaksie toon dat die hoofde besef dat opgeleide ouers hulle kinders se probleme beter sal begryp, en dat hulle dan ook meer met die skool sal assosieer (vergeelyk 3.4.3).

By 47.4% van die skole wil ouers graag opgelei word om die remediërende onderwys van hulle kinders te behartig. Ouers is by die remediërende program van hulle kinders betrokke, omdat hulle besef dat hulle dan die probleme wat hulle kinders ondervind, sal verstaan en individuele aandag daaraan sal kan skenk (vergelyk 3.4.3).

□ **Profiel van die wyses waarop hoofde ouerbetrokkenheid bevorder**

Daar is 'n duidelike ooreenkoms in die volgende response tussen die hoofde se standpunte oor die belangrikheid van sekere werkswyses vir die bevordering van ouerbetrokkenheid en die reaksies van die ouers:

- Baie hoofde (98.2%) en ouers (93%) voel dat nuusbriewe 'n belangrike wyse is om ouerbetrokkenheid te bevorder (vergelyk Vraag 1).
- Baie ouers (87.7%) en hoofde (96.5%) voel dat formele ontmoetings tussen die ouers en onderwysers ouerbetrokkenheid bevorder (vergelyk Vraag 2).
- Informele ontmoetings word deur 89.5% van die hoofde en 87.7% van die ouers beskou as 'n baie goeie wyse om ouerbetrokkenheid te bevorder.
- Terwyl 50 hoofde (87.7%) dink dat jaar- en kwartaalprogramme ouerbetrokkenheid bevorder, huldig 47 (82.5%) van die ouers dieselfde mening.
- Dit blyk dat 43 hoofde (75.5%) en 41 (72.9%) van die ouers die gebruik van verwelkomingskaartjies en kaartjies van meegevoel of gelukwense ondersteun.
- Sommige hoofde (57.9%) en 61.4% van die ouers voel dat dit belangrik is dat vraelyste uitgestuur moet word om ouers se voor- en afkeure te bepaal.
- Slegs 14 hoofde (24.6%) huldig die oortuiging dat ouers 'n belangrike rol by naskoolsentrums kan vervul, terwyl dieselfde aantal, naamlik 14 (24.6%) van die skole se ouers ook by die naskoolsentrum betrokke wil wees (vergelyk Vraag 39).

In die volgende response word duidelike verskille tussen die standpunte van die hoofde en die reaksies van die ouers aangetref:

- Ofskoon 29 hoofde (50.8%) van mening is dat ouers by elke nuusbriewe die geleentheid moet kry om kommentaar te lewer, reageer slegs 21 (36.8%) van die skole se ouers gunstig.
- Alhoewel 39 (68,5%) van die hoofde ten gunste van ouerbetrokkenheid by die afrigting van kultuuraktiwiteite is, is slegs 28 (49.1%) van die ouers gewillig om die leerlinge af te rig.
- Terwyl 36 (63.2%) van die hoofde ten gunste daarvan is dat ouers as administratiewe helpers in die mediasentrum werk, tree daar slegs by 28 (49.1%) van die skole ouers as helpers in die mediasentrum op.

- By 45 (78.9%) van die skole is die hoofde ten gunste daarvan dat ouers die snoepwinkel as 'n fondsinsamelingprojek bedryf, maar slegs by 39 (68.4%) van die skole bedryf ouers die snoepwinkel gereeld as 'n fondsinsamelingsprojek.
- Hoewel 37 (64.9%) van die hoofde die oortuiging huldig dat ouers opgelei moet word om hulle kinders met nuwe huiswerkprobleme te help, is die ouers van 31 skole (54.4%) aktief betrokke by hulle skool se opleidingsprogram.
- Terwyl 35 (61.9%) van die hoofde ten gunste daarvan is dat ouers opgelei moet word om betrokke te raak by die remediërende onderrig van hulle kinders, is die ouers van slegs 27 skole (47.4%) betrokke by die remediërende onderrig van hulle kinders.

Die respons van die hoofde op die verskillende vrae toon die volgende ooreenkomste:

- Terwyl 17 hoofde (29.8%) aandui dat Vraag 39 wat oor ouerbetrokkenheid by die naskoolsentrum handel nie op hulle van toepassing is nie, het 20 hoofde (35.1%) by Vraag 10.13 aangedui dat naskoolsentrums nie by hulle skole bestaan nie.
- Alhoewel 4 respondente (7%) in reaksie op Vraag 10.14 aangetoon het dat daar nie remediërende onderwyskomitees by hulle skole bestaan nie, het 7 hoofde (12.3%) by Vraag 41 aangetoon dat die vraag oor ouerbetrokkenheid by die remediërende onderwys van hulle kinders nie op hulle van toepassing is nie.
- Terwyl slegs 6 hoofde (10.5%) by Vraag 10.10 aangedui het dat daar nie media-komitees by hulle skole bestaan nie, dui 2 (3.5%) van die hoofde aan dat Vraag 37 wat oor ouerbetrokkenheid by die mediasentrum handel nie op hulle van toepassing is nie.
- Daar is 'n duidelike ooreenkoms tussen die voorkoms en die belangrikheid van komitees (vergelyk Tabel 4.4).
- By die meeste skole is die bestuursrade aktief by die bestuur van die skool betrokke (vergelyk Tabel 4.5).

4.4 SAMEVATTING

Die bevindinge van die empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat, alhoewel ouerbetrokkenheid wel op sekere terreine bestaan, hoofde spesifieke bestuurspogings sal moet aanwend om ouers in 'n groter mate by die bestuur van hulle skole betrokke te kry. Suid-Afrikaanse ouers sal as gevolg van die jongste ontwikkelinge op onderwysgebied meer tot die onderwys van hulle kinders moet bydra en groter inspraak in die bestuur van die skole moet lewer.

HOOFSTUK 5

SAMEVATTING, BEVINDINGE EN AANBEVELINGS

5.1 SAMEVATTING

In Hoofstuk 1 is die probleemstelling wat die navorsing ten grondslag lê, en die probleemvrae waarom die navorsing wentel, uitgelig. Daarna is die doelwitte en die metodes van die navorsing bespreek.

In die tweede hoofstuk is die fundering van oerbetrokkenheid by opvoedende onderwys omskryf. Daar is aandag geskenk aan begripspresisering van die verskillende samelewingsverbande soos die huisgesin, die kerk en die skool. In die daaropvolgende bespreking van die verskillende funderings vir oerbetrokkenheid het die klem geval op religieuse, historiese, juridiese en opvoedkundige oorwegings. Oerbetrokkenheid is as 'n wêreldwye verskynsel belig, en die strukture vir oerbetrokkenheid in Suid-Afrika is veral onder die loep geneem.

In Hoofstuk 3 is daar vanuit 'n bestuursperspektief gekyk na die taak van die hoof om oerbetrokkenheid te optimaliseer. Nadat die algemene en besondere bestuurstake van die hoof met betrekking tot die optimalisering van oerbetrokkenheid beskryf is, is verskillende wyses aan die hand gedoen op grond waarvan die hoof sy reëlbare bestuurstake kan organiseer met die oog op groter oerbetrokkenheid.

Die vierde hoofstuk bevat die resultate van die empiriese ondersoek wat onderneem is om te bepaal op watter wyse en in watter mate hoofde oerbetrokkenheid by hulle skole optimaliseer. Die knoopstrukture wat tussen die skool en die gesin bestaan, is bepaal, en die wyses waarop en die mate waarin die hoofde daarin slaag om oerbetrokkenheid te bevorder, is geïdentifiseer.

5.2 BEVINDINGE

5.2.1 Bevindinge ten opsigte van Doelwit 1

Ten opsigte van die eerste doelwit (vergelyk 1.3), naamlik die teoretiese fundering van ouerbetrokkenheid by die skool, kon die volgende bevindinge uit die literatuurstudie gemaak word:

- Ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite is op religieuse, historiese, juridiese en opvoedkundige gronde gefundeer (vergelyk 2.3, 2.4, 2.5 & 2.6).
- Ouers is wêreldwyd op verskillende wyses by skoolaktiwiteite betrokke (vergelyk 2.7).
- Daar bestaan in Suid-Afrika verskeie knoopstrukture tussen die skool en die gesin om ouerbetrokkenheid by die skool te bevorder (vergelyk 2.8).

5.2.2 Bevindinge ten opsigte van Doelwit 2

Ten opsigte van die tweede doelwit (vergelyk 1.3), naamlik die oorsigtelike beskrywing van die skoolhoof se bestuurstaak deur middel waarvan ouerbetrokkenheid geoptimaliseer kan word, kon die volgende bevindinge uit die literatuurstudie gemaak word:

- Skoolhoofde moet alle onderhoude en skoolfunksies so beplan, organiseer, en kontroleer dat ouers as gevolg daarvan positief ingestel word (vergelyk 3.3, 3.4 & 3.6).
- Skoolhoofde moet ouers oplei om hulle al groter wordende rolle in die bestuur van die skool te kan vervul (vergelyk 3.5).
- Skoolhoofde moet ouers voortdurend motiveer om by die skool betrokke te raak (vergelyk 3.5.3).
- Skoolhoofde moet 'n kanaal vir gesonde tweerigtingkommunikasie tussen die skool en die ouergemeenskap skep (vergelyk 3.5.4).

5.2.3 Bevindinge ten opsigte van Doelwit 3

Ten opsigte van die derde doelwit (vergelyk 1.3), naamlik die empiriese bepaling van die wyse en mate waarin ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite geoptimaliseer kan word, kon die volgende bevindinge uit die resultate van die empiriese navorsing gemaak word:

- Hoofde kan op verskillende wyses ouerbetrokkenheid by hulle skole bevorder (vergelyk 3.2 tot 3.6).

- Die verskillende skoolhoofde het verskillende wyses waarop hulle ouerbetrokkenheid bevorder (vergelyk 4.3).
- Die mate waarin hoofde daarin slaag om ouerbetrokkenheid te bevorder verskil van skool tot skool (vergelyk 4.3).

Die response in die empiriese ondersoek het aan die lig gebring dat:

- daar by die meeste skole bestuursrade, finansiële komitees, remediërende onderwys-, media- en OOV- of PTA-komitees bestaan (vergelyk 4.3),
- daar by baie min skole publikasie-, sport-, kultuur- en vervoerkomitees bestaan (vergelyk 4.3),
- die bestuursrade, finansiële komitees, remediërende komitees, OOV- of PTA-komitees en mediakomitees deur die meeste hoofde as die belangrikste knoopstrukture beskou word (vergelyk 4.3),
- die vervoer-, publikasie- en kultuurkomitees deur die meeste hoofde as die onbelangrikste komitees in hulle skole beskou word (vergelyk 4.3),
- daar 'n duidelike verband tussen die teenwoordigheid en die belangrikheid van komitees is (vergelyk 4.3),
- die bestuursrade by die meeste skole aktief by die bestuur van die skool betrokke is (vergelyk 4.3),
- daar meer OOV- of PTA-komitees as TAO-of TEMPA-komitees by skole bestaan, en dat hulle ook in 'n groter mate by die bestuur van die skool betrokke is (vergelyk 4.3),
- hoofde ten opsigte van die bevordering van ouerbetrokkenheid in die algemeen voorkeur verleen aan nuusbriewe, formele en informele ontmoetings, jaar- en kwartaalprogramme, die uitstuur van geleentheidskaartjies of meningspeilingvraelyste en die gebruik van ouers by naskoolsentrums, en dat hierdie voorkeur van skoolhoofde ooreenstem met die mate waarin ouers op hierdie verskillende wyses by die skole betrokke is (vergelyk 4.3),
- hoofde aan ouers geleentheid bied om kommentaar op nuusbriewe te lewer, om as afrigters of beamptes by sport- en kultuuraktiwiteite op te tree, om opgelei te word vir aanwending as administratiewe beamptes by die mediasentrum of as helpers met huiswerk en remediërende onderwys, maar dat ouers egter in 'n minder mate daarby betrokke is (vergelyk 4.3).

Uit hierdie bevindinge is dit duidelik dat, alhoewel ouerbetrokkenheid op sekere aangedeuide terreine bevredigend is, hoofde spesifieke bestuurspogings sal moet aanwend om ouers in 'n groter mate by die bestuur van die skool betrokke te kry.

5.2.4 Bevindinge ten opsigte van Doelwit 4

Ten opsigte van die vierde doelwit (vergelyk 1.3), naamlik die daarstelling van riglyne vir die optimalisering van ouerbetrokkenheid by skoolaktiwiteite, is die volgende bevindinge gemaak:

- Die skoolhoofde moet altyd op so 'n wyse optree en beslissings fel dat hy ouerbetrokkenheid daardeur sal bevorder (vergelyk 3.3.4).
- Die skoolhoofde moet skool-gemeenskapsverhoudinge op so 'n wyse beplan en organiseer, en aan die personeel en ouers op so 'n wyse leiding gee dat ouerbetrokkenheid daardeur bevorder sal word (vergelyk 3.3, 3.4 en 3.5).
- Goeie tweerigtingkommunikasie tussen die skool en die ouergemeenskap is noodsaaklik vir die stigting van gesonde ouerbetrokkenheid by die skool (vergelyk 3.5.4).
- 'n Demokratiese oopdeurbestuurswyse bevorder ouerbetrokkenheid (vergelyk 3.2.1).
- Die skoolhoofde moet ouers op so 'n wyse lei en motiveer dat hulle, sonder vrees vir diskriminasie, die onderwysers as hulle vennote in die opvoeding van hulle kinders sal aanvaar (vergelyk 3.5.4).
- Dit is noodsaaklik dat daar wedersydse vertroue en respek tussen die onderwysers en die ouers bestaan. Daarom moet skoolhoofde daarop aandring dat ouers en onderwysers so optree dat hulle hierdie agting waardig is (vergelyk 3.5.4).
- Daar moet gereeld behoeftebepalings gemaak word sodat konfliktsituasies vermy en positiewe gesindhede bevorder kan word (vergelyk 3.5.4 & 3.6.4).
- Nadat probleme gediagnoseer is, moet daar deur middel van korrektiewe optrede langtermynoplossings vir die probleme gevind word (vergelyk 3.6.4).

5.3 AANBEVELINGS

□ Aanbeveling 1

Skoolhoofde moet in die vaardighede van geslaagde skakelwerk geskool word, aangesien hulle optredes en reaksies 'n belangrike invloed op die verhouding tussen die skool en die gemeenskap het.

- **Motivering**
Onderwysers, veral hoofde, moet alle beskikbare kommunikasiemedie gebruik om die beeld van die skool uit te dra. Deur middel van skakelvaardighede, soos die

opbou van goeie interpersoonlike en intergemeenskaplike verhoudinge, kan die skoolhoof die ouers se verwagtinge en behoeftes peil en tot voordeel van die skool en die gemeenskap aanwend.

□ **Aanbeveling 2**

Hoofde moet die ouergemeenskap oplei om meer produktief by die skool betrokke te raak.

- **Motivering**

In die Nuwe Suid-Afrika sal ouerbetrokkenheid van kardinale belang wees, aangesien dit duidelik is dat die staat en die onderwyser nie meer alleen in die groeiende vraag na onderwys sal kan voorsien nie. Ouers sal nie net hulle primêre opvoedingsverantwoordelikheid moet aanvaar nie, maar hulle sal ook opgelei moet word om in 'n toenemende mate hulle plek in die bestuur van die skool in te neem.

Skoolhoofde moet leiers wat oor bepaalde aanlegte beskik, identifiseer en hulle by 'n opleidingsprogram betrek sodat hulle as leiers van werksgroepe of -komitees opleiding aan ander ouers kan verskaf. Verder behoort die staat of onderwysdepartemente opleidingsprogramme aan die skole te verskaf deur middel waarvan ouers, veral die bestuurskomitees, volgens bepaalde riglyne opgelei kan word.

5.4 AANBEVELINGS VIR VERDERE NAVORSING

□ **Aanbeveling 1**

Die invloed van staatsondersteunde model C-skole op ouerbetrokkenheid sou met vrug deur verdere navorsing ondersoek kon word.

- **Motivering**

In die huidige opset aanvaar die staat nog grootliks die verantwoordelikheid vir die instandhouding en onderhoud van skole. Van Augustus 1992 af het die ouers van staatsondersteunde model C-skole hierdie verantwoordelikheid oorgeneem, en daarom sal hulle in 'n groter mate by die skool betrokke moet raak.

□ Aanbeveling 2

Daar behoort 'n opleidingsprogram vir ouers opgestel te word om die kwaliteit en kwantiteit van ouerbetrokkenheid te verbeter.

- Motivering

Die nuwe pad wat deur die hoofde en die ouers van model C-skole in Augustus 1992 betree is, gaan op bestuursgebied noodwendig wrywing meebring. Die daargestelling van 'n wetenskaplik-ontwerpte opleidingsprogram vir ouers wat by die bestuur van die skool betrokke wil raak, behoort hierdie wrywing te verminder.

5.5 SAMEVATTING

Ouers sal in die toekoms 'n al hoe belangriker rol in die doeltreffende bestuur van skole speel. Hoofde moet dus hulle bestuursvernuf aanwend om doeltreffende ouerbetrokkenheid tot voordeel van die skool te bevorder.

BRONNELYS

ANON. 1984. Parent involvement and assistance. *Peabody journal of education*, 61(4), Summer.

ALGEMENE SINODALE KOMMISSIE VAN DIE NEDERDUITSE GEREFORMEERDE KERK 1988. Handboek vir die erediens. Kaapstad: Nasionale Boekdrukkery.

BARNARD, M.C. 1981. Kommunikasie tussen ouer en skool (hoof). *Die Unie*, 77(12):297-299, Junie

BARNARD, M.C. 1986. Die skoolhoof en die ouer. *Die Vrystaatse onderwyser*, 76(1):7-15.

BARNARD, S.S. 1979. Blanke-onderwys in Transvaal in histories-pedagogiese perspektief. Durban: Butterworths.

BARNARD, S.S. 1982. Ouerbetrokkenheid by die opvoeding en onderwys. *Fokus*, 10(3):2139-2157.

BARNARD, S.S. 1984. Inleiding tot die vergelykende opvoedkunde. Durban: Butterworths.

BARNARD, S.S. 1986. Die samehang tussen onderwysbestuur en skoolgemeenskapverhoudinge. (In Van der Westhuizen, P.C., red. *Onderwysbestuur* Pretoria: HAUM. p.361-396.)

BARNARD, S.S. 1990. Die samehang tussen onderwysbestuur en skool-gemeenskapsverhoudinge. (In Van der Westhuizen, P.C., red. *Doeltreffende Onderwysbestuur*. Pretoria: HAUM. p.421-458.)

BEALE, A.V. 1985. Toward more effective parent involvement. *Clearing house*, 58(5):213-215, Jan.

- BORG, W.R. & GALL, M.D.** 1989. Educational research: an introduction. New York : Longmans.
- BOTHA, P. OOSTHUIZEN, I.J. OOSTHUIZEN, L. & PRINSLOO, J.J.** 1990. Geselekteerde temas in die onderwysreg. Potchefstroom: P U vir CHO.
- BREDENKAMP, P.H.** 1991. Effektiewe onderwysvoorsiening met spesiale verwysing na die plaaslike perspektief. (Referaat gelewer op 17 April 1991 by die Randse Afrikaanse Universiteit.) Pretoria: TOD.
- BURKE, C.** 1985. Parenting, teaching and learning as a collaborative venture. *Language arts*, 62(8):836-843, Dec.
- BUYS P.J.** 1986. Ouerbetrokkenheid by die onderwys in die RSA en enkele oorsese lande. Potchefstroom. (Skripsie (M-Ed.) - PU vir CHO.)
- CATTERMOLE, J. & ROBINSON, N.** 1985. Effective home/school communication: from the parents' perspective. *Phi delta kappan*, 67(1):48-49, Sept.
- CHAPMAN, J.D.** 1990. School-based decision-making and management. London : Falmer.
- CHRISPEELS, J.H.** 1991. District leadership in parent involvement. *Phi delta kappan*, 72(4):367-371, Jan.
- CLASE, P.J.** 1985. Ouerbetrokkenheid. *Die Vrystaatse onderwyser*, 75(9):4-8, Sept.
- COETZEE, J.C.** 1975. Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960. Pretoria: Van Schaik.
- COMER, J.P.** 1986. Parent participation in the schools. *Phi delta kappan*: 67(6):442-446, Feb.
- D'ANGELO, D.A. & ADLER, C.R.** 1991. A catalyst for improving parent involvement. *Phi delta kappan*, 72(4):350-354, Jan.
- DAVIES, D.** 1991. School reaching out: family, school and community partnerships for students success. *Phi delta kappan*, 72(4):376-380, Jan.
- DEKKER, E.I.** 1981. Die Wes-Duitse onderwysstelsel. Potchefstroom: PU vir CHO. (Wetenskaplike bydraes van PU vir CHO, Reeks A: Geesteswetenskappe nr. 35.)
- DEKKER, E.I.** 1989a. 'n Pleitrede vir die instelling van klasouerkomitees op skool. *Unisa alumnus*, (11):27-30, Nov.

DEKKER, E.I. 1989b. Die onderwysstelsel van die Bondsrepubliek van Duitsland. (*In Dekker, E.I. & Van Schalkwyk, O.J. Moderne onderwysstelsels. Durban: Butterworths. p.21-81.*)

DEKKER, E.I. & VAN SCHALKWYK, O.J. 1989. *Moderne Onderwysstelsels. Durban: Butterworths.*

DE WET, J.J., MONTEITH, J.L. de K., STEYN, H.S. & VENTER, P.A. 1981. *Navorsingsmetodes in die Opvoedkunde: inleiding tot empiriese navorsing. Durban : Butterworth.*

DE WET, P.R. 1981. *Inleiding tot die onderwysbestuur. Kaapstad: Lex Patria.*

DOOPFORMULIER, 1976. (*In Interkerklike Hersieningskommissie. Die berymde psalms in gebruik by die drie Afrikaanse kerke en skrifberyminge in gebruik by die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika. Kaapstad: NG Kerk-uitgewers. p.112.*)

DU TOIT, P.S. & NELL, W.L. 1982. *Onderwys in die Kaapland 1652-1980: 'n historiese oorsig. Pretoria: Heerdruckers.*

DUVENHAGE, S.C.W. 1984. *Ouerbetrokkenheid in die opvoeding en onderwys op informele vlak. (Referaat gelewer te Afrikaner- Onderwyskongres, Maart. 1982). Die Unie, 81(3):62-63.*

ELOFF, S.J. 1982. *Ouerbetrokkenheid in die opvoeding en onderwys op informele vlak. (Referaat gelewer te onderwyskongres.) Die Unie, 81(3):62-63, Maart.*

EPSTEIN, J.L. 1984. *School policy and parent involvement: research results. Educational horizons, 62(2):70-72, Winter.*

EPSTEIN, J.L. 1991. *Paths to partnership. Phi delta kappan, 72(4):345-349, Jan.*

FOR
kyk
Federale Onderwysraad.

FEDERALE ONDERWYSRAAD. sj. *Professionele gedragskode vir onderwysers. Pretoria: FOR.*

FOSTER, K. 1984. *Parent advisory councils: school partners or handy puppets? Principal, 63:27-31.*

FUERY, C. 1985. *Teacher public relations and parents. Momentum, 16(1):46-47, Feb.*

FOSTER, K. 1984. Parent advisory councils: school partners or handy puppets? *Principal*, 63:27-31.

FUERY, C. 1985. Teacher public relations and parents. *Momentum*, 16(1):46-47, Feb.

GOLDRING, E.B. 1986. The school community: Its effects on principal's perceptions of parents. *Educational administration quarterly*, 22(2):115-132.

GORTON, R.A. 1983. School administration and supervision: leadership challenges and opportunities. Dubuque, Iowa: Wm C Brown.

GRAY, S.T. 1984. How to create a successful school/community partnership. *Phi delta kappan*, 65(6):404-409, Feb. ✓

HADDOCK, T. 1986. Shared decision-making. *Thrust*, 15(5):16-18. Feb. ✓

HATTINGH, D.L. 1978. Die plek van die ouergemeenskap in die onderwysstelsel. Pretoria: RGN. (Verslag nr. 0-32.) ✓

HENNIGER, M.L. 1987. Parental rights and responsibilities in the education process. *Clearing house*, 60(5):226-229.

HEYNS, G.F. 1986. Ouerbetrokkenheid. *Die Vrystaatse onderwyser*, 76(5):7-11.

HOLBROOK, H.T. 1985. Teacher working with parents. *Eric/RCS report*, 62(8):897-900.

JOHNSTON, M. & SLOTNIK, J. 1985. Parent participation in the schools: are the benefits worth the burdens? *Phi delta kappan*, 66(6):433. Feb.

KILIAN, P.W. 1990. Die bestuursrol van die hoof ten opsigte van ouerbetrokkenheid. Potchefstroom. (Skripsie (M.Ed.) - PU vir CHO.)

KRITZINGER, J.T. 1984. Die wese, aard, benutting en bevordering van ouerbetrokkenheid by die onderwys. *Die Unie*, 81(3):76, Sept.

- LEHRER, S.** 1981. Parent and teachers - what are they thinking. *NASSP- bulletin*, 65:443, Maart.
- LIEBENBERG, D.A.** 1985. Wat verag die skool van die ouers? *Die Unie*, 82(5):136-138.
- LONG, L.** 1982. Parents: the untapped resource. *Momentum*, 13(3):21, Okt.
- NEL, W.L.** 1982. Children suffer from tention. *SAOR bulletin*: 14, Sept.
- NIEMANN, G.S.** 1985. Die skool gaan huistoe. (*In Venster op die onderwys. Potchefstroom: PU vir CHO, Instituut vir Reformasiese studie p.56-62.*)
- MALOY, R. & SCRIBNER, H.** 1985. Parent involvement and the enabling of school reform. *Contemporary education*, 56(3):163-167, Spring. ☉
- MAREE, H.O.** 1991. Aktuele sake vir onderwysbestuurders. *Sinergie*, (1): 2.
- MARX, F.W.** 1981. Bedryfsleiding. Pretoria: HAUM.
- OOSTHUIZEN, I.J. & BONDESIO, M.J.** 1988. Die reg en die onderwyspraktyk. Pretoria: Academia.
- PAWLAS, G.E.** 1985. Improving public support: the answer is communication. *Childhood education*, 61(4):282-284, Mrt./Apr.
- PIETERSEN, H.** 1988. Beginsels van vraelyskonstruksie. (*In Couper, M.P., Smit, P.C., Stoker, D.J. & Strasheim, A. Inleiding tot opnamemetodologie. Pretoria : RGN. p.95.*)
- PISTORIUS, P.** 1970. Gister en vandag in die opvoedkunde. Potchefstroom: Pro Rege-pers.
- POSTMA, W.** 1987. Doelmatige ouer-onderwyserkontak: 'n fundamenteel-opvoedkundige presisering van ouer-onderwyserkontak. Potchefstroom: Pro Rege-pers.
- POSTMA, W.** 1990. Effektiewe ouer-onderwyservenootskap en kommunikasie as voorwaardes vir doeltreffende onderwys. *Die Unie*: 164-166, Des.
- PRINSLOO, J.G. & BECKMANN, J.L.** 1987. Die onderwys en die regte en pligte van ouers, onderwysers en kinders: 'n inleidende oriëntasie. Johannesburg: Lex Patria.

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING, 1981. Onderwysvoorsiening in die RSA. (Verslag van die hoofkomitee van die RGN-onderzoek na die onderwys, dl 9:53). Pretoria: RGN.

ROBBINS, S.P. 1984. Management. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

RSA.
kyk
Suid-Afrika (Republiek).

SAS INSTITUTE. mc. 1985. SAS user's guide. 5th ed. Cary : SAS Institute Inc.

SCHUTTE, B.C. 1984. As ouers maar geweet het. *Fokus*, 12(2):564-577.

SERGIOVANNI, T.J. & **STARRATT**, H. 1983. Supervision: human perspective. New York: McGraw-Hill.

SMITH, S.C., **MAZZARELLA**, J., & **PIELE**, P.K. 1981. School leadership: handbook for survival. *Eric clearing house on education management*, Oregon: Eugene.

SOLOMON, Z.P. 1991. California's policy on parent involvement: state leadership for local initiatives. *Phi delta kappan*, 72(4):359-362, Jan.

STONE, H.J.S. 1984. Onderwysersopleiding vir ouerbetrokkenheid. (Referaat. Ongepubliseer.) Pretoria.

STONER, J.A.F. 1982. Management. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

STROM, R.D. 1984. The home-school partnership: learning to share accountability. *Clearing house*, 57(7):315-317.

SUCHIARA, H.T. 1982. Parents and teachers: a partnership. *Childhood education*, 58(3): 130-133.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1907. Smuts-onderwyswet, no 27 van 1907. Staatsdrukkery: Pretoria.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1967. Wet op Nasionale Onderwysbeleid, no 39 van 1967. Pretoria: Staatsdrukkery.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983. Kindersorgwet, no 74 van 1983. Pretoria: Staatsdrukkery.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1983. Witskrif oor Onderwysvoorsiening in die RSA. Pretoria: Staatsdrukkery.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1984. Wet op die Nasionale Beleid vir Algemene Onderwysake, no 76 van 1984. Pretoria: Staatsdrukkery.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1986. Wysigingswet op Nasionale Onderwysbeleid. Pretoria: Staatsdrukkery.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1988. Wet op onderwysaangeleenthede. Wet 70 van 1988. Pretoria: Staatsdrukkery.

SUID-AFRIKA (Republiek). 1990. Regulasies betreffende die Wet op onderwysaangeleenthede. (Wet 70 van 1988). (Regulasiekoerant nr. 4475.) Pretoria: Staatsdrukkery.

TAO

kyk

Transvaalse Afrikaanse Ouervereniging.

THIERON, A.M.C. & VAN STADEN, J.G. 1989. Die onderwysstelsel van die VSA. (In Dekker, E. & Van Schalkwyk, O.J. (*reds*). Moderne onderwysstelsels. Durban: Butterworths. p.397-439.)

TOD

kyk

Transvaalse Onderwysdepartement.

TRANSVAALSE AFRIKAANSE OUERVERENIGING. 1989. Grondwet, handleiding en algemene inligting. Pretoria: TAO.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTMENT. 1986. Handleiding vir algemene skoolorganisasie. Pretoria: TOD.

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT. 1991. Samestelling van bestuursrade. (*Omsendbrief*, 1991: 7.)

TRUTER, D.B. 1989. Die onderwysstelsel in die USSR. (In Dekker, E. & Van Schalkwyk, O.J. (*reds*). Moderne onderwysstelsels. Durban: Butterworths. p.165-203.)

VAN DER VYVER, J.D. & JOUBERT, D.J. 1980. Persone- en familiereg. Johannesburg: Juta.

VAN DER WALT, J.L., DEKKER, E.I. & VAN DER WALT, I.D. 1985. Die opvoedingsgebeure: 'n Skrifmatiese perspektief. Potchefstroom: PU vir CHO. (Instituut vir Reformatiese studie, F3, nr 18.)

VAN DER WESTHUIZEN, P.C., red. 1986. Onderwysbestuur: grondslae en riglyne. Pretoria: HAUM.

VAN DER WESTHUIZEN, P.C., red. 1990. Doeltreffende Onderwysbestuur. Pretoria: HAUM.

VAN LOGGERENBERG, N.T. 1985. Ouerbegeleiding. *Die Vrystaatse onderwyser*, 75(9): 269.

VAN RENSBURG, A.G.J. 1991. Motivering en kommunikasie. (Lesing gelewer op 21 Junie 1991 as deel van die Simposium vir nuutaangestelde hoofde van die Transvaalse Onderwysdepartement.) Pretoria. (Ongepubliseer.)

VAN SCHALKWYK, O.J. 1981. Fokus op die onderwysstelsel. Pretoria: Butterworths.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1983. Ouerbetrokkenheid by die onderwys. Pretoria: NG Kerkboekhandel.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1987. Die onderwysstelsel: teorie en praktyk. Alkanto: Alkanto-uitgewers.

VAN SCHALKWYK, O.J. 1990. Ouerbetrokkenheid: 'n handleiding vir die onderwyser. Alkanto: Alkanto-uitgewers.

VAN SCHALKWYK, O.J. & VAN STADEN, J.G. 1989. Die onderwysstelsel in die VSA. (In Dekker, E. & Van Schalkwyk, O.J., red. *Moderne onderwysstelsels*. Durban : Butterworth. p.15.)

VAN WYK, J.G. 1982. Onderwysreg vir die onderwyser. Johannesburg: H&R-Academica.

WAGSTAFF, L.H. & GALLAGHER, K.S. 1990. Schools, families, and communities: idealized images and new realities. (In Cunningham, L.L. & Mitchell, B., red. *Educational leadership and changing context in families, communities, and schools*. Chicago, Ill: The National Society for the Study of Education. (Yearbook 89.) p.91-117.

WALBERG, H.J. 1984. Families as partners in educational productivity. *Phi delta kappan*:397-400, Feb.

WALKER, P. 1986. Parent's rooms in primary schools: philosophy and management. *Education today*, 36(1):37-53.

WALLING, D.R. 1982. Complete book of school public relations: an administrator's manual and guide. Englewood Cliffs: Prentice Hall.

WARNER, I. 1991. Parent in touch: district leadership for parent involvement. *Phi delta kappan*, 72(4):372-375, Jan.

WATERS, D. 1983. Responsibility and promotion in the school. London: Heinemann Educational Books.

WEST, P.T. 1985. Educational public relations. London: SAGE.

BYLAE 1

TOESTEMMINGSBRIEF VAN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT



DEPARTEMENT VAN ONDERWYS EN KULTUUR
DEPARTMENT OF EDUCATION AND CULTURE

ADMINISTRASIE: VOLKSRAAD
ADMINISTRATION: HOUSE OF ASSEMBLY

TRANSVAALSE ONDERWYSDEPARTEMENT
TRANSVAAL EDUCATION DEPARTMENT
BURO VIR ONDERWYSNAVORSING

Navrae:
Enquiries:
Verw.:
Ref.:
Tel.: (012)

Dr. P.W. Möller
TOA 9-7-2/148/91
317-4057

TOD-gebou
TED Building
Privaatsak X76
Private Bag X76
PRETORIA 0001

